

Basic Instinct, 32. Amargisme, 27. Volkstaters, 15-17.

# W W W B

Vrye Weekblad

N° 182

10 - 16 JULIE 1992  
R3,00 (BTW INGESLUIT)

# van stof tot stof

Vrede-armband  
is Zola se  
geheime wapen

The leaks in the logic  
of the leaked ANC  
documents

Volkstaters  
stel hul saak




*Basic Instinct*: not much soul,  
but it gives great head

GRAHAMSTOWN SPECIAL




# INHOUD N° 182



9 SUID-AFRIKA WORD IN DIE GESIG GESTAAR DEUR EEN VAN DIE ERGSTE DROOGTES NOG. IN SOMMIGE GEBIEDE IS DIT DIE DROOGSTE SEDERT DAAR BEGIN IS OM REËNVALSYFERS IN 1921 OP TE TEKEN. VERAL TRANSVAAL, NOORD-VRYSTAAT EN OOS-KAAPLAND KRY DIE SWAARSTE. ESMA ANDERSON, CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN EN CHRISTELLE TERREBLANCHE STEL ONDERSOEK IN

15 DIE DROOM VAN 'N AFRIKANERLAND. DIS APARTHEID SE SKULD DAT AFRIKANERS GEEN EIE VOLKSTAAT HET NIE, SKRYF PIETER BRUWER, VOORSITTER VAN DIE ORANJEWERKERS. HY VERDUIDELIK WAAROM DIE VOLKSTATERS SO AANDRING OP 'N EIE GRONDGEBIED EN HOE HULLE MEEN DIT KAN LYK



19 HOSTELLE: VESTINGS VAN VREES. DIE MENSESLAGTING BY BOIPATONG HET DIE KOLLIG WEER EENS OP DIE HELE KWESSIE VAN HOSTELLE LAAT VAL. SOWEL DIE GOLDSTONE-KOMMISSIE AS DIE ANC HET REEDS HUL KOMMER UITGESPREEK OMDAT DAAR OËNSKYNLIK NIE VORDERING BY DIE REGERING IS IN HUL VOORNEME OM DIE HOS-

TELLE UIT TE FASEER NIE. DIT IS NOU DRINGEND TYD DAT IETS AAN DIE SAAK GEDOEN WORD, SKRYF INA VAN DER LINDE

24 PEARLIE OP DIE LANGPAD. IN HAAR OMSWERWINGE HET PEARLIE JOUBERT BY TOMBO IN TRANSKEI UITGEKOM EN DIE MENSE DAAR SE BIER, SKAAPVLEIS EN RITUEEL MET HULLE GEDEEL

35 GRAHAMSTOWN FESTIVAL SPECIAL. KATHY BERMAN SPEAKS TO PIETER-DIRK UYS AND WALLY SEROTE AND GIGGLES AT A GAGGLE OF COMEDIES IN GRAHAMSTOWN



## AKTUEEL

5 THE LEAKS IN THE LOGIC OF THE LEAKED DOCUMENTS  
8 DIE 63E SINODE VAN DIE HERVORMDE KERK

## INTERNASIONAAL

22 'N MOEILIKE TAAK VIR ECUADOR SE NUWE PRESIDENT  
23 DIS 'N BEVEL: WERKERS VAN CHINA, KOMPETEER!

## MENSE

13 VIR BITTERHEID IS DAAR NIE PLEK NIE, SÊ POPO MOLEFE

## SPORT

7 WEAR YOUR HEART ON YOUR SLEEVE, SAYS JEFF ZERBST

## PLACES

HAMILTON WENDE VISITS SUDWALA

## BOEKE & FIKSIE

18 LIBERTYN SKRYF OOR DIE WOND EN ANDER VERHALE  
26 SHORT STORY: MEETING MR EICHMAN BY MAGGIE DAVEY  
27 RYK HATTINGH BESPREEK 'N NUWE BOEK OOR DIE ANARGISME

## RUBRIEKE EN MENINGS

4 BRIEWE VAN ONS LESERS  
14 BITTERGAL EN OOR OP DIE GROND  
30 CONVERSATION PIECE EN DIE SPORTRUBRIEK  
32 NETTIE PIKEUR EN PLANT 'N BOOM  
34 ELMARI RAUTENBACH OOR DIE WEEK SE TV

## KUNS EN VERMAAK

29 LOU REED IS DEUR PYN GETEMPER  
32 IVOR POWELL ON BASIC INSTINCT  
35 GRAHAMSTOWN OH GRAHAMSTOWN

## GIDSE

37 WATTER MOVIE WYS WAAR  
40 VRYE KEUSE

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:

Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.

POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.

TELEFOON: (011) 836-2151

FAKS: 838-5901.

KAAPSTAD-KANTOOR (021) 47 8819,

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879.

REDAKTEUR: Max du Preez

ASSISTENT-REDAKTEURS: Andrea Vinassa,

Ina van der Linde, Ivor Powell

SUB-REDAKTEUR: Fyk Hattingh

KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer

KULTURELE MEDEWERKER: Kathy Berman

ONTWERP: Anton Sassenberg

KAAPSE KANTOOR: Christelle Terreblanche

VERSLAGGEWERS: Pearlle Joubert, Esmá Anderson, Lucky Khuzwayo

REDAKSIE-ASSISTENT: Christi van der Westhuizen

FOTOGRAAF: Sarah Prall

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare

BESTUURDER (BEMARKING EN ADVERTENSIES): Lillie van der Walt

ASSISTENT FINANSIËLE BESTUURDER: Louwrens Potgieter

ONTVANGS: Irene Zulu

KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Moetsi, Vernon Zulu

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.

Vrye Weekblad kos R3,00 (BTW ingesluit), Dikkos R110 (BTW en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R60 (BTW ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopsbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenaars is by navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Lillie van der Walt of Irene Zulu by (011) 836-2151.

# SO SÊ HULLE

"Ons is nie 'n klomp waansinniges wat massa-optrede beplan omdat ons konflik in die land wil veroorsaak nie. Ons streef sekere oogmerke na en glo dit moet deur onderhandeling met die regering bereik word. As daardie oogmerke bereik word, is daar sekerlik geen rede vir massa-optrede nie."

JAY NAIDOO, hoofsekretaris van Cosatu.

"Ek is teleurgesteld dat die ANC ons land in verdere tragiese lewensverlies wil insleep net om toegewings by onderhandelinge af te dwing. Massa-optrede is 'n resep vir anargie. Indien die ANC so voortgaan sal daar 'n burgeroorlog wees."

Hoofminister MANGOSUTHU BUTHELEZI van KwaZulu.

"The life of human beings is very short. We are all going to die. Why should we cling to so much power?"

Algerian president MUHAMMAD BOUDIAF, seconds before being assassinated.

"Ons glo nie dat jy een spesie moet opoffer ter wille van 'n ander nie. Niemand het die bobbejaan gevra wat hy dink nie."

VSA diereregte-aktivis IRENE SIMKO oor die oorplanting van 'n bobbejaan se lewer in 'n sterwende man.

"Who wants to chew gum with the wrapper on?"

ZOZO, a "jumpyjumpy" as promiscuous men are called in East Africa, on his reluctance to use condoms.

"Ons het honderde oproepe gekry van mense wat vrywilligers wil wees vir die drink-toets, maar baie min vir die rugter toetsing."

DR LAWRENCE BARIT van Drive Alive wat op 21 Julie hul 'Project Rid' (Remove Intoxicated Drivers) - 'n reeks drink en bestuur toetse om die effekte van alkohol op bestuursvermoë te toets - by Kyalami hou.

"It was only when dead bodies of soldiers started coming back that they admitted they were in Angola."


ANC's president NELSON MANDELA in Ennordale township on the instances where, without immediate evidence, the government had been involved in war without wanting to admit to it.



Dov Fedler in The Star

# HET JY GEWEET?

In die uitbarstings van die vulkaan Pinatuba in die Filippyne op 12 en 13 Junie verlede jaar is 435 mense dood. Die ergste bekende vulkaanramp is die uitbarstings van Krakatua in Indonesië tussen 26 en 28 Augustus 1883 - 35 000 mense is dood. Ander vulkaanramp waarin meer as 10 000 mense dood is: Berg Vesuvius, Italië in 79 (16 000 dood), Berg Etna, Italië in 1169 (15 000 dood), Etna in 1669 (20 000 dood), Berg Unzen-Dake, Japan in 1792 (10 400 dood), Tamboro, Java in 1815 (12 000 dood), Berg Pelée, Martinique op 8 Mei 1902 (30 000 dood), en Nevado del Ruiz, Colombië op 13 November 1985 (22 940 dood).



# VRYDAGOGGEND MET MAX DU PREEZ

## ONS HET NOG NET 'N PAAR WEKE OOR

IN die eerste week in Augustus begin Cosatu se nasionale staking. Dit gaan sonder twyfel lei tot verdere polarisering, radikalisering, ekonomiese insinking, werkloosheid, frustrasie en, onvermydelik, geweld.

Ons moet dit ten alle koste probeer voorkom. Gesonde konflik en 'n konsolidering van volgelinge is een ding, maar die wonde aan ons nasionale psige is nou besig om septies te raak.

Ons is op die oomblik besig om al die goeie werk sedert Februarie 1990 ongedaan te maak. Dit was so 'n moeilike proses om die jarelange demonisering van die ANC in wit oë en van die NP in swart oë om te draai, en die laaste paar maande is ons juis weer aktief besig met 'n nuwe demonisering.

Ons moet binne enkele weke óf terug wees by die onderhandelingsstafel, óf ten minste 'n ooreenkoms hê tussen die groot partye dat die retoriek, mass action en dreigemente moet staak en dat na onderhandeling teruggekeer gaan word.

Die vraag is: wie gaan die eerste skuif maak wat die kraaines gaan ontgryp? Want daar moet die een of ander gebaar of daad of stelling wees wat die situasie gaan ontloot - of 'n reeks gebare.

Ek glo dié gebaar sal van Staatspresident FW de Klerk moet kom. Deels omdat die huidige dooiepunt weens die regering se halsstarrigheid in Kodesa ontstaan het, maar veral omdat Nelson Mandela se constituency dit onmoontlik maak dat hy nou gesien sal word om die eerste toenadering te maak.

(So van constituencies gepraat: dit is tragies om te sien hoe die leierskap van die NP en ANC deesdae geen respek meer het vir die ander se probleme met constituencies nie. Die NP/regering vertoon 'n totale gebrek aan begrip vir die teenstand wat die ANC-leierskap tot dusver uit die meer radikale elemente van hul constituency kry oor onderhandelinge en probeer soms selfs aktief om die ANC-leiers teen hul volgelinge af te speel. Die ANC is op sy beurt weer so geesdriftig op die militante spoor dat heelwat goed gesê en gedoen word wat nie veel meer beteken as dat dit bevreesde witmense laat sê: ons het mos gesê die ANC kan nie met onderhandelinge vertrou word nie.)

WATTER GEBAAAR DIT is wat De Klerk sal moet maak, is moeilik om te sê. Wat 'n mens wel kan sê, is dat dit iets wesenliks sal moet wees; iets wat die swart gemeenskap sal laat voel dat dit nie net nog praatjies en Boereverneukery is nie. De Klerk is slim en ervare genoeg om dit só te doen dat dit na staatsmanskap eerder as kapitulasie sal laat lyk in die oë van konserwatiewe witmense.

De Klerk sal nie wegstom met minder as 'n voldoening aan minstens 'n hele paar van die ANC se voorwaardes vir 'n terugkeer na onderhandeling nie. Dit behoort nie te moeilik te wees nie, want die eise is nie een onredelik nie en meestal nie te ver van die verklaarde posisie van die regering self nie.

Maar 'n mens wil meer as net toegewings aan eise hê. Ons het 'n gebaar nodig wat ook simbolies vir die nasie sal sê ons kan weer hande vat en aanstap. En ons het iets nodig wat die vertroue in die polisie ingrypend sal verhoog.

(Ons land se beste "fasiliteerders" soos Van Zyl Slabbert en Oscar Dhlomo is nie gebruik om die eerste ronde onderhandelinge te bewerkstellig nie. Is daar nie dalk nou vir hulle 'n rol om die vertroue tussen die twee groepe te herstel nie?)

MAAR ONS MOET OOK nou al weet: wanneer ons weer 'n onderhandelingsforum gaan hê, kan dit nie 'n voortsetting van Kodesa wees nie. Kodesa is 'n kadaver.

Die nuwe forum moet oper en meer geloofwaardig wees en moet, as dit enigsins kan, die PAC en Azapo insluit. Die uitsluiting van dié twee groepe kompliseer onderhandeling en maak dit uiters moeilik vir die ANC om die noodsaaklike kompromieë aan te gaan.

Maar veral moet die nuwe forum oop wees sodat die publiek kan weet wat daar aangaan en dit daarom vertrou. Kodesa het die publiek laat voel asof dit 'n praathuis is waar die mooipraatjies gemaak word nadat die twee groepe wheelers en dealers van die regering en die ANC agteraf oor sekere goed ooreengekom het. Veral die swart gemeenskap het nooit die gevoel gekry dat dit in hul belang is nie.

Daar sal noodwendig nog 'n konfidensiële gekoukus wees oor sekere sensitiewe sake, maar ons wil die debatte daarvoor self aanhoor, want dit is die debatte wat ons as landsburgers onder mekaar voer.

EEN VAN KODESA se grootste swakplekke was dat die publiek nooit regtig geweet het wat daar aangaan nie. Ek het dit die laaste week getoets en vir mense - hoogs ingeligte, denkende mense - gevra wat hulle siening is van waar die ANC en die regering in Kodesa van mekaar verskil het en wat tot die dooiepunt gelei het. Niemand kon regtig sê wie het waar gestaan oor 'n verkose grondwetgewende vergadering al dan nie; wat die verskillende sieninge was van 'n oorgangsregering; en waaroor die geveg oor die 75 persent meerderheid werklik gegaan het nie.

Dit is natuurlik deels die media se skuld. Die ou siekte: groter sirkulasie en wins ten alle koste, en weeklikse ontledings van Kodesa is nie juis populêre kopie nie.

Nie alle burgers stel belang in die binnewerkinge van Kodesa nie. Soos in enige land is daar die groot groep mense wat nie juis in die besonderhede van die politiek belangstel nie. Maar daar is 'n belangrike deel van die bevolking wat wel belangstel, en hulle is die mense wat die openbare mening vorm.

Hoekom kan ons nie die verrigtinge van Kodesa op TSS uitsaai vir die wat intens daarin belangstel nie? En dan kan ons die hoogtepunte op 'n gereelde grondslag op TV1 en CCV en die verskillende radiostasies uitsaai.

Ons vertrou nie meer ons politici nie. Ons wil nou alles weet wat hulle namens ons aanvang.

## Wat het verkeerd geloop?

**Hendrik Jaars van Helderdal skryf:**

In Max du Preez se rubriek, Vrydagoggend, sê hy "...die meeste Suid-Afrikaners het in die laaste jaar of twee in 'n droomwêreld van wensdenkery gelewe" (VWB 26 Junie - 2 Julie). Du Preez gaan verder: "Dié van ons wat gedink het die NP en die regering was ernstig om deel te word van 'n werklike demokratiese bestel, moes tot ons ontsteltenis agterkom dit was weer lippetaal..." Hy is dalk reg. Hy het iets aangewakker wat ek 'n geruime tyd reeds met mense bespreek.

Dis nou duidelik dat Kodesa 'n kolossale mislukking was. Daardie truuk van die regering in Werkgroep 2 is weer eens 'n bewys dat die regering gewoon is om sy vuus op die tafel te slaan en 'n ding deurvoer as hy hom deurgevoer wil hê. Die vernaamste rede vir die mislukking van die onderhandelingsproses is De Klerk se oënskynlike dubbele agenda. Sy verslaaftheid aan die groepsgebod en sy agente wat swartmense afmaai en vermink net omdat hulle swart is, plaas 'n groot vraagteken op die onderhandelingsproses.

Dit sigself bewys hoe laag die regering kan daal om politieke mag te behou. Die twispunt in Werkgroep 2 strek verder as persentasies. Dit gaan daarom dat die regering nie wil hê dat 'n party wat 'n verkiesing wen die land moet regeer nie. Verkiesings word juis gehou sodat die volk 'n regering van hul keuse kan aanwys. Waar in die wêreld het die Nasionale Party se holruggeryde magsdelingspraatjies gewerk. In Ierland het dit chaos veroorsaak juis omdat diegene wat verloor het in die verkiesing ook die land moet regeer. Wat egter onbetwisbaar is, is dat De Klerk en sy Nasionale Party Suid-Afrika in 'n oorlewingskrisis gedompel het.


Die regering se onvermoë om geweld te beëindig het intense woede en frustrasies van swartmense aangewakker. Daar is beslis 'n derde mag in Suid-Afrika. Hoewel daar heelwat teenstand is van die regering en sy slaafse media, moet dit duidelik gestel word dat 'n derde mag nie 'n leier met 'n party en 'n kantoortjie beteken nie.

Nee, die vraag is watter middele gebruik die regering teen sy politieke opponente? Fyn ontledingswerk van die polisie se optredes daaglik is nodig. Selfs dan sal ons by 'n derde mag uitkom. Enige regering wat glo in morele waardes sou ná die Boipatong-slagting bedank het.

Die probleem wat aangespreek moet word, is nie in die eerste plek die ongemagtigde optrede van 'n paar enkelinge nie, maar wat in ons owerheidstelsel verkeerd geloop het dat moord en terreur op so 'n skaal gepleeg kan word deur werknemers van die regering of dan met stilswyende goedkeuring van belangrike persone in die staatsbestel. Daar kan nie vertrou in die bona fides van die regering en die polisie bestaan solank niks doeltreffend gedoen word om die moorde van Mathew Goniwe, David Webster, Griffiths Mxenge, Dulcie September, Anton Lubowski, Bheki Mlangeni en baie ander op te los nie.

De Klerk is besig om staatsterreur toe te smeer. Met sy regering se lang rekord van bedrog en moord en politieke leuens, glo hulle beslis nie in beskaafde standaarde en morele waardes nie.

Daarom moet ons begrip hê vir die ANC se massa-optrede. Dit is die enigste demokratiese uitweg.



## Geblinddoekte FW het geskok

**JB du Toit van Stellenbosch skryf:**

Sedert sy eerste uitgawe was ek nog altyd meer as net geïnteresseerd in WVW as "onafhanklike nuustydskrif" se beriggewing en kommentaar. Want by wyse van spreke het julle nie geskroom om sonder handskoene veral die regering en die hele sogenaamde Afrikaner-establishment aan te pak oor alles wat onregverdig, korrupt en onheilig in ons land sou wees nie. In dié tyd van grootskaalse verandering en hervorming het ons ook julle soort in-diepte ondersoeke en verslaggewing nodig.

Na aanleiding van die uitgawe van 26 Junie - 2 Julie, het ek egter ernstige bedenkinge oor WVW se "onafhanklikheid" as ontleder en kommentator oor die geweld en onderhandelingskrisis in ons land. Want vanaf die voorblad tot deurgaans in die berigte en kommentaar rondom die Boipatong-slagting, word net op die regering, die veiligheidsmagte, die polisie en Inkatha se vermeende aandeel in die gebeure klem gelê. Maar myns insiens die skokkendste van alles - vanuit die oogpunt van 'n blad wat voorgee om "onafhanklik" te wees - was die voorstelling van Staatspresident FW de Klerk wat geblinddoek sou wees of nie die waarheid wil sien nie. Is dit dan net die regering en De Klerk (insluitende die polisie en veiligheidsmagte) wat in die hele aangeleentheid van etniese konflik en 'n magstryd in ons land, nie oor die wil of vermoë sou beskik om weer 'n vreedsame en regverdigde samelewing tot stand te bring nie?

Dit is hoogtyd dat julle in jul ywerige pogings om "verskuilde agendas", "derde magte", korrupsie en oneerlikheid te ontbloot, ook meer

"onafhanklike" soort joernalistiek openbaar. In plaas van die voortdurende en byna uitsluitlik kritiese en siniese kommentaar oor alles, kan u gerus 'n slag meer positiewe en konstruktiewe idees publiseer.

Saam met Derek Bock van Hennopsmeer wil ek ook ten slotte vra: Indien daar in die toekoms 'n nuwe regering aan die bewind sou kom wat u ondersteuning geniet, sal u steeds die wandade uitwys? Of sal u dan steeds die universele komplekse probleem in verband met etniese verskille, konflik en massale verstedeliking op 'n simplistiese wyse voor die deur van apartheid lê? Soos die res van Afrika steeds die probleme van onderontwikkeling as die gevolge van Westerse kolonialisme afmaak?

## Vrot Verwoerdian ideology

**Herman Lategan of Green Point writes:**

In WVW (3 - 9 July) two local soccer fans blatantly threatened your sports correspondent by telling him that disloyal journalists will not be tolerated in the new South Africa.

I find this conservative attitude towards people that one does not agree with unacceptable and pathetic. Such intolerant behaviour towards others is very much part of the old South Africa and it reeks of archaic and "vrot" Verwoerdian ideology. Is this what journalists will have to cope with in the NSA and what exactly do the two gentlemen have in mind when they threaten Tim Sandham?

Will they neclace him, panga him or a la Stompie just moer him until he dies like a dog? Of course one could even put him in detention without trial, seeing that this has also been accepted at Codesa as an acceptable practise in the NSA.

One is left with the feeling that true democracy will only be a dream in this country and until it is achieved (probably not even in the next ten years) one can only think of what Bette Davis said in the movie, *All about Eve*: "Honey! Fasten your seatbelt, it's gonna be a bumpy night."

## Doen ervaring op

**Carl Barnard van Houghton skryf:**

Wanneer die emosionele issue rondom homoseksualiteit openlik die lig sien in korrespondensie (VWB Briewe 19-25 Junie) tussen die gays en die nie-gays, kan ek kopskuddend lees en net wanhopig raak oor hoe oningelig en eng-verknog-aan-'n-nie-modeme-boek, jammerboek, die Daniël Heese blyk te wees.

Dit is juis as gevolg van houdingsprobleme soos syne dat vele gays onder gedurige kunsmatige spanning moet lewe en daarmee saam die straight masker moet ophou. Hoeveel hy die gays ookal bejammer, haat, vrees en met die Boek wil regmoer, moet hy besef dat ons ongeveer tien tot vyftien persent van die bevolking uitmaak en sedert die begin van die geskiedenis 'n realiteit is - en dit sal beslis nie verander nie. Om gay te wees is geen keuse nie, maar slegs 'n feit soos 'n koei.

Waarom gays dan veronderstel is om gehoorsaam te wees, kan ek nie lekkerkleinkry nie, aangesien Paulus tog bekend is vir sy seksistiese flaters. (Onthou tog dat hy self nooit getrou het nie.) Toevallig het Christus self geen sulke onsinnige uitlatings gemaak nie, en dit is dalk nie toevallig nie. Moontlik vertoon Hy meer lewenswysheid as Heese,

wat hom uitlaat oor 'n onderwerp waarvan hy sekerlik te min weet. (Tensy hy dalk self gay is en sy ware aard onderdruk?)

My raad is dat alle homofobe tog net 'n bietjie meer lewenservaring moet opdoen, dieper moet delf in relevante literatuur en, hoe skrikwekkend die gedagte ook mag klink, dalk 'n gay persoon van dieselfde sosiale vlak moet bevriend. (Hulle is eintlik meestal nogal normaal.) Indien alle bogenoemde metodes geen kuur teweeg bring nie, stel ek musiekterapie voor: Rachmaninov, Tchaikovsky en Poulenc word sterkaanbeveel.

## Hou op preek

**J Coetzee van Empangeni skryf:**

Na aanleiding van Robyn Peters (VWB Briewe 19 - 25 Junie) se sensitiewe briefie, is ek, 'n normale man wat vroue verkies en dink seks met 'n man is iets onnatuurlik, is nou moeg om al ewig te lees hoe sensitief homoseksuele is oor enigiets wat hulle beeld wetend of onwetend mag skaad.

Die klomp moet nou ophou om vir ons sogenaamde heteroseksueles te preek oor hoe normaal en sensitief hulle is.

Hulle is te banggat om hulself by die naam te noem en speel met woorde om respek aan hulle dinge te gee. Hulle noem hulleself "gay". Gaan kyk 'n slag in die woordeboek wat beteken "gay". Hulle is te bang om hulself homo's of "moffies" of wat ook al te noem.

Wat beteken "nie-heteroseksisties" in elk geval? Dit sal dieselfde wees om 'n eerlike persoon wat nog nie gesteel het nie, "nie-kriminalisties" te noem. Dis tyd dat hulle ophou kern en tjank oor elke denkbeeldige of belediginkie.

Doen julle ding en los ons "nie-gay'stiese" mense uit.

## Kleindorpse onderrok hang uit

**Men A Joubert van Pretoria skryf:**

Ag jirre tog, Hermientjie! Jou brief (Hermien Basson in WVW Briewe 26 Junie - 2 Julie) het my omtrent 'n pyn gegoe. Jou kleindorpse, valse morele onderrok hang lelik uit.

Miskien moet ons jou help soek na Utopia, waar net Saartjie-boeke in die biblioteek is, waar geen vroue verkrag word, of blootgestel is aan seksuele geweld soos so baie vroue in Suid-Afrika nie, en waar politiek 'n eerlike Sondagskool-piekniek is.

Ons hoop jou kinders lees net die Huisgenoot. Beperk hulle asseblief tog tot Fanie en Melanie! Daar is natuurlik baie romantiek in date rapes wat die in-ding is op ons universiteite, honger, huislose kinders op straat en geweld en mense-slagting wat 'n alledaagse ding is.

Hermien, miskien moet jy uit jou hoë Ivortoring klim. Lees maar gerus nog 'n paar WVW's, dis ten minste één nuustydskrif wat nie in 'n Hollywood-soapielewe glo nie, en die Suid-Afrikaanse werklikheid vir ons gewone mense deurgee.

**BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE  
GENIET VOORKEUR.**

Rig briewe aan:

Die Brieweredakteur WVW

Posbus 177

Newtown

2113

# THE LEAKS

## IN THE LOGIC OF THE LEAKED DOCUMENTS

**A RASH OF CONFIDENTIAL ANC-ALLIANCE DOCUMENTS HAVE BEEN LEAKED TO THE PRESS OVER THE PAST WEEK. IVOR POWELL LOOKS A BIT MORE CLOSELY AT THREE OF THEM, WHILE HE WONDERS WHO IS PUNCHING HOLES IN WHAT IS ALREADY A SIEVE, AND WHY**

EVERY time the government comes under threat from the ANC and its allies, a steady stream of "confidential" ANC and SACP strategy documents flows from somewhere mysterious to the desks of the editors of the conservative press.

Said documents are sometimes fictional, they are sometimes irrelevant to the issue they are meant to address, they are usually twisted out of context - and they are always hysterically seized upon first by the press and then by government spokespeople as proof of the putatively secret (usually communist-inspired) and nefarious designs which lie beneath the ANC's affable exterior.

And as a result the government is perceived as being: fully justified in not acceding to ANC demands/not only justified but also duty-bound to institute clampdowns/less guilty than the ANC-alliance in not promoting democratic solutions/off the hook over one or other outrage in relation to which it is being brought to book/simply out of the hot seat, which is now in the same gesture occupied by the ANC alliance leadership.

The tactic is of course not one peculiar to the South African government (nor to the pro-negotiations leadership of the ANC which has used it with equal gusto in the past when their pre-eminence within the ANC alliance caucus was under threat). It is used by governments everywhere against their opponents - and by opponents against their governments.

But the recent spate of "exposés" regarding the supposed insurrectionary path being masterminded by the ANC and the SACP through their programme of mass action must be considered as scraping the bottom of the barrel...

OFFENDER NUMBER ONE in this regard was the progressive Weekly Mail, which last week under the banner headline, SHOW-DOWN, alluded to a secret ANC document which according to "Weekly Mail Reporter" gives the first clear indication of how the movement intends to bring the government down if it does not relinquish power". Included in the supposed ANC plan of action are various forms of economic terrorism, like disrupting communications

DRAFT PAPER FOR PRESENTATION TO  
SACP CONSULTATIVE CONFERENCE, 20 JUNE 1992

THE VIEWS EXPRESSED IN THIS PAPER DO NOT REPRESENT THE SACP OR ANY STRUCTURE OF THE ORGANISATION.

*This paper is being circulated now, despite its having certain weaknesses. It has not been possible to remedy these because of time constraints. It is hoped that a revised version will be available at the time of presentation. If not, it is hoped that the discussion at the conference will help improve on some of the analyses presented here.*

THE BOAT, THE TAP AND THE LEIPZIG WAY:  
A CRITIQUE OF SOME STRATEGIC ASSUMPTIONS IN OUR RANKS

[Please note - this is a draft discussion paper. For the moment it is an individual contribution. It does not represent the views of the SACP, the ANC or any section of these formations.]

services, deliberate sabotage of the general transport system by various means including the mobilisation of taxi-drivers to precipitate traffic foul-ups; prolonged general strikes; deliberate economic disruption. The goal of such activity, the document spelled out, was to lead to the breaking of the negotiations deadlock or even the total removal of the government from power. The thrust, the newspaper claimed, was to force the government to relinquish power and in this regard mention is made of the Leipzig option - popular action reaching such a pitch that it results in a total collapse of the ruling government.

Shock! Horror! Headline!

Or at least that would be the case if the document, with all its irresponsible, shoot-ourselves-in-the-national-foot militancy, did in fact reflect ANC strategy.

But it doesn't. In fact the document, while it does exist, has in various successive versions, been a source of some embarrassment and more amusement in most sectors of the ANC which have in fact been exposed to it - for the nearly two years it has been in existence.

Nor has it ever, as the Weekly Mail understands, "been canvassed at the highest levels of the ANC's leadership".

As it quite clearly says, the document (in its latest version, dated June 1992, but essentially the same as an earlier paper from 1990) is "by no means conclusive"

and merely claims to "raise a number of statements and considerations that need to be borne in mind".

And it is clearly stated at the end that it has been "prepared by the ANC Youth League National Campaigns Committee, Johannesburg" - a fact which the Weekly Mail nowhere feels it is incumbent to mention - and not by the ANC itself.

Now, as at least the senior journalists on the Weekly Mail know quite well, the ANC and the ANC Youth League are far from being the same thing, and their respective approaches to policy issues are seldom in step. Not only that, they themselves last year published an earlier "exposé" of one of the authors of the document, ANCYL leader Peter Mokaba, in which he was accused of being a police spy.

And the discussion paper, far from being canvassed at top leadership level, has in fact never been considered by the ANC's National Executive Committee at all. Approached for comment, spokesperson Gill Marcus (who sits on the NEC) told VWB she had never even read the Youth League document, and asked that we provide her with one in order that she might find out at first hand what it says.

WHILE ONE CAN ONLY assume that in some way a newspaper of the undoubted integrity of the Weekly Mail has somehow been duped into ascribing a status to the ANCYL draft paper that it simply does not have,

the same is unlikely to be true of Sunday Times editor Ken Owen's foray into the murky world of leaked documents at the weekend.

Owen's agenda is clear, and is spelt out in his concluding paragraphs. He invokes the Leipzig option again which is intended to "demoralise society and weaken the instruments of government to the point where power passes quite painlessly to the organised labour and its political allies" and on this basis argues: "That is why President De Klerk has, soberly but firmly, drawn his line in the dust. To yield now to the pressures of mass action, or to the anger of Boipatong, or to the concerns of business, would simply add momentum to the campaign. All he can do now is govern his way out of trouble."

What exactly governing his way out of trouble means, Owen does not specify. But surely in the face of such a threat measures like the imposition of states of emergency, large scale detentions, "firm" security forces action against protestors, that sort of thing, would be no more than what was demanded by the circumstances.

Owen's entire argument is as full of holes as it is essentially undemocratic as it is basically nauseating, but this is not the place to debate it. Instead let us look at how he arrived at his sweeping judgements, and here the key element is a "Draft Paper for Presentation to SACP consultative Conference, June 20 1992", which, he says, arrived on his desk under the signature of "Democratic socialists within the SACP".

The document is a genuine one - and in fact need not have been dispatched in such a cloak and dagger way: it has been widely circulated among SACP regional and local structures and is freely available on request. What makes Owen's explanation odd though, is the fact that it was authored not by those opposing the democratic socialist position in the SACP, but in fact by one of that position's major proponents.

Even odder is the fact that directly beneath the title which Owen quotes, there appears on the document the following in underlined capitals: THE VIEWS EXPRESSED IN THIS PAPER DO NOT REPRESENT THE SACP OR ANY STRUCTURE OF THE ORGANISATION.

Owen does not seem to feel the need to mention this, and blithely proceeds to note that "it is in circulation and it sets out views which are substantially echoed by spokesmen for Cosatu and by various other figures in the ANC alliance". Hence he arrives at the conclusion that "the possibility must be borne in mind that the campaign has a hidden as well as a public agenda" - which in turn is what demands that the government not give in.

He has also not read the document with very much attention to detail. While the phrases Owen chooses to quote, phrases like "mass struggle as a permanent feature of South African life" and "seizure and control of state power through a series of incremental steps" do in fact occur in the paper, the author yet acknowledges the centrality of negotiations as a means to realising a democratic society: "Essential to this issue

# BETOOG SÓ, SÊ KENNERS

## DIE MULTINASIONALE PANEEL OOR WETTIGE BEHEER OOR BETOGINGS IN SUID-AFRIKA HET GISTER IN KAAPSTAD SY EERSTE OPENBARE TERUGVOER AAN DIE GOLDSTONE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE GEGEE. CHRISTELLE TERREBLANCHE DOEN VERSLAG

'N UNIVERSELE verbod op die dra van wapens by betogings moet sonder uitsondering aanvaar word, sê prof Philip Heymann, voorsitter van die paneel.

Wat die optrede van die owerheid betref, sê hy: "Demonstrasies is daarop ingestel om mense te bereik, en kan daarom normaalweg potensieel ontwrigtend wees. Die idee is dat die minimum aanwending van mag te alle tye gebruik word om die ontwrigting te stop."

Die komitee lê die "reg tot protes" as 'n grondbeginsel vir sy aanbevelings neer en sê selfs ná die Boipatong-massamoord moet betogings in dié gebied toegelaat word.

Heymann, van die Harvard Universiteit in Amerika, is voorsitter van die groep van tien mense wat in April 1992 aangestel is om aanbevelings aan die Goldstone-kommissie te doen oor maniere om demonstrasies en betogings te hanteer teen die agtergrond van die eiesoortige omstandighede in die land asook die metodes wat in ander lande as aanvaarbaar beskou word.

Die komitee se aanbevelings raak drie aspekte: die gebeure wat 'n betoging voorafgaan; die gebruik van mag in die polisiëring van demonstrasies; en die organisatoriese en opleidingsimplikasies van die aanbevelings.

Die paneel se grondbeginsels in die aanbevelings behels die reg tot protes en die fasilitering daarvan, die onderverdeling van verantwoordelikhede vir 'n betoging deur drie partye (die organiseerders, die polisie en die plaaslike owerheid), onderhandeling en 'n ooreenkoms oor koördinerende deur die drie partye en die "uiterste beheersing in die aanwending van mag", met 'n feitlik totale weerhouding van dodelike mag (lethal force).

Heymann maak melding van die "sorgwekkendste gebruik van dodelike mag in SA" en beveel ook onderhandelings tussen die drie partye tydens 'n betoging aan.

Die komitee het ander lande met die probleme van "endemiese en epidemiese geweld", soos Noord-Ierland, geraadpleeg in sy ondersoek.

Onder die aanbevelings is 'n sterk argument deur die komitee dat die gebrekkige toerekenbaarheid van die polisie in Suid-Afrika aangespreek moet word. "Reëls vir effektiewe polisiëring is nie baie effektief as dit nie gemonitor word nie", sê Heymann. "Daarom maak dit sin om magte te gee aan 'n stelsel van monitering." Die kommissie sien dit as 'n belangrike vorm van aanspreeklikheid en stel ook voor dat die pers by alle situasies toegelaat word, selfs al is dit gevaarlik.

Die komitee steun 'n voorstel deur die ANC dat monitering op versoek plaasvind en meen die voorstelle vir onderhandelinge vóór 'n betoging moet opgevolg word deur 'n oorsig ná die tyd waarin die moniteringsliggaam probleme en welslae uitspel. "Dit sal sowel die polisie as betogers help om uit ondervinding

te leer." Wat die polisie se rol betref, word kategorieë uitgespel dat uiterste geweld om 'n skare te beheer net in die grootste uitsondering gebruik mag word. Dit sluit maksimum nie-dodelike geweld, soos die gebruik van rubberkoeëls en donshael in.

'n Spontane betoging sonder kennisgewing of skending van ooreenkomste tel nie onder uitsonderings wat die gebruik van mag regverdig nie. Net wanneer die betogers self optree op 'n wyse wat die lewens van ander in gevaar stel, mag tot die aanwending van mag oorgegaan word.

Ten opsigte van "dodelike mag" beveel die komitee aan dat die polisie geen besondere magte kry buiten die gewone wetgewing wat stipuleer dat 'n individu ter selfverdediging dodelike mag kan aanwend, of ter beskerming van ander se lewens of baie ernstige geweldadige oortredings. Spesiale opleiding om skares te hanteer word vir die SAP aanbeveel.

Wat die reëlings vóór 'n betoging betref, beveel die komitee onder meer aan dat internasionaal-aanvaarde gebruik van kennisgewing (nie aansoek om verlof nie) aan die SAP en die plaaslike owerheid gegee word. 'n Hooggeregshof-appel kan in die tyd aangeteken word indien enige van die partye die betoging afkeur. Net enkele uitsonderings mag geld indien 'n betoging verbied word.

Teenstanders van die organiseerders behoort nie die reg te hê om 'n stokkie voor 'n betoging te steek nie, omdat dit op intimidasie kan neerkom. Betogers behoort ook die reg te hê om in "vyandelike" areas te protesteer.

Oor die vraag of 'n betoging wat daarop gemik is om haat teenoor 'n ander groep of persoon aan te stig, toegelaat moet word, is kennis geneem van ander lande se sanksionering daarvan. Die paneel het egter eenparig gemeen dat dit te gevaarlik vir die Suid-Afrikaanse situasie is. Die komitee het ook eenparig saamgestem dat aangesien betogings meestal deur die maglose en arm groepe in 'n land gehou word, die eis vir 'n verband deur die organiseerders nie sin uitmaak nie.

Regter Goldstone het in die begin van die openbare sitting sy standpunt herhaal dat die reg om te betoog veral belangrik is op 'n tydstip waarin die meeste Suid-Afrikanners geen alternatiewe vreedsame manier van politieke optrede het nie. "Terselfdertyd erken die kommissie dat in terme van politieke spanning, openbare betogings die potensiaal vir geweld inhou."

Goldstone beklemtoon ook dat sedert 2 Februarie 1990 duisende openbare betogings en optogte gehou is en dat geweldpleging net met 'n handjievol daarvan gepaard gegaan het.

Hy het gevra dat belanghebbende partye in die volgende week ten volle gebruik maak van die paneel se kundigheid en om voorleggings te doen, soos reeds ontvang van die meeste politieke organisasies. Lede van die publiek sal volgende Donderdag die kans kry om die paneel aan te spreek.

(economic reconstruction), as with Codesa, the NPA and many other processes is that we negotiate adversaries - either in the state alone or capital alone or capital and the state. But we negotiate with the understanding in all of these cases that the winning (of) our full demands is a process.)"

The paper also quite explicitly cautions against excessive zeal for the Leipzig option or the armed overthrow of the regime, and instead looks to creating a "deeper democracy" in which the people will be directly involved in governing; this is really what the paper is about, and if it has a hidden agenda, it is precisely to caution against rash and irresponsible militancy.

IF THE Weekly Mail and Ken Owen are in effect serving to do little more than whip up hysteria and reaction around the campaign of mass action, there is also a more devious end to the disinformation.

In the Sowetan this week, for instance, alleged minutes from a briefing given to Cosatu delegates on May 17 by ANC Secretary General Cyril Ramaphosa, were quoted to the effect that the ANC still believed that Codesa provided the only solution to this country's problems.

Codesa negotiations remained essential to ANC strategy, Ramaphosa is quoted as saying. Moreover, he claimed, it was the ANC who had precipitated the deadlock in Codesa 2 "so our people could see we are dealing with an enemy that will not give in easily".

Ramaphosa has since denied saying that there was no alternative to Codesa, and while acknowledging that the briefing took place also insisted that note be taken of the timing: the briefing took place before the hardening of ANC attitudes after the Boipatong massacre.

Ramaphosa, put on the line by anti-Codesa elements, was thus doing no more than saving face when he claimed the ANC had precipitated the Codesa deadlock; no more than wanting to save the negotiations day when he insisted on the ANC's continued commitment to Codesa.

As it happens, the Cosatu position, which has little patience with the way Codesa proceeded, is the one which currently holds sway, and the future of Codesa remains very much in jeopardy. But, sources confirmed, the issue is one which is still being debated within alliance structures, with opposing viewpoints not yet resolved into coherent policy.

BUT THIS IS NOT really the point. What needs to be asked here is why the minutes are suddenly made available now, nearly two months after the event.

There are two possible answers. One that the Sowetan or its source is desperately keen to impart some credibility to the increasingly discredited negotiating forum - thus the prestigious name of Ramaphosa in an overwhelmingly black-read newspaper.

The other is that somebody is trying to drive a wedge between Cosatu and the ANC and in the long run to manufacture divisions between the ANC and its allies.

We don't know how successful this will prove, nor how successful the opposing disinformation strategy of painting the ANC and its allies as raving revolutionaries.

The proof of the pudding will come in the first case if serious and debilitating divisions grow up in the ANC's alliance.

In the second, the issue is the moral high ground, and who occupies it. If the government can sell the idea of a dangerously out of control revolutionary mob waiting to storm the homes of innocent women and children, or alternatively wreck the economy, then it will appear justified in harsh clampdowns, in continued repression and in hanging onto the reins of power. Crucially it will regain some support - dangerously eroded in recent months - for its reform plans and the notion of power sharing.

But for the moment - and immediately this is more important - it can throw up a smokescreen between itself and the essential reasonableness of the demands on which the mass action campaign is being launched.

# WEAR YOUR HEART ON YOUR SLEEVE

**A WHOLE ARMBAND INDUSTRY IS WAITING TO BE BORN AND, QUITE OBVIOUSLY, IT WOULD HAVE TO BE NAMED ARMSCOR, SAYS JEFF ZERBST.**

**IMAGINE** it. Mikhail Baryshnikov dancing across the State Theatre stage sporting a Peace and Democracy armband in Swan Lake. Ten minutes later he interpolates a toyi-toyi in sympathy with the dying swan.

The above sounds odd, but in the future there will be no art or sport unaffected by politics and it now behoves everyone taking the field or the stage to conform to the expectations of the politicians.

Armband sloganeering has its pitfalls. The very principle of democracy insists that all ideologies should be permitted to be advertised by sportsmen and we could soon see plugs for crypto-fascism or perhaps the Swiss Canton system from the Free State rugby side.

Such dangers notwithstanding, armbands must be welcomed.

Transvaal rugby chief Louis Luyt, who is at his most eloquent and diplomatic when observing a minute's silence at his rugby ground, refuses to accept this. But he is wrong, he is wrong.

Citizen Luyt cannot even perceive that armband advertising has immense a-political potential. It should be pointed out to him that Jannie Breedt's biceps could do much for the fertilizer business, while Naas Botha, Cheese van Tonder and Bruce Fordyce could advertise condoms and thus help us contain the love-child population.

**YES, A WHOLE** armband industry is waiting to be born and, quite obviously, it would have to be named Armscor.

Sporting an Armscor armband could also prove a huge advantage to our Zola Pieterse in the forthcoming Olympics. Who can forget how Zola hooked Mary Decker-Tabb's legs out from under her in the 1984 Games? Equipped with her Peace and Democracy armband, Zola would now have other options.

It would, for example, surely not be difficult for her to loop her armband over an opponent's wrist and yank her sideways into the longjump pit. She could also tuck into second spot and then pull the armband over the frontrunner's eyes, causing her to flail helplessly and fall. Hopefully this would create a domino effect and the whole field would come crashing down, leaving our one-paced wonder a clear path to the gold.

Zola's participation would, of course, be courtesy of the ANC and one cannot help being overawed at their securing our re-entry into international sport. One must marvel particularly at the role played by Cde Mandela, who rescued the Cameroon tour and who has invited Ruud Gullit to play for Kaizer Chiefs.

Cde Mandela's efforts in the latter cause deserve especial praise because the Mandelas have not always had unqualified success with their football teams. But this is a

new South Africa and things may change.

**OF COURSE** now that he has seen his way clear to exerting his influence over overseas players, Cde Mandela should not stop now. There is every reason to suppose that he could persuade a host of world-class players to turn out regularly for South Africa and this could secure us a World Cup victory.

Players like Dennis Bergkamp and Marco van Basten would surely not disgrace our Democracy armband and they have the right names for us to pretend their grandfathers had fought at Mafeking or Magersfontein or somewhere.

Recruiting players from other countries is not as difficult as it sounds. South African striker Roy Wegerle, for example, is eligible to play for his native land, England, the United States and Germany. He also has fiancées primed in Armenia, Canada and Malaysia in case none of the above countries care to pick him.

So there is no reason why Diego Maradona, for example, should not turn out regularly for this republic at the invitation of Cde Mandela. Sure, we'd have problems with post-match dope-testing, but our officials could surely get hold of the piss-pot that Katrin Krabbe carries around with her.


There is no doubt that Cde Mandela could also influence someone like Monica Seles to hold grunting clinics for all our tennis players at Ellis Park. A grunting Wayne Ferreira wearing armbands advertising Democracy and Mieliepap would surely have blown Boris Becker away at Wimbledon.

It has been gratifying to see that the visiting football clubs have agreed to wear our armbands. There was never any doubt that Crystal Palace would agree to do so. The club, still reeling from allegations of racism against its chairman, have come out here to lay that ghost by playing against as many black players as possible. If the ANC and sporting bodies had asked Crystal Palace to play in red shirts with a hammer and sickle, they would have done so, believe me.

There is no disgrace in such a desire to be deemed pure.

**INDEED**, it is a privilege to be able to wear one's righteousness on one's sleeve. To be worthy of our Armscor armband, all future SA sportspersons should be obliged to take an ideology test. Those who don't know Vladimir Ilyich's birthday or how many lengths Joe Slovo does in the Ellis Park pool every Wednesday will be purged, or be forced to take the field in traitor's armbands and dunce's caps.

And woe betide national football coaches who put in



their CVs that they played alongside Puskas and Di Stefano in the 1960 Real Madrid XI, when instead they were orange peelers at Scunthorpe ... the vengeance of the ideological committee will be swift and terrible. Their faces will disappear from team photos forever and their bodies will turn up years later when the cement crumbles in the players' tunnel at FNB.

In the light of the above, all sporting and patriotic South Africans must surely agree that there are huge advantages in bringing ideological considerations to bear in the sporting and other spheres.

And even if you don't, it sure beats a moratorium. Doesn't it...

## SUMMIT MEETING ON STATE MURDER AND CORRUPTION

Venue: SHB5 Wits

Date: 13 July 1992

Time: 9.00 - 13.00

All organisations concerned  
about issue are urgently called  
on to attend this meeting.

Speakers: SACC, Cosatu, ANC, Nactu.

# 'ONS IS NIE ALMAL SO NIE'

**DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA (NHKA) HET PAS SY 63e KERKVERGADERING (SINODE) IN PRETORIA GEHOU. INA VAN DER LINDE HET DIT BYGEWOON OM VAS TE STEL HOE DIÉ KERK, MET SY RASSISTIESE ARTIKEL III-BEPALING DAT NET WITTES LIDMATE VAN DIE KERK MAG WORD, DEESDAE DINK**

DIE amptelike wapen van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) is 'n nuwe weergawe van die wapen van die ou Zuid-Afrikaanse Republiek, én dié van die Transvaalse Provinsiale Administrasie. Die leuse: Eendragt maakt magt.

Dit spruit uit die dae toe die Hervormde Kerk - soos die naasgrootste van die sogenaamde drie Afrikaanse susterkerke met sy bykans 200 000 lidmate in die omgangstaal bekend staan - amptelik in die grondwet erken is as staatskerk van die ZAR.

Ses jaar gelede, toe die Hervormde Kerk sy eufees gevier het, het prof Adriaan Pont, kwasterige hoogleraar in Kerkgeskiedenis van die teologiese skool aan UP, met swier vertel van die proses waarin die wapen heraldies aangepas is. Regs bo in die hoek op die wapen is 'n Boer met sy Roer. Maar in vroeër weergawes van die wapen verskyn die Boer soms met 'n graaf, ander kere met 'n geweer.

"Maar dank die Here, ons het besluit om die man met die geweer te behou," het Pont, self 'n man wat lief is vir 'n geweer, aan die Kerkvergadering verduidelik.

Die wapen van die Hervormde Kerk is ook simbolies van hoe die Kerk homself sien - 'n Kerk wat ontstaan het uit die Voortrekkers, die halsstarrige lotjie wat weggetrek het uit die Kaap omdat hulle nie van die Engelse bewind gehou het nie. Daarna het dit 'n Kerk geword wat hom ten volle vereenselwig het met die ZAR, met die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë, die blanke armoede-vraagstuk, die 1914-rebellie, en Afrikaner-nasionalisme.

Prof Jimmy Loader, Ou Testamentikus aan Unisa en Hervormde predikant, beskryf die Hervormde kultuur waaruit die Kerk gegroei het, só: Met tyd en die afstand wat tussen die Kaapse Kerk - wat in 1942 die naam Nederduitsch Gereformeerde Kerk aanvaar het - en die Transvaalse Kerk ontwikkel het, was daar nie net groot politieke verskille nie, maar het ook aansienlike teologiese verskille ontwikkel.

**OP TEOLOGIESE** gebied het die Kaapse Kerk weens die invoering van Engelse en veral Skotse predikante mettertyd in 'n rigting ontwikkel wat piëtisties of metodisties genoem kan word. Die hele Andrew Murray-tradisie het ontwikkel, wat gepaard gaan met "opwekkingsdienste, Hartjies vir Jesus, die noodsaak om 'n dag en datum van jou bekering te hê, en dit was vir die Hervormers onaanvaarbaar", sê Loader.

Die Hervormers het begin om Hollandse predikante op groot skaal in te voer, veral

uit die Hervormde Kerk in Nederland. 'n Teologie het mettertyd ontwikkel wat Loader meen nou aansluiting vind by 'n stroming in die Hervormde Kerk in Nederland wat as die "etiese rigting" beskryf kan word. Dit is 'n nie-fundamentalistiese, indringend kritiese Skrifbeskouing, 'n waardering van die belydenisskrifte maar sonder om dogmaties te wees.

**DIE HERVORMERS** is deur die bank trots op hul teologiese erfenis wat dit vir hulle moontlik maak om nie aan die duivel te glo nie en om openlik van Hemelvaart as mitologie te praat.

Terselfdertyd is die Hervormers op politieke gebied ver-regs. Dit het gegroei uit die sterk vereenselwiging met die onafhanklikheidstrewes van die Transvaalse Afrikaners. Vandaar het 'n sterk teenkanting teen "Stellenbosch" en die Kaapse Kerk ontwikkel, wat gesien is as Engels-gesind en politiek-liberaal. Dit spruit onder meer uit die Kaapse Kerk se veroordeling van die Groot Trek en gebruik van predikante om die voornemende trekkers van die trek te laat afsien.

Selfs nadat die onafhanklikheid van die ZAR prysgegee is, was daar 'n duidelike politieke strewes vir sogenaamde Afrikaner nasionaliteit en 'n teenstand teen "geestelike ver-engelsing" via die Kaap.

Dis hierdie gees wat steeds in die Hervormde Kerk leef en wat maak dat steeds jaloers gewaak word oor 'n bepaling soos Artikel III en die volkskerk-gedagte waarvolgens elke volk sy eie kerk moet hê. Dis ook die gees wat verklaar waarom die Kerk die laaste aantal jare halsstarrig weier om deel te neem aan ekumeniese gesprekke soos die Rustenburg-beraad, en die beswaar teen die "aanstootlike" gebede by Kodesa.

Dis nie 'n Kerk wat doekies omdraai nie. Mense soos Pont is bekend vir hul brute politieke uitsprake. So skryf hy byvoorbeeld in die Gedenkalbum van die Kerk: "Ons Kerk sou tot sy ontugtering, moes leer dat kommuniste en Engels-Amerikaanse liberaliste van die begin af die liggaam (die Wêreldraad van Kerke) geïnfiltreer en beheer het. So het dit gebeur dat die WRK geleidelik vervlak het tot 'n internasionale kerklik-politieke drukgroep wat veral die oogmerke van die internasionale kommunisme dien."

Uitsprake soos dié wemel in die kerklike tydskrif *Die Hervormer* en ander geskrifte van die Kerk.

**MAAR MET DIE** jongste sitting het geblyk dat selfs die omgekrapte Hervormers nie onaangeraak is deur wat in die land aan



Prof Adriaan Pont

'n Spotprent waarin Paul Kruger "Dopper council" aan twee twistende ganse gee

die gebeur is nie.

Met die afgelope sitting was Art III weer ter sprake. Die Ring van Dorstrand in Namibia het gevra om vrygestel te word van die bepalings van Art III omdat dit in stryd is met die grondwet van die land om aan iemand op grond van sy ras lidmaatskap van 'n assosiasie te weier. Die versoek is toegestaan, maar die voorsitter, dr Daan van Wyk, wou nie 'n voorstel van Loader dat Art III geskrap word, ter tafel neem nie.

Oor Art III sê Loader, een van die klein minderheid in die Kerk wat sterk teen dié bepaling gekant is: "Die bepaling is deur en deur rassisties. Ons sê die lidmaatskap van die NIHK is beperk tot blankes, en motiveer dit deur te sê dit gaan oor taal en kultuur en nie oor ras nie. Maar terselfdertyd sit daar in ons swart kerk, die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, mense met allerlei tale wat mekaar nie verstaan nie. Verder sou nie-wit Afrikaanssprekendes onwelkom wees in ons kerk."

**UIT 'N GESPREK** met Van Wyk blyk dit dat selfs die Hervormde Kerk besig is om diep oor die bepaling te dink. Hy sê: "Art III het daartoe gelei dat die hele kerkwet op die oomblik hersien word. Art III is nie van die tafel af nie. Ons wou nie nou daarvoor praat nie omdat ons besig is met die deurgroondige hersiening van die hele kerkwet wat nog geskoei is op besluite van 1951.

"Ons kom met 'n hele nuwe benadering.

Art III is 'n beleidsaangeleentheid en nie 'n belydenis nie. As dit 'n belydenis was, sou ons bereid wees om daarvoor te ly, maar ons gaan nie brandstapel toe oor Art III nie. Die doel van Art III is om die sendingwerk te dien, en indien dit nie meer daardie doel dien nie, moet ons weer daarvoor dink.

"Ons is nie doelbewus besig met herposisionering nie - maar om voor te gee dat ons denke en planne nie beïnvloed word deur wat rondom ons aangaan nie, is nie waar nie. Ons moet kennis daarvan neem en ons beleid vorentoe daarvolgens formuleer."

In die gange word gefluister dat Art III oor drie jaar heeltemal uit die kerkwet gelaat sal word. Dit beteken nie noodwendig dat die Hervormde Kerk 'n oop struktuur gaan hê of dat hulle die volkskerkgedagte gaan laat vaar nie.

Alan Paton het by geleentheid gesê die Hervormde Kerk is nie in die ware sin van die woord kerk nie. "It is an organisation of stiff-necked, unloving people who have long since said goodbye to religion and morality."

Uit 'n verslag op die Kerkvergadering het dit duidelik geblyk dat die besef by die Hervormers begin deurdring dat hul beeld in die swart gemeenskap uiters swak daar uitsien. Dit wil amper klink of 'n groeiende groepie Hervormers aan Paton wil sê: "Ons is nie almal so nie."



# DIE LAND SE MENSE LOOP MET DIE DORS IN HUL JASSE

DIE DROOGTE WAT VERAL DIE SOMERREËNVALSTREKE VAN SUID-AFRIKA TEISTER, IS IN BAIE GEBIEDE DIE ERGSTE IN 71 JAAR. IN VENDA VERSKAF OPERASIE HONGER KOS, MAAR DIE MENSE KAN DIT NIE EET NIE WANT DAAR IS NIE WATER OM DIT IN TE KOOK NIE. ESMA ANDERSON EN CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN STEL ONDERSOEK IN NA DIE OMVANG VAN DIE DROOGTE EN KOM, SAAM MET DIE ANONIEME DIGTER, TOT DIÉ GEVOLGTREKKING: "DIE LAND LÊ MET GEBARSTE LIPPE. DIE WIND HAAL STOF ASEM EN MENSE LOOP MET DIE DORS IN HULLE JASSE."

SUID-AFRIKA word deur een van die ergste droogtes nog in die gesig gestaar. In sommige gebiede is dit die ergste droogte sedert daar begin is om reënvalsyfers in 1921 op te teken. Veral die Transvaal, Noord-Vrystaat en Oos-Kaapland kry die swaarste.

Volgens prof Johan van Heerden van die Leerstoel Weerkunde en prof Will Alexander van die Afdeling Waterboukunde, albei van die Departement Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria (UP), is dié droogte veel ernstiger as wat aanvanklik gemeen is.

Maar dit geld nie net Suid-Afrika nie. Die hele Suidelike Afrika is tans in die wurggreep van dié droogte, met baie lande in 'n veel groter krisis as Suid-Afrika.

In 'n verslag waarin 'n hulpkreet om internasionale bystand vir die droogtegeteisterde Suidelike Afrika uitgaan, sê die Southern African Development Coordination Committee (SADCC) en die VVO dat die droogte hier die ergste in menseheugenis is, met 'n verwagte vermindering van 50 persent van die normale oeste en ten minste 18 miljoen mense wat deur ondervoeding en hongersnood in die gesig gestaar word.

In Suid-Afrika alleen kan tussen 80 000 en 200 000 plaaswerkers moontlik hul werk verloor. Die verminderde oeste plaas ook derduisende werkers in die voedselverwerkingsindustrie se werk in die weegskaal, sê John Evans, van die Farmworkers Resource and Research Project.

Volgens statistiek van die Departement van Landbou-ontwikkeling is 50 distrikte in Transvaal en die Kaap, en 25 dele van ander distrikte, reeds as rampdroogtegebiede verklaar.

**MAAR WAT IS droogte?** En hoe droog is dit werklik?

Evans sê ons moet onderskei tussen twee soorte droogtes: 'n landbou-droogte - gedefinieer in terme van misoeste, en 'n hidrologiese droogte - waar water vir normale menslike gebruik, drinkwater selfs, opdroog.

'n Woordvoerder van die Departement van Waterwese en Bosbou sê wat hulle betref, is die huidige droogte slegs 'n landbou-droogte omdat slegs enkele uitgesonderde gebiede 'n hidrologiese droogte beleef.

Die Weerburo definieer 'n droogte weer in terme van die reënval. Hulle volg 'n rowwe definisie van droogte as 75 persent van die normale reënval. Volgens hul beramings kan ons dié seisoen in die somerreënvalgebiede net 73 persent van die normale verwag. Die Weerburo sê die Transvaal, Vrystaat en Noord-Kaap is die ergste getref.



Van Heerden en Alexander sê die huidige droogte en veral die reënval van Oktober verlede jaar tot Maart vanjaar is, statisties bereken, beslis die ergste droogte in die Transvaal en Noordoos-Vrystaat.

**INA PERLMAN**, uitvoerende direkteur van Operasie Honger (OH), sê die toestande in gebiede waar 'n hidrologiese droogte beleef word, soos Venda en Gazankulu, is "rampspoedig".

In Venda, waar OH reeds tientalle nedersettings van noodvoedingshulp voorsien, heers 'n absolute hongersnood. Perlman sê hul veldwerkers in dié gebied sit met hulle hande in hulle hare omdat hul bystand niks help nie: hulle het kos voorsien, maar daar is nie water om dit mee gaar te maak nie.

"Dis 'n verdomde skande," sê sy. "Die riviere is droog en boorgate en pompe stukkend-omtrent 100 nedersettings het glad nie water nie. Ek kan nie verstaan hoekom Waterwese nie lankal iets daaraan gedoen het nie. Hulle het mos gesien die vlakke van die riviere en damme daal

drasties en kon voorsiening gemaak het daarvoor. Baie van die pompe op hoorgate is jare reeds stukkend.

"Nou vervoer die weermag darem water met tenks na dié gebiede, maar dis lank nie genoeg nie. Volgens ons inligting kry elke familie maar omtrent 25 liter water per week. Ons probeer nou naastiglik tenks in die hande kry om ook water soontoe te neem, maak nie saak hóéveel dit kos nie. As iets nie vinnig gebeur nie, gaan dié mense dit nie maak nie. Jy moet sien in watter toestand die kinders is."

Perlman sê haar organisasie het einde ten laaste in Januarie 'n geohidroloog na Gazankulu gestuur omdat hulle 'n watervoorsieningskrisis voorsien het. Toe reeds was die belangrikste rivier feitlik opgedroog.

"Hy het bevind dat daar baie water onder die sand vasgevang is. Toe trek ons die ou Senegalese haas uit die hoed en sit pype onder die sand om die water uit te kry. Ek weet werklik nie hoekom die kenners van Waterwese nie daaraan kon dink nie.

"Ons is effens bekommerd, want die water het allerhande bakterieë en goggas in, maar ons reken effens besmette water is beter as niks. Op nasionale vlak kan dié droogte dalk selfs erger wees as die een van 1981/82," sê Perlman.

**MAAR OOK DIE** landbou-droogte is baie ernstig. Volgens statistiek van die Nasionale Oesskatting Komitee van die Departement van Landbou se jongste produksieskatting van somergewasse, word drasties kleiner oeste verwag as verlede jaar, wat droog maar redelik normaal was.

Volgens dié statistieke kan daar vanjaar maar slegs 31 persent van die mielie-oes van die 1990/91-oes verwag word. Die verwagte witmielie-oes gaan na raming slegs 27 persent van laasjaar se oes oplewer, en geelmielies (die belangrikste mielie-oes) slegs 36 persent. Die totale produksieskatting van somergewasse beloop maar 32 persent van dié van laasjaar.

Dr Koos du Toit, hoofekonoom van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie, sê die situasie van boere in die somerreënvalstreke is sedert 1982 in die weegskaal weens die wisselvallige reënval. Volgens Du Toit was daar die laaste tien jaar maar net twee of drie goeie seisoene.

Kyk 'n mens na laasjaar se oeste, was Wes- en Oos-Transvaal die belangrikste mieliestreek wat meer as die helfte (onderskeidelik omtrent 30 en 25 persent) van die totale mielieoes gelewer het. In Wes-Transvaal word slegs 14 persent van laasjaar se

# droogte

mielie-oes verwag, en in Oos-Transvaal 45 persent. Die droogte in dié gebiede is daarom van meer as bloot streeksbelang.

Evans beklemtoon dat dit nie net die kwantiteit van die oeste is wat drasties afgeneem het nie, maar ook die gehalte van dié mielies weens die warm, droë toestande.

**VEEBOERE IS NIE VEEL** beter daaraan toe nie. In Noord-Transvaal het boere reeds begin met uitdunnings weens die verwagte tekort aan weiding.

Die gevolge van die droogte op wildplase sal eers teen September behoorlik gevoel word, sê Flip Viljoen van die Landbounavorsingsdepartement se Hulp-produksie-eenheid aan die UP. In die streke waar wildplase voorkom, is slegs 30 persent van die normale gemiddelde reënval aangeteken. Indien boere die effek hiervan wil verminder, sal daar nou met die uitdunning van wild begin moet word, sê Viljoen.

Lynn van Rooyen, bestuurder van Natuurbestuur by die Kruger Wildtuin, sê hulle het 'n heel ander persepsie van die droogte. Hulle beskou dit bloot as 'n ondergemiddelde reënseisoen en hanteer dit dus as sulks.

Wat wel 'n probleem is, sê Van Rooyen, is die riviere wat die Kruger Wildtuin voed, asook dorpe en industriële gebiede, en wat deur boere vir besproeiing aangewend word. Riviere wat gewoonlik standhoudend water lewer, staan nou op die punt om droog te loop - en tien tot twaalf watergate het al opgedroog. Volgens Van Rooyen is die riviere nou so laag as wat dit aan die einde van die winter, net voor die lentereëns, is.


**VOLGENS DIE DEPARTEMENT** van Waterwese het die natuurlike vloei van heel party riviere, onder meer die Limpopo, Komati, Krokodil, Sabie, Vaal, Riet, Modder en Caledon gestagneer, en in sommige gevalle heeltemal opgehou vloei. Die watervoorsiening na stede en die meeste dorpe is egter bevestigend in geen ernstige watertekorte word in die voorsienbare toekoms verwag nie.

Die enigstestedelike gebied wat ernstige probleme het, is die Port Elizabeth/Uitenhage-gebied waar die situasie amper kritiek is. Die meeste damme wes van PE is redelik laag en noodmaatreëls is reeds getref, sê die Departement.

Volgens Waterwese word die plattelandse gebiede die ergste getref deur die droogte, veral in die verre Noord-Transvaal, Oos-Transvaal, Oos-Kaapland en die Klein-Karoo. Baie van dié gebiede staan op die drumpel van 'n watertekort-ramp, en noodmaatreëls word ook hier getref.

Volgens Perlman word die ramspoedige afmetings wat die droogte in plattelandse gebiede aanneem, in die tuislandse vererger deur die grootskaalse afdanking van mynwerkers die laaste 18 maande.

"Dié gebiede moes omtrent 120 000 werklose mans akkommodeer. Waar hulle vroeër op die landbou kon staatmaak vir inkomste of 'n hand-tot-mond bestaan kon voer, het die droogte hulle nou heeltemal verlam. Ons voed tans meer as 2,3 miljoen mense landswyd en verwag dat dit meer sal word namate die droogte erger word."



## PLAASWERKERS LY DIE MEESTE

**OMDAT** hulle omstandighede van meet af aan so haglik is, tref droogtes die sowat 1,4 miljoen plaaswerkers in Suid-Afrika die ergste, sê Ina Perlman, uitvoerende direkteur van Operasie Honger.

"Die nom was reeds só verdomp aaklig om mee te begin, maar in droogtes neem dié probleme ramspoedige afmetings aan. Die normale voedingstatus van plaaswerkers is skokkend, selfs in goeie tye. Byna 30 persent van plaaswerkers se kinders ly normaalweg aan ernstige wanvoeding," sê Perlman.

Andries Maphala, Transvaalse organiseerder vir die Food and Allied Workers Union (Fawu), stem saam. "As plaaswerkers afgedank word, is dit 'n dubbele slag wat hulle tref. Hulle verloor nie net hulle werk en karige inkomste nie, maar ook hulle blyplek."

Plaaswerkers is in 'n baie netelige posisie, sê Maphala. Hulle het nie eintlik bedingingsmag nie en in tye van droogte, as boere hul uitgawes probeer beperk, is plaaswerkers se lone die eerste wat moet gaan.

"Baie van die plaaswerkers se lone word ingrypend verminder. Hulle verdien soms R70 per maand, maar in tye van droogte word dié loon dikwels met amper die helfte verminder," sê John Evans, van die Farmworkers' Resource and Research Project (FRRP).

"Talle plaaswerkers word ook vergoed met

plaasprodukte soos vleis en mielie-meel. Dié vergoeding verval dikwels heeltemal in tye van droogte en die werkers word gedwing om volkome op hul karige lone staat te maak."

Maphala sê in sommige gevalle ontvang plaaswerkers nie eers meer lone nie, maar slegs akkommodasie op die plaas in ruil vir hul arbeid. "Dinge kan dalk verbeter nou dat wetgewing voorsiening daarvoor maak dat hulle werkloosheidsversekering kan eis, maar dit sal nog 'n hele tyd neem voor dié verligting werklikheid word."

Maar dié organisasies vrees steeds grootskaalse afdankings en uitsettings. Die meeste beramings dui daarop dat tussen 80 000 en 200 000 plaaswerkers moontlik dié seisoen hulle werk kan verloor, baie van dié permanent.

Die grootste leemte, verduidelik Evans, is die feit dat bykans geen statistieke beskikbaar is om die omvang van die probleem te bepaal nie. "Die landbousektor kan presies sê wat die impak van die droogte op produksie is, maar die menslike koste kan glad nie gemeet word nie."

Die betrokke regeringsdepartemente moet rekening hou met die menslike koste verbonde aan die droogte, sê dié organisasies. Evans stel voor dat 'n eenvoudige vroeë waarskuwingsstelsel ingestel word: produksievlakke moet normaalweg gemonitor word,

maar die inligting moet ook gebruik word om plaaswerkers se omstandighede te monitor. Só kan die voedingstatus en aantal afhanklikes van plaaswerkers dopgehou word sodra produksie daal om te verseker dat plaaswerkers hulp ontvang indien dit nodig is.

"Selfs al wil jy help, weet jy nie nou wáár om jou hulp te rig nie. Dit help nie dat jy hulle eers bystaan as hulle reeds van die plaas af is en ondervoed in 'n plakkerkamp eindig nie," sê Evans.

Die grootste probleem is nie 'n tekort aan water en kos nie, sê hy. "In die meeste gebiede is daar oorgenoeg drinkwater en die winkels het nog al die produkte, maar die mense kan nie bekostig om kos te koop nie. Werkloosheid en verlies aan inkomste is die probleem. Droogtes gaan verby, maar die effek daarvan word jare ná die verligting van die droogte steeds gevoel."

Hoewel Evans erken dat plaaswerkers onregstreeks by hulp aan die boere kan baat, meen hy dit bied geen waarborg dat dit wel gebeur nie. Droogte-hulp aan boere moet eerder onder streng voorwaardes geskied, soos dat daar in droogtetye 'n moratorium is op afdankings en uitsettings, dat boere regverdigde arbeidspraktyke moet volg en dat kerke en vakbonde vrye toegang tot die plase moet hê, sê hy.

## VOORSIEN DIE DROOGTE EN VOORKOM DIE PYN

**DROOGTES**, volgens statistieke, kom gemiddeld een uit elke sewe jaar voor, daarom het boere geen verskoning om nie daarvoor te beplan nie, sê John Evans van die Farmworkers' Resource and Research Project.

Dr Johann Erasmus van die Departement van Landbou sluit by hom aan in 'n onderhoud in *New Ground*: "Klimaatvariasies is 'n feit van die lewe." Deur boerderymetodes aan te pas, kan die impak van die droogte aansienlik afgeskaal word, voer Erasmus verder aan.

Dat droogte deel van die Suid-Afrikaanse werklikheid is, is duidelik: vanaf 1955 tot 1985 het 27 persent van die land 50 persent van die tyd onder droogte gebuk gegaan. Dié probleem ontstaan wanneer boere meer uit die grond wil haal as wat die grond kan lewer, sê Erasmus. "Indien boere die beperkinge van die grond in ag neem, sal hulle nie die droogte ervaar nie."

Volgens *New Ground* word boere, as gevolg van die subsidiestelsel, gedemotiveer om hul boerderymetodes aan te pas. Slegs 'n kwart van Suid-Afrikaanse boere is

▶ produktief; die res is afhanklik van veral subsidies en lenings. Regeringshulp (ook in die vorm van veevoer) word gebruik om deur die droogte tyd te kom - in plaas daarvan dat bewerking van marginale (moeilik kultiveerbare) grond gestaak word en dat lewende hawe verminder word. Dit lei daartoe dat die veld nie volkome kan herstel tydens die daaropvolgende reënseisoen nie - die langtermyn agteruitgang van die grond word dus nooit gestuit nie.

Prof Robin Barnard, waarnemende hoof van die departement Grondkunde en Plantvoeding aan die UP, sê gewasrotasie, rusoste en die inskakeling van die veefaktor sal "bepaald bydra tot beter instandhouding van die vrugbaarheid en fisiese toestande van ons gronde". Basiese aanpassings van boerderypraktyke (soos deur Barnard uitgewys) kan beteken dat boere die impak van droogtes aansienlik kan afskaal.

**EVANS Sê ONGEVEER R3,2** biljoen gaan vanjaar aan boerdery-subsidies uitbetaal word. Volgens hom is daar 'n gebrek aan voldoende kriteria: elke boer wat mielies plant, kry 'n subsidie: R375 per hektaar grond onder mielies. Dié geld word dan gebruik om skuld by die korporasie en kommersiële banke af te betaal - die balans word in kontant uitbetaal. "Indien jy 'n swak boer is, word al die geld gebruik om jou skuld te betaal, as jy 'n goeie boer

is, val 'n groot bedrag kontant in jou skoot."


Dr. Koos du Toit van SALU noem egter dat slegs boere wat oor herstelvermoë beskik, vir hulp kwalifiseer.

**EVANS WYS OP 'N** ander dimensie van die subsidiestelsel: die implikasies wat dit vir grondhervorming inhou. Die subsidiegeld verhoed dat die boer nie bankrot speel nie. Die houding is dus dat die wit boer op die plaas gehou moet word - al is hy ondoeltreffend of gewoon treurig. "Dit is soos om 'n besigheid wat verliese toon te subsidieer," sê Evans.

Barnard noem dat mense al opgemerk het dat grond SA se vernaamste uitvoerprodukt is: ongeveer 400 miljoen ton bogrond word elke jaar verloor. Oorbenuiting en uitputting van die grond deur oorbeweiding en swak gewasverbouing is die vernaamste redes hiervoor. Barnard sê 'n beter kennis van grondvariasie en die beskerming van sensitiewe gronde is noodsaaklik.

Wanbestuur van grond kan nie bekostig word nie, en volgens Barnard, is dit 'n regstreekse gevolg van 'n tekort aan opgeleide grondkundiges "om die nodige leiding, rigting en advies te gee".

'n Werkbare alternatiewe boerderymetode is die organiese verbouing van gewasse. Victor Munnik van die Environment Development Agency (EDA) beskryf dit soos volg: geen meganiese apparate, chemikalieë of bemesting word



gebruik nie. Gewasse wat mekaar "aanvul" word geplant: nutriënte wat een plant uit die grond verwyder, kan byvoorbeeld vervang word deur 'n ander plant wat bykomend aangeplant word. Dit verhoed uitputting van die grond. Plante wat peste weghou kan geplant word, asook plante wat peste lok en sō peste van die hoofgewasse weghou. Gewasse moet ook geroteer word.

Munnik sê verder dat bestaansboerdery aangemoedig moet word. Behalwe dat dit bevorderlik sal wees vir grondhervorming (swart kleinboere kan 'n kans gegun word), beteken dit verder dat daar wegbeweeg kan word van industriële boerderymetodes. Diere kan gebruik word om landerye om te ploeg. Dit beteken plase moet heelwat kleiner wees as wat tans die geval is. Dit sal daartoe lei dat heelwat meer grond benut sal word terwyl meer werks-

geleenthede op die platteland verskaf word - wat die oorbevolkingsnood in die stele sal verlig.

**'N ANDER PROBLEEM IS DIE** dominansie van mielies as die vernaamste landbougewas in Suid-Afrika. 'n Goeie alternatief is sorghum wat (anders as mielies) 'n inheemse gewas is en baie meer bestand is teen die Suider-Afrikaanse klimaat. Mielies het baie reën op 'n gereelde grondslag nodig - en is dus duidelik nie die optimale gewas vir verbouing in Suid-Afrika nie.

Sorghum word bestempel as 'n "droogteverdraagsame gewas" en het ook 'n korter groeitydperk as mielies. Sorghum, interessant genoeg, is die stapelvoedsel van die Tswanas-tradisioneel van die droër gebiede afkomstig. Die voedingswaarde van sorghum is dieselfde as dié van mielies, hoewel dit heelwat ryker aan kalsium en effens ryker aan yster, magnesium en sink is. Maltabella-meel word van sorghum gemaak.

Maar waarom word mielies eerder as sorghum hoofsaaklik in Suid-Afrika verbou? Volgens Wimpie du Toit van die Somergraansentrum op Potchefstroom, is die hoofrede verbruikersaanvraag. Die aanvraag is na mielies en nie na sorghum nie. Aangesien die boere skade gaan ly as mielies teen sorghum moet begin kompeteer, bevorder die Mielieraad mielies as stapelvoedsel. Du Toit wys daarop dat sorghum mielies in alle streke suksesvol kan vervang.

# DIT IS NIE NET ONS WAT SWAARKRY NIE

**SUIDER-AFRIKA WORD TANS GETEISTER DEUR EEN VAN DIE ERGSTE DROOGTES IN MENSEHEUGENIS. MINDER AS 50 PERSENT VAN DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE OESTE WORD VANJAAR VERWAG. MINSTENS 130 MILJOEN MENSE WORD DAARDEUR GERAAK TERWYL 18 MILJOEN MENSE DEUR HONGERSNOOD IN DIE GESIG GESTAAR WORD. KORTLIKS LYK DIE PRENTJIE IN DIE SUB-KONTINENT SÓ:**

**ANGOLA:** Dié land word slegs gedeeltelik deur die droogte geraak - tog word ernstige voedseltekorte in sekere streke ondervind. Wanvoeding neem toe terwyl siektes soos tuberkulose toenemend voorkom. Altesame 1,4 miljoen mense benodig bystand.

**BOTSWANA:** Reënval was tussen 50 en 70 persent laer as gewoonlik. Die mielie-oeste het grootliks misluk. Ongeveer 15 persent van die land se kinders is ondergewig. Drinkwater tekorte word reeds ondervind en is besig om te vererger. Altesame 100 000 mense benodig bystand.

**LESOTHO:** Die 1992-graanoes was 40 persent van die normale oes - en dit na 'n swak oes in 1991. Januarie tot Maart is slegs 50 persent van die gemiddelde reënval aangeteken. Altesame 170 000 mense benodig bystand.

**MALAWI:** Tydens die 1991/1992-landboueisoen is die ergste droogte in meer as veertig jaar ondervind. Ongeveer 20 - 60 persent van vlak putte sal na verwagting opdroog. Chroniese wanvoeding en aansteeklike siektes word toenemend aangetref - 56 persent van kinders onder die ouderdom van vyf jaar, asook verwagte en borsvoedende vroue ly aan chroniese wanvoeding. Altesame 4,7 miljoen mense benodig bystand.

**MOSAMBIEK:** Die effek van die droogte is vererger deur die voortslepende burgeroorlog. Ongeveer 5 miljoen mense is dakloos en 'n cholera-epidemie vererger die situasie. 75 persent van vlak waterbronne en 25 persent van medium-diepte bronne is aan 't opdroog of is reeds droog. Mosambiek het op die beste tye die hoogste

kindersterftesyfer in die wêreld - die droogte vererger die situasie. Altesame 3,1 miljoen mense benodig bystand.

**NAMIBIA:** Graanproduksie is 71 persent laer as in 1991. Van jong plattelandse kinders ly 30 - 35 persent aan ondervoeding. Waterbronne reg oor die land aan 't opdroog. Altesame 250 000 mense benodig bystand.

**SWAZILAND:** Mielieproduksie is minder as 'n derde van die ondergemiddelde 1991-oes. Slegs 53 persent van die mense het toegang tot drinkbare water onder normale omstandighede - die droogte vererger die probleem. Altesame 250 000 mense benodig bystand.

**TANZANIË:** Tanzaniërs beleef hul tweede jaar van droogte. Amper die helfte van die kinders onder vyf is ondervoed en ondergewig. Altesame 800 000 mense benodig

bystand

**ZAMBIË:** Een van die ergste droogtes dié eeu teister Zambië. Die mielie- en grondboonoeste het misluk. Minder as 25 persent van die plattelanders het toegang tot veilige en voldoende waterbronne. Tussen 30 en 40 persent kinders is ondergewig; 5 600 gevalle van cholera is reeds aangemeld. Altesame 1,7 miljoen mense benodig bystand.

**ZIMBABWE:** Een van die ergste droogtes dié eeu lê die land lam. Die voorspellings dui op 'n koringoes wat minder as die helfte van die 1991-oes gaan lewer. Altesame 40 persent van die bevolking wat afhanklik is van bestaansboerdery, het hul inkomste verloor. Toegang tot veilige water is reeds kritiek met 28 persent standhoudende waterbronne wat droog is. Altesame 4,5 miljoen mense benodig bystand. ▶



# OP DIE OU END SAL ALMAL LY

**EKONOME EN LANDBOUKUNDIGES STEM OOR 'N BREË FRONT SAAM: DIE DROOGTE KAN VERDER UITKRING - EN UITEINDELIK AAN ELKE INWONER VAN DIE LAND SE SAK RAAK. CHRISTELLE TERREBLANCHE DOEN VERSLAG**

DIE droogte word binne die konteks van die huidige ekonomiese insinking, politieke onsekerheid, hoë inflasie- en rentekoerse en stygende werkloosheid, allerweë beskou as dié met die ernstigste impak nog in die land se geskiedenis.

Dit is onmoontlik om die impak van die droogte op lang termyn te skei van die heersende strukturele probleme in die land, sê ekonome. Boere staan egter in die eerste linie van die voedselketting en misoeste kan teen Maart aanstaande jaar 'n domino-effek op die ekonomie hê.

Intussen word bestaansboere en plaaswerkers deur die bedreiging van toenemende hongersnood in die gesig gestaar.

Vóór die droogte was minstens 50 persent van landelike Suid-Afrikaners reeds op of onder die broodlyn, sê verskeie kundiges. Nou meen die Farmworkers Resource and Research Project dat maklik die helfte van die land se sowat 1,4 miljoen plaaswerkers uiteindelik hul werk kan verloor namate boere se vermoë om hulle te vergoed, weens die droogte daal. Afhangende van die definisie wat van hongersnood gegee word, beteken dit miljoene Suid-Afrikaners - soos mense in buurlande - ly reeds honger, of gaan binne die naaste toekoms broodgebrek ly. Die meeste ekonome meen: waar honger bestaan, heers hongersnood.

Steven Hobson, ekonoom van die Ontwikkelingsbank, sê 'n onderskeid moet getref word tussen 'n land se vermoë tot self-onderhouding wat voedsel en voedsel-sekureit betref, en dié van 'n mens. Op een van die noodberade oor die droogte het 'n ekonoom dit onlangs só gestel: "Starvation is the characteristic of some people not having enough food to eat; it is not the characteristic of there not being enough food."

Dit beteken dat hoewel Suid-Afrika in die tagtigerjare sogenaamd self-onderhoudend ten opsigte van kos was, sowat 50 persent van die bevolking nie die geld of vermoë gehad het om die kos te bekom nie. Hulle het honger gely - en weens die droogte is hul nog minder in staat om kos te kry. Hobson sien op medium tot lang termyn die behoefte aan werkprogramme om mense in staat te stel om kos te koop.

"Op kort termyn is dit in elk geval 'n noodtoestand, waar almal in die land, ongeag ideologiese oortuiging, stappe moet koördineer ter wille van menselewens, al is daar tekortkominge in die optrede," meen hy.

**INTUSSEN WYS** die jongste *Land Update*, 'n publikasie van die National Land Commission, daarop dat van die R1 biljoen wat die Kraai van Niekirk-rampfonds aan boere

beskikbaar stel, net 2 persent aan noodvoedsel vir plaaswerkers toegewys is. Uit ander bronne verneem VWB dat net R130 miljoen aan bestaansboere, meestal in die tuislande, sal gaan.

Deon Joubert, 'n hoofdirekteur van die Departement van Landbou, spel vier regstreekse en onregstreekse gevolge van die droogte vir boerdery uit: Ten eerste word boere se algemene finansiële posisie en kontantvloeï aangetas, en hoop hul skuld op. Terselfdertyd is die R3,7 biljoen wat die regering as hulp toewys vir die herstrukturering van die landbou, 'n geweldige dreinerings op sy eie vermoëns om ander prioriteite te diens.

Nog 'n gevolg is dat 'n groot hoeveelheid produkte ingevoer moet word - onder meer mielies - wat veral 'n uitvloeï van valuta uit die land tot gevolg het. Minstens R2 000 miljoen sal vanjaar aan ingevoerde voedsel bestee moet word, waarvan 4,6 miljoen ton geelmielies die vernaamste is. Joubert meen vroegtydige reëlings in die verband beteken dat stygings in die kleinhandelprys nie noodwendig sal voorkom nie.

**EEN VAN DIE** onregstreekse gevolge is die uitwerking op besighede wat verband hou met die landbou. Koöperasies se finansiële posisie word ernstig aan bande gelê, hulle omset verlaag, winsmarges daal en hul

vermoë om eie kapitale posisie te diens verzwak. 'n Aantal koöperasies in Transvaal en die Vrystaat loop die gevaar om bankrot te speel. Ander verwerkers en verspreiders van landbou-produkte word ook ernstig geraak, byvoorbeeld inmaakfabrieke en meulens.

Intussen word die bedrywe wat aan boere lewer, soos kunsmis-vervaardigers, spuitstof-fabrieke en die vervaardigers van groot implimente, glo baie ernstig geraak.

Die gesamentlike uitwerking van dié gevolge kan op lang termyn die gewone burger ernstig aan die sak ruk, veral as die droogte voortduur. Ekonome meen daar is egter genoeg wêreldvoorrade om algehele hongersnood te voorkom. Van beloftes van skenkings het in Suid-Afrika nog min gekom, maar sekere van die ander buurlande het al geld ontvang.

Intussen veroorsaak 'n toestroming uit buurlande, veral uit Mosambiek, enorme probleme. Duisende honger mense bevind hulle haveloos buite Nelspruit en in Gazankulu.

Operasie Honger sê al hoe meer versoeke vir basiese voedselprogramme word van witmense landwyd ontvang.

"Ons moet nou werk aan oorlewing," sê 'n ekonoom wat hom op die "ontwikkelende gebiede" toespits. "Mense het water, gesondheidsdienste en 'n basiese inkomste nodig. Hulle is honger en dors."

## suid-afrika se leiers

KYK 'N MENS NA POPO MOLEFE SE VERLEDE, SOU 'N MENS  
VERWAG DAT HY WRAAKGEDAGTES JEENS SY  
ONDERDRUKKERS KOESTER. MAAR DIT IS GLAD NIE DIE GEVAL  
NIE, SKRYF HENNIE SERFONTEIN

# VIR BITTERHEID IS DAAR NIE PLEK NIE

Popo Molefe... "Ek glo nie aan wraak nie"

(Foto: Sarah Prall)



"ONS moet ons woede rig teen die apartheidstelsel, nie teen die individue wat dit toegepas het of nog steeds in die praktyk probeer in stand hou nie. Daarom was ek nog nooit vol haat en bitterheid nie. Ek glo ook nie aan wraakaksies oor wat in die verlede met my en duisende van my mede-kamerade gebeur het nie."

Aan die woord is die veertigjarige Popo Molefe.

Hy kyk terug na die bittere armoede van sy jeugjare, die stormagtige gebeure sedert 1976, sy verskeie aanhoudings sonder verhoor waartydens hy aangerand en gemartel is. In die tagtigerjare was hy vir vier en 'n half jaar in die gevangenis, is hy later op appèl vrygespreek, netom terug te keer na 'n verbroke huwelik.

Maar dis tog menslik om verbitterd te wees oor die verlore jare, om te smag na 'n Nuremberg-verhoor van die "blanke onderdrukkers"?

Met 'n glimlag skud Molefe sy kop: "Wanneer 'n mens in die stryd om vryheid betrokke raak, begryp jy maar te goed dat daar 'n prys te betaal is vir die bereiking van enige politieke ideaal. Maar talle ander mense het 'n veel hoër prys as ek betaal."

Molefe se nugtere uiteensetting van sy persoonlike filosofie maak dit duidelik dat hy lank en diep oor dié pynlike sake besin en geargumenteer het.

Molefe sê: "Een van die hoofoogmerke van ons stryd was om versoening te bewerkstellig, om brúe te bou in ons hoogs gepolariseerde gemeenskap. Daarom moet die koestering van bitterheid ten alle koste verhoed word."

Hy sê wraak lei slegs tot weerwraak en 'n nuwe siklus van geweld. "Wraak heel geen wonde nie. Genesing kan slegs plaasvind as die stelsel verander. Slegs as ons 'n ware demokrasie daarstel, sonder enige tweedeklas-burgers, waarin almal gelyke stemreg het, sal ons die stelsel finaal verander en die wonde werklik heel."

Vandag is Molefe, die gewese politieke aktivis en mede-stigter van die UDF, deel van die top-leierskapstruktuur van die ANC. Hy is lid van die Nasionale Uitvoerende Komitee (NEC), lid van die Nasionale Werkskomitee (NWC), en hoof van die verkiesingsdepartement wat die NP in die eerste ware demokratiese verkiesing die stryd sal aansê.

**SY LEWENSVERHAAL** IS die verhaal van miljoene swart Suid-Afrikaners.

Gebore in 1952 in Sophiatown, was hy die vyfde van agt kinders. Maar omdat sy ouers brandarm was, is hy op tienjarige ouderdom deur sy tante Sarah Tsatsimpe, wat slegs een kind gehad het, aangeneem.

"My ouers kon nie my skoolgeld bekostig toe ek op tienjarige ouderdom vir die eerste maal skool toe is nie. Dit was slegs R1,20 per jaar, maar selfs dit kon my vader nie bekostig nie", sê Molefe.

Maar sy skoolloopbaan is na 'n paar maande weens

finansiële en ander probleme onderbreek en Molefe sou eers op twaalf weer gereeld skool bywoon.

Saam met sy tante verhuis hy na Valleylaan 874B in Emdeni, Soweto, een van die derduisende vuurhoutjiedooshuises in die townships.

Sy tante Sarah was 'n weduwee en 'n gewone "huisbediende" wat vir R20 in blank Johannesburg gewerk en gewoon het. "Sy het slegs een maal per maand huis toe gekom. Dit was die enigste keer dat ons behoorlik en smaaklike kos geëet het," vertel hy.

Daar was sowat twaalf mense woonagtig in die beknoppe huis. Die "ons" waarna Molefe verwys, was sy tante se dogter en haar drie kinders, hy en drie van sy eie broers. En dan, soos gewoonlik in die townships, was daar 'n loseerder en sy vier kinders. Hoewel die loseerders die huisie verder beknop het, was die huurgeldjie 'n welkome bydrae tot 'n uiters skraps begroting.

"Maar vir ons was dit alles heeltemal normaal. Ek onthou dat daar snags in al vier vertrekke haas nie 'n vierkante sentimeter was waar daar nie iemand geslaap het nie - op beddens, banke en veral op die vloer."

Maar tussen alles deur het Molefe sy skoolloopbaan voortgesit. Tot in standerd 3 was dit ruimhartige onderwysers wat hom en sy jonger suster sonder skoolgelde laat voortgaan het. "Ek vermoed hulle het betaal."

**MAAR IN STANDERD VIER** en vyf het Molefe sy eie skoolgelde betaal. "Ek het met grondboontjies, appels en ander eetgoed in Soweto en in die middestad smiddae en oor naweke gesmous. So het ek self ook vir my boeke en skooldrag betaal," vertel hy trots.

In standerd 6 moes hy met sy "skoolhoof onderhandel", maar vanaf standerd sewe onderhou die jong Molefe homself. Saterdag werk hy by Woolworths in Northcliff as 'n pakker teen R5 'n oggend - in die vakansies het hy tot R54 per week verdien, baie meer as baie huiswerkers.

Sy politieke bewuswording begin in standerd ses. Hy word lid van die junior debatspan, en is vanaf standerd sewe lid van die senior debatspan. Molefe lees baie en kom onder die invloed van geskifte deur Trevor Huddleston, Martin Luther King, Nelson Mandela en Kwame Nkrumah.

Maar waar kom die boeke vandaan? Weer eens deur sy ondernemingsgees. Sommige skoolmaats kom uit politieke families - sy ouers en tante was hoegenaamd nie betrokke nie - en had boeke waarvan hulle die waarde nie besef het nie.

"Uit die geld wat ek verdien het, het ek my maats 'n rand of twee aangebied in ruil vir 'n waardevolle boek, wat hulle dom genoeg was om te aanvaar," lag hy. So het hy op 'n dag 'n Black People's Convention-publikasie - *BC Review* - bekom deur dit van 'n maat vir 'n Afrikaans/Engelse woordeboek te verruil.

Hy word 'n ondersteuner van die swart bewus-synsbeweging. In 1976 was hy hoofprefek van die Naledi Hoërskool, en neem hy aan die jeugopstand deel. Hy word vir sewe maande aangehou en twee maal erg aangerand. Tydens een van die aanrandings het sy oordrom gebars, maar hy is mediese behandeling geweier.

"EK WAS VAN DIE swart bewussyn-tradisie, koppig en arrogant, en ek wou geen antwoorde verstrek nie. Ek was ook te dom om te besef dat ek op sekere roetine-vrae, inligting waarvan die polisie in elk geval reeds kennis gedra het, kon antwoord," sê Molefe.

Later, in die Modder B-gevangenis, is hy weer aangerand deur senior offisiere - brigadiers en kapteins - van die gevangensidiens. Die rede: hy het vriende in die gevangenis met die swart bewussyn-salut gegroet.

"Toe 'n bewaarder my verbied om dit te doen, het ek hom uitgedaag om vir my te sê watter regulasie verbied dié groet in die gevangenis. Hy kon nie, en het uit woede sy hoofde ingeroep wat my sel toe gesleep het."

Vandag nog sukkel Molefe met rugprobleme as gevolg van die aanranding.

Molefe voltooi sy matriek twee jaar nadat hy die skool verlaat het. Daar was nooit geld vir verdere studie nie. Hy werk vervolgens as winkel-assistent, klerk, mikrofilm-masjienoperateur en fotografiese drukmasjienoperateur.

In die laat sewentiger- en vroeg tagtigerjare kom hy sterk onder die invloed van Joe Qabi, wat later in Harare deur 'n motorbom vermoor is.

"In lang debatte en gesprekke oor maande heen het hy my met sy presiese en skerp argumente oortuig dat die ANC-beleid van nie-rassigheid soos dit in die Vryheidshandves vervat is, die enigste toekoms vir Suid-Afrika bied."

**MOLEFE WORD IN 1983 DIE** nasionale algemene sekretaris van die UDF. In Junie 1985 is hy, saam met sy politieke tweelingbroer Terror Lekota, een van 22 aangeklaagdes in die bekende Delmas-hoogverraadsaak. In 1988 word hulle vonisse opgelê. Molefe kry tien jaar. In Desember 1989 slaag hulle appèl en Molefe word vrygelaat.

Maar al is Molefe vandag 'n besige mens het hy nie sy strewe na verdere kennis laat vaar nie. Tussen al sy bedrywigheede heen, is hy tans besig met sy tweedejaar in die regte.

Hy het drie kinders uit sy eerste huwelik. Verlede jaar is hy met Boitumelo Plaatje, 'n agter-agter kleinkind van die beroemde Sol, getroud. Sy is 'n verpleegsuster in 'n Johannesburgse hospitaal.

Tyd vir ontspanning is daar haas nie. Maar hy is versot op jazz. In sy jeugjare 'n sokkerspeler, is hy nou 'n trotse lid - met 'n kaart om dit te bewys - van die Kaizer Chiefs. Hoenderkerrie bly nog altyd sy geliefkoosde dis.

# BITTERGAL

## CHUTZPAH OF DOMASTRANTHEID?

IS dit chutzpah of is dit domastrandheid? Só wonder Bittergal oor die Nasionale Party wat 'n verskoning van die ANC eis ná regter RJ Goldstone se uitlating dat geen bewyse nog aan sy kommissie voorgelê is dat die staatspresident, kabinetslede of senior offisiere aan die Boipatong-slagting medepligtig is nie.

En as ons later agterkom dat lede van die veiligheidsmagte wel betrokke was, moet die ANC dan weer die verskoning terugtrek?

Die regter het nie gesê die betrokke persone is nie betrokke nie, hy het net gesê hy het nie sulke inligting voor hom gehad nie. Om die waarheid te sê, hy het bygevoeg dat as stawende getuies vir sulke beweringe aangebied word, hy dit deeglik sal ondersoek.

Maar die NP en die Afrikaanse dagkoerante het 'n mens duidelik onder die indruk probeer bring dat die regter die veiligheidsmagte en die regering so wit soos sneeu verklaar het.

Kyk, Bittergal is seker nie een van die ANC-leiers het ooit bedoel FW de Klerk het 'n klomp polisiemanne ontbied en hulle toe opdrag gegee om mense te gaan moor nie. Sy naam en dié van sy kollegas is genoem as hoof van die regering, wat verantwoordelik is vir die veiligheidsmagte. Is dit só moeilik om te verstaan?

En Bittergal sal heelwat goeie getuies moet kry voor hy in sy eie gemoed seker is dat die veiligheidsmagte niks met Boipatong te make gehad het nie.

## TRAP SY TJANK AF

**HIER** is nou 'n knapie wie se tjank afgetrap moet word. Craig Kotze, perswoordvoerder van die ministerie van Wet en Orde.

Dis nou die mannetjie wat die volgehoue ontkenning oor die meeluistering van regter Didcott se telefoon uitgereik het en toe VWB met die bewyse kom, toe lewer hy sommer kommentaar oor wie en wat hy dink VWB is.

Maar dis nie daarteen dat Bittergal dit het nie. Bittergal het dit daarteen dat Kotze, 'n nat-agter-die-ore-kapteintjie en voorheen misdaadverslaggewer, nou een van die regering se gróót politieke kommentators geword het.

Daar gaan skaars 'n week verby of Kotze lewer kommentaar oor dit en dat wat goed of sleg is in die politiek of die of daai ANC-leier wat sus of so is.

Wie de hel is hy om politieke uitsprake te maak? Wie stel belang in wat 'n polisiekapteintjie van die nasionale politiek dink?

Maar miskien is dit nie sy tjank wat afgetrap moet word nie, maar dié van sy base wat hom toelaat om die land met sy politieke propaganda te vergas.

## KP-HUGGERS

**HIER** het ons nou die ware gesig van die Kaapee: hulle is soos 'n impotente dirty old man, wil net hug en kiss maar kan dit nie meer opkry nie.

Dit na aanleiding van die KP-stadsraadslid van Pretoria wat aan 'n landdros gesê het hy wou nie seks hê by die swart prostituut wat hy opgepek het nie, hy het haar net vir hugging en kissing gevra.

## TOO LUYT FOR TEARS

**BITTERGAL** kon nie help nie om terug te dink dat dieselfde man wat nou so hoog opgee oor politieke onafhanklikheid

dieselfde man is wat destyds met die Info-skandaal met die koerantwese se buite-egtelike kind, The Citizen, gemoeid was.

As 'n mens kyk na Louis se politieke geskiedenis, is dit 'n bietjie moeilik om sy selfrighteousness te aanvaar dat hy

nog altyd vrede en demokrasie voorgestaan het en nooit opdragte van enige politici gekry het nie.

Sit aan jou vrede en demokrasie-armband, Louis, dan glo ons jou. Intussen kan jy gerus minder kragdadig en hardgeat wees.

## VAARWEL AAN BROLLOKS

**SOOS** jy hierbo sien, is dié rubriek deur Bittergal alleen behartig.

Ons was ongelukkig verplig om Brolloks te vra om sy dienste by VWB te beëindig nadat daar items in die laaste twee rubrieke ingesluit het wat vir die redaksie van VWB heeltemal onaanvaarbaar is.

Twee weke gelede het Brolloks sy ore uitgeleen aan allerlei elemente in Cosatu en/of die staat en dit as 'n feit verkondig dat die sekretaris-generaal van die ANC, Cyril Ramaphosa, 'n weelderige huis langs dié van Harry Oppenheimer gekoop het en daar gaan bly.

Dit blyk onwaar te wees. VWB se redaksie vind dit laakbaar dat Brolloks nie soos die standaard-gebruik by VWB is, sy feite eers behoorlik nagegaan het nie. Ons wil graag hiermee vir mnr Ramaphosa om verskoning vra vir die verleentheid wat hom besorg is.

In verlede week se rubriek het Brolloks geskryf dat die minister van Wet en Orde, Hernūs Kriel, 'n "politieke poepol" is. (Het hy nog nooit gehoor van die woord "anus" nie?) Dit is nie net uiters swak smaak nie, sulke taal hoort nie in 'n gesinspublikasie soos VWB nie.

Boonop glo ons dat Brolloks, indien hy wel sterk genoeg gevoel het oor die minister, die verkeerde orgaan gebruik het om hom uit te beeld.

Brolloks se dienste by VWB is dus beëindig en hy sal nie weer in dié publikasie skryf nie.

Ons apologie aan ons lesers vir die onsmaklikhede.



## HENNIE SERFONTEIN HET SY OOR OP DIE GROND

### Omstredenheid rondom gekaapte biddag

**DIE** sogenaamde Rustenburg-konferensie van Kerkleiers was verantwoordelik vir die omstrede aankondiging verlede maand dat daarslegs 'n oproep aan Christene gedoen is om vir vrede te bid. Dit het gevolg nadat die kerkleiers die oorspronklike gedagte van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) om só 'n biddag, wat reeds heelwat vroeër vanjaar deur die SARK aangekondig is, "gekaap" het.

Dié merkwaardige inligting is dié week op die jaarvergadering van die SARK deur dr Gerrie Lubbe, dié Suid-Afrikaanse president van die Wêreldorganisasie oor Godsdienste en Vrede (WCRP), aangekondig. Lubbe is 'n senior lektor aan Unisa, en predikant van 'n onafhanklike gemeente van die Reformed Church in Africa (RCA) - die aparte NG Kerk vir Indiërs.

'n Krisis in die godsdienste-wêreld en veral binne die SARK, is slegs besweer nadat laasgenoemde afsonderlik 'n oproep gedoen het dat die leiers en lede van alle gelowe aan die biddag om vrede moes deelneem.

Lubbe het vertel hoe 'n

vooraanstaande Joodse kerkleier hom ná die Rustenburg-aankondiging geskok gebel het. Aanvanklik, na die eerste Kodesa-byeenkoms, was dié man optimisties "omdat leiers van alle gelowe saam kan bid", sê Lubbe.

Dit was nie meer die geval nie. Want nou, "blykbaar onder druk van FW de Klerk en sy regering self, mag verskillende godsdienste-groepe nie eens meer saambid die. Ek is bevrees, dan is daar min hoop vir ons land," het hy aan Lubbe gesê.

Ek verneem by bronne uit die SARK dat die skerp verskille oor die oproep tot gebede om vrede moontlik tot 'n ernstige, en miskien onherroeplike, breuk binne die Rustenburg-konferensie self mag lei.

Sonder die SARK en sy lidkerke sal die Rustenburg-konferensie grootliks 'n leë dop wees, want die SARK verteenwoordig omtrent al die hoofstroom nie-rassige Engels-talige en swartkerke in die land.

### "Oom Louw" en Chikane haaks

**DIE** GEBEDSKONFLIK het blykbaar geleid tot vervreemding tussen Louw Alberts en Frank Chikane. Die twee was die mede-voorsitters van die Rustenburg-konferensie, en die

spil waarom alles gedraai het. Politie en teologies het die konserwatiewe Alberts en die radikale Chikane fundamenteel verskil. Maar op merkwaardige wyse het die twee teenpole mekaar op persoonlike vlak gevind. Die veel jonger Chikane het altyd op vergaderings met eerbied na Alberts as "Oom Louw" verwys.

Dit was hul unieke verhouding wat grootliks tot die sukses van die Rustenburg-konferensie bygedra het en wat daarvoor gesorg het dat uiteenlopende denominasies en persoonlikhede versoen het.

Die verhouding tussen Alberts en Chikane was ook die sleutel tot die uiteindelijke suksesvolle loodsing van die Nasionale Vredesooreenkoms.

Nou sê bronne in die SARK dat Alberts in die gebedsdisput "outoritêr en arroganter" teenoor Chikane opgetree het en sy besware teen die eksklusiewe biddag totaal geïgnoreer het.

### Die lang pad

**DIE** NG KERK HET uiteindelik geleer dat daar nie 'n kortpad is na aanvaarding in ekumeniese kringe in SA nie. Hulle besef nou eers dat hulle allereers hul verhoudinge met die sogenaamde susterkerke - die NG Kerk in Afrika en die NG

Sendingkerk - sal moet normaliseer.

Dié week het die NG Kerk gevra dat hul aansoek om lidmaatskap van die SARK tot die volgende nasionale konferensie moet oorstaan. Want volgende maand ontmoet hulle die twee susterkerke vir twee dae se indringende gesprekke.

Toe dié versoek toegestaan is, het Khoza Mgojo, die president van die SARK, opgemerk dat dit beteken dat die Konferensie baie meer tyd aan ander sake sal kan bestee.

Verlede jaar was daar 'n stormagtige vergadering toe swart en wit lede van die NGKA en NGSK die Konferensie oortuig het om 'n aanbeveling van die Uitvoerende Komitee om lidmaatskap aan die NG Kerk toe te staan, verwerp het.

Voordat die NG Kerk toegelaat kan word, is daar probleme wat nog opgelos moet word: die NG Kerk se weerstand teen die stigting van 'n verenigde nie-rassige NG Kerk, in watter mate dié kerk apartheid werklik verwerp is, en van die venynigste aanvalle denkbaar in die verlede op die SARK en sy leierskap, wat nog nie teruggetrek is nie.

Daar lê nog 'n lang pad vir die NG Kerk voor.

**DIS APARTHEID SE SKULD DAT AFRIKANERS GEEN EIE VOLKSTAAT HET NIE, SKRYF PIETER BRUWER, VOORSITTER VAN DIE ORANJE-WERKERS. DAAROM WIL DIE VOLKSTATERS NIE MEER APARTHEID HÊ NIE, SÊ HY - NET 'N AFRIKANERLAND WAARIN HULLE HUL EIE BAAS KAN WEES. HIER VERDUIDELIK HY WAAROM DIE VOLKSTATERS SO AANDRING OP 'N EIE GRONDGEBIED EN HOE HULLE**

**MEEN DIT KAN LYK**

**BIBLIOTEKE** is al volgeskryf oor apartheid en die gevolge daarvan vir die swartmense, bruinmense,

Indiërs, die ekonomie, ekologie, wit renosters en wat nog. Maar geen studie is gedoen oor die gevolge wat apartheid vir die Afrikanervolk gehad het. Daar is van die simplistiese oortuiging uitgegaan dat die blankes (bepaald die Afrikaner) net bevoordeel is deur apartheid en dat die swartes net benadeel is daardeur. Die werklikheid is meer genuanseerd.

Nie dat die Afrikaners géén voordeel uit die NP-regering getrek nie. Ná byna 50 jaar van boemerang-politiek is dit ironies dat die NP se grootste prestasie, agterna gesien, waarskynlik die sosialistiese volksbou- en volksopheffingprogram in die veertiger-, vyftiger- en vroeë sestigerjare was - natuurlik presies wat die ANC nou vir hul mense voorstaan. Ontleed jy dié "voordele", word dit egter duidelik dat alles wat blink nie goud is nie. Die argument dat die NP daarin geslaag het om die Afrikaner se armlankskap af te skud en dat die Afrikaner deur "bevoorregte onderwys" sy agterstande kon uitwis, is net gedeeltelik waar. So broos is dié welvaart dat die armlankedom al weer begin verskyn, selfs nog voordat die NP finaal sy mag kwyt is. (Sowat 50 000 Afrikaners is al werkloos en daar is konsensus dat dié syfer in die komende maande en jare net kan toeneem.)

**IN DIÉ FEIT** lê die antwoord vir verwickelinge die laaste 40 jaar opgesluit. In die NP-denke (soos waarskynlik by die meeste politieke partye: Pas op ANC-ondersteuners) het die opheffing van die volk en die behoud van politieke mag duidelik ewe veel gewee - en dus sinoniem geword. Nie verbasend nie is 'n antwoord gesoek wat die twee belange kon trou... en dit was skrikwekkend eenvoudig: maak van die volk 'n ekonomiese gyselaar, sodat hy polities intimideerbaar bly. Die NP se opheffingsplan het byvoorbeeld nie behels om die monopolistiese Engels/Joodse kartelle (die produk van die vorige 150 jaar se "privileged positions" onder verskeie koloniale regerings) op te breek, die sogenaamde vryemarkstelsel vir groot getalle Afrikaners toeganklik te maak, en van die Afrikaner primêr 'n entrepreneur te maak nie. Nee, so 'n proses sou die stemye geleidelik meer onafhanklik maak. Die diaboliese antwoord was om vir dekades die staatsdiens as opvangbak vir ons volk te gebruik, om van ons 'n volk van staatsamptenare te maak: Mense onder beheer, wat maklik geïntimideer kan word tot politieke gediensigheid aan die NP-establishment met sy vele fronte en gesigte - bloot omdat hulle nie ekonomies onafhanklik is nie. Al groot groep Afrikaners wat wel ekonomies onafhanklik was, was die landbouers en hulle is deur sosialistiese strukture en beperkinge verminder van sowat



120 000 aktiewe boere tot net 50 000, waarvan die meeste finansiële op hul knieë gedwing is.

Die Afrikanervolk is deur dié regeringsoptrede meer kwesbaar gelaat vir 'n bewindsverandering as enige ander gemeenskap. Dit is een groot rede waarom die NP nooit deur die blanke kiesers die trekpas gegee is nie. Die tragiek vir ons volk en ons land is dat dié beleid so suksesvol was. Die NP is - ná die val van die Kommunisteparty in die USSR - een van die langsliewende regerings ter wêreld. Dit is egter ook in die lig van dié ekonomiese gyselaarskap dat die Afrikaner se "aanspreeklikheid" vir apartheid in die toekoms beoordeel sal moet word.

**NOUDAT DIE NP** onder eksterne druk besig is om homself as regering uit te faseer, betree die Afrikaner-tragedie sy finale bedryf. Nou kan die twyfelagtige "voordele" beoordeel word wat die Afrikaner ná byna 'n halfeeu van NP-regering te wys het. Sy boeregemeenskap is finansiële geruïneer, waarskynlik net so erg soos ná die Tweede Vryheidsoorlog; sy plattelandse gemeenskappe is deur die jare byna vernietig deur regeringsoptrede en die infrastruktuur tuimel nou ineen; sy magsbasisse by staats- en semi-staatsbedrywe is onder hom uit geprivatiseer en gerasionaliseer. Geslagte se Boeresweet in bedrywe soos Yskor, Eskom - die Afrikanerwerker se ekonomiese magsbasisse - en andere was vergeefs. Sy hoogs ontwikkelde onderwysstelsel word deur die NP verpletter ter wille van sy nuwe doelwitte, sy gevorderde krygstuighedryf is op sterwe na dood, sy mediese dienste is geruïneer, sy finansiële instellings en mynhuise is grootliks deur volksvreemde groepe ingesluk, die "rasionalisasieproses" by alle staats- en semi-staatsbedrywe vreet diep in die werkgeleenthede. Omtrent al uitsondering is die NP se magtige mediakartelle wat die stemye soveel dekades in bedwang gehou het en ryklik daarvoor vergoed is. Met hulle gaan dit goed.

## TWEE KANTE VAN DIE MUNT

Die tweede mite is dat die swartmense net benadeel is deur die apartheidsbewind: hulle is eenvoudig gruwelik polities onderdruk, ekonomies agter gehou, opvoedkundig verwaarloos ens. Dié simplistiese prentjie is ook nie waar nie. In baie opsigte was en is Afrikaner en Afrikaan die twee kante van dieselfde

# DIE DROOM

▶ munt en het die een wat die ander graag wil hê.

Die swartes sien die sogenaamde ekonomiese "welvaart" van die blankes oor die algemeen en hul "agterstand" en streef daarna om dié welvaart vir hulself te bekom - al is dit dan ook deur nasionalisering en ander vorms van herverdeling van rykdom. Is dit dan verbasend dat Afrikaner-volksnasionale al baie jare met begerige oë kyk na dit wat die NP-regime so mildelik aan die swartes laat toekom het - 'n eie gebiedsbasis waarbinne die onderskeie volke kultureel en polities outonoom kon ontplooi? Is dit verbasend dat hulle weer so bewus is van hul eie volk se agterstand weens die NP se volhardende weiering om 'n eie ruimte aan die Afrikanervolk beskikbaar te stel?

Dié strewe, en swart bevoorregting in dié verband, word uitgedruk in die versoekskrif wat die Vereniging van Oranjewerkers in 1987 aan die regering voorgelê het: "Memorandum aangaande die vestiging van 'n staatsgebied vir die Afrikanervolk". Dit lui onder meer:

"Vir die Xhosas's, die Tswana's en die Venda's is deur positiewe maatreëls gebiede geskep, onder meer deur onteining van Afrikaners se grond. Streekowerhede en later outonome, selfregerende owerheidstrukture is vir hierdie volke ten opsigte van hul daargestelde gebiede ingestel en hierdie gebiede is nie net toegelaat nie, maar ook positief aangemoedig om te ontwikkel tot volkome onafhanklike state. Deur die erkenning van en die inhoudgewing aan die reg van selfbeskikking het daar dus eers afhanklike en later onafhanklike state binne die Republiek ontstaan vir verskeie swart volke, ongeag of hulle volkslede verspreid deur Suid-Afrika gewoon het; of die meerderheid van die volk in hul hartgebied gewoon het en of daar 'n spesifieke stemming of verkiesing onder die volk daarvoor gehou is... Hiervolgens is dit duidelik dat die reg op selfbeskikking, soos erken deur die Republiek van Suid-Afrika, nie net die reg op 'n eie eksklusiewe gebied behels nie, maar selfs indien dit nie bestaan nie, of te klein is, sou dit met staatsgeld geskep word. Ook die reg op eie eksklusiewe owerheidstrukture oor daardie gebied met die reg op selfregering en die uiteindelijke reg op volkome onafhanklikheid is daardeur erken. Dit wat ons dus in hierdie versoekskrif van die regering vra, ten behoeve van die Afrikanervolk, is presies dit wat die regering en die staat alreeds deur sy handelinge erken het as die inhoud van die reg tot selfbeskikking."

**NIE NET IS** genoemde regte aan die swart volke toegestaan nie, maar enorme bedrae geld - primêr van die blanke belastingbetaler gein - is aangewend ter uitbouing van dié "voorregte". "Op dié wyse het regeringsbesteding in die nasionale state gestyg van R301 miljoen per jaar in 1973 tot R1 119 miljoen per jaar in 1979. Teen 1987 het die bedrag reeds 'n ongelooflike R7 000 miljoen per jaar bereik." Dit is buiten die miljoene wat bestee is aan nuwe-ontwikkelinge soos

grensnywerhede, konsessies en ekonomiese aansporingsmaatreëls.

Natuurlik was dié beleid, soos deur die NP uitgevoer, nie sonder probleme nie. Die Oranjewerker dr Willem van Heerden het hom jare gelede só daarvoor uitgelat: "My derde probleem met apartheid is dat die tuislande so versnipper was en dat die Afrikaner die probleem op 'n selfsugtige wyse gehanteer het. Elke dorp en ontwikkelde gebied is doelbewus uit die tuislande gesny. Buiten dat dit nie Christelik regverdig was nie, het dié kortsigtige optrede ook vir my die vernietiging van die beleid voorspel. Die rede was eenvoudig. Nie een van die swart state kon ekonomies of staatkundig sinvol ontwikkel om 'n heenkome aan al sy burgers te voorsien nie."

Nes die prentjie van "Afrikaner-bevoordeling", het dié van "swart benadeling" 'n ander kant. Vandag kan die swart volke maklik sê dat hulle nóg die gebiedsbasisse, nóg die politieke strukture, nóg die ekonomiese voordele wou gehad het, en dat dit eensydig op hulle "afgedwing" is. Tog is hulle in dié opsig onmeetbaar bo die Afrikanervolk bevoorreg, is hulle ligjare verder as die Afrikaner gevorder in die ontplooiing van 'n eie ruimtelike ordening.

## AFRIKANER-BENADELING

Teenoor dit wat gedoen is om die swart volke se gebiedsbasisse uit te bou en te bestendig, is presies die teenoorgestelde met die Afrikanervolk gedoen:

- Apartheid het die Afrikanervolk van sy gebiedsbasis gestroop.
- Apartheid het die Afrikanervolk van sy werketiek gestroop.

Dié twee fasette het saam bygedra tot die moreel-sedelike en territoriaal-staatkundige verval van die volk. Dit het ons volk deur gemaksug korrup gemaak en hom só op sy eie vernietigingspad geplaas. Die verval van sy werketiek en sy ruimtelike eiendomsbasis het sy uiteindelijke morele en sielkundige ineenstorting onvermydelik gemaak. Teen dié aanslag het die "volkstaters" hulle toenemend desperaat probeer verweer.

"'n Volk sonder 'n tuiste is 'n volk sonder 'n toekoms." Met so 'n volksbeskouing spreek dit vanself: daar moet 'n grondgebied wees - die "territorial imperative" is van deurslaggewende belang. Dit is waarom dié Afrikaners so 'n dringende behoefte aan 'n eie plek het... en waarom hulle uiteindelik daarvoor sal veg as hulle geen alternatief gegee word nie. Beskou jy die volksbasis as enigste geldige grondslag, is dit wat die apartheidsregime aan die Afrikanervolk gedoen het waarskynlik een van die ergste wandade wat 'n regering aan 'n volk kan doen: om sy land aan vreemdelinge oor te gee. Dat 'n Afrikaansspreekende regering dié skade aan hul eie volk berokken het, vererger die skande.

Teen dié agtergrond het die volkstaters en in die besonder die Oranjewerkers so hard geveg teen die immorele apartheidspraktyke. Op prinsipiële

grondslag het geen ander groep so 'n eensame en standhoudende stryd met ons eie volk gevoer ter verandering van hul immorele, en uiteindelijke volksvernietigende sosio-ekonomiese arbeidspraktyke nie. Niemand het harder gewerk om Afrikaners te probeer oortuig van die "verkeerdheid" daarvan om hul hele volkshuishouding op die konsep van "goedkoop swart arbeid" te bou nie. En ironies genoeg is niemand meer verynig deur sowel die "linkses" as die "ver-regses" (blanke baasskap-groepering) aangeval en verguis nie. Dis eers nou dat dit lyk asof dit te laat is, dat in albei groeperinge oënskynlik 'n verandering begin intree en dat veral vanuit linkse hoek 'n dowwe begrip vir die volkstaters se vryheidstrewe en die morele grondslag waarop dit staan aan 't ontwikkel is. Daar is egter min tyd om dié saak reg te stel.

Uit 'n volksnasionalistiese oogpunt was apartheid en die arbeids- en sosiale praktyke daarvan niks anders as 'n gestadigde dood nie. Die NP het deur sy beleid van apartheid aan die volk die illusie van selfbeskikking en 'n eie volksbestaan voorgedou - in ruil waarvoor die volk se hele bestaanswêreld eenvoudig deur vreemdelinge verswelg is. Prof Hercules Booysen verwoord dit só: "Die model waardeur die blanke binne 'n gemengde gryslan vir hom aparte instellings (skole, universiteite, organisasies ens) en aparte dienste (treine, busse, parke en ander geriewe) uithou, word deur ons verwerp. Hierdie tipe apartheid is lewensgevaarlik vir die Afrikaner omdat dit by hom die valse illusie skep dat hy 'n land van sy eie het. Die knusse veiligheid van sy sogenaamde afsonderlike woonbuurt, park, trein, bus en swembad maak hom siende blind vir die verswariings- en verbruiningsproses wat in die sogenaamde blanke RSA aan die gang is; maak hom salig onbewus daarvan dat hy besig is om sy selfbeskikking en die aanspraak op sy eie land deur sy vingers te laat glip." Om 'n woordjie by Joe Slovo te steel: "Apartheid was die opium van die volk".

Die groot ironie van die geskiedenis is: Suid-Afrika, wêreldwyd verdoem weens apartheid, het onder apartheid die mees geïntegreerde gemeenskap ter wêreld geword. Geen volk ter wêreld - nie eens die Amerikaners - is so geïntegreer soos die Afrikaners nie: tot in die binnekamers van elke huis, tot op elke plaas, fabriek, werkwinkel. Daar is verder langs elke stad, dorp, nedersetting en gehuggie in die land 'n swart abba-dorpie (arbeidsbordeel) gebou om te sorg dat die opium van die volk, sy verslawing aan "goedkoop swart arbeid", altyd beskikbaar is. Sogenaamde instromingsbeheer (let wel nie uitstromingsbeheer nie) het ten doel gehad om die instroming van swartmense na tradisionele blanke gebiede te beheer, te reguleer en te manipuleer.

**WANNEER DIE** nie-blanke gemeenskappe praat oor apartheid se erflating op hulle, speel die hele kwessie van sosio-ekonomiese verwaarlosing 'n kernrol. Hul strewe is om dié agterstand aggressief uit te wis en hul eie gemeenskap op te hef.

Wanneer die volksbewuste Afrikanerdom praat oor hul erflating van apartheid, dan staan een faset uit. Die NP en apartheid laat ons vandag as 'n volk sonder 'n land agter - ons gebiedsbasis is onder ons uitgekalkwe. Om nou te sê dat ons volk nie meer op 'n eie territorium aanspraak mag maak omdat ons ná 40 jaar van apartheid "oral in die minderheid" is, is soos om aan die swartes te verklaar dat hulle nie op welvaart geregtig is nie omdat hulle "almal arm is". Nes die swartes so iets nooit sal aanvaar nie, sal die Afrikaner-volksnasionale nooit aanvaar dat hulle hulle nou moet berus in die skades van apartheid nie. Ook hulle eis die tyd, middele en die geleentheid om regstellende stappe te doen om hul nasionale belang te beskerm deur die vestiging van 'n eie volksgebied. In die verlede is dikwels gesê die blankes kan nie rustig slaap solank die swartes honger is nie. Dit is waar, maar ewe waar is dat Suid-Afrika geen vrede sal hê solank die Afrikaners nie vryheid het nie.

## 'N LAND VIR ONS VOLK

Wanneer die gesprek in die rigting van 'n eie land vir die Afrikanervolk beweeg, duik allerlei probleme en besware op. Dit is onvermydelik, siende dat ons die mees verspreide volk in Suid-Afrika is. Tog beskik die volk oor 'n histories-verworwe grondgebied wat uit sy geskiedenis identifiseerbaar is. Dit is baie belangrik - daar is byvoorbeeld geen tuisland vir die Xhosas in Noord-Transvaal geskep of een vir die Venda's in die Wes-Kaap nie, maar wel in dié volke se historiese grondgebiede. Soortgelyk is daar ook by geleentheid aanbiedinge aan die Jode gemaak om hul staat op plekke soos Oeganda en Madagaskar te ontwikkel. Hulle het dit geweier en aangedring op hul historiese tuisland.

Met uitsondering van prof Boshoff se AVSTIG stem alle volkstaters saam dat 'n eie land in Transvaal, die Vrystaat en Noord-Natal moet wees. Al verskille wat bestaan, en wat verskillende kaarte tot gevolg het, is die vrac:

- Hoe verreken 'n mens op verantwoordelike wyse die politieke, demografiese en sosio-ekonomiese verwickelinge sedert 1902 om die minste ontwrigting te veroorsaak en andere se verworwe regte sover moontlik te respekteer?
- Hoe gaan verhoed word dat so 'n volkstaat weer soos die twee voormalige republieke landgebonde en dus kwesbaar bly?

In dié dinamiese volkstaatdebat het verskillende organisasies verskillende studies gedoen en verskillende kaarte gepubliseer om die probleme te bespreek. Ook die Vereniging van Oranjewerkers het so 'n studie gedoen en in 1990 hul voorstelle vervat in die boek *Afrikanerland - 'n Gebiedsaanduiding*. Ons meen dit is 'n praktiese, uitvoerbare en redelike voorstel wat daarin slaag om die meeste "besware" teen 'n volkstaat te ondervang. Die meegaande kaart berus op die volgende gegewens:





SÓ LYK DIE ORANJEWERKERS SE KAART VAN DIE VOORGESTELDE AFRIKANERLAND.

**Historiese basis:** Dit is die grondgebied waarop die Boere-Afrikanervolk die sterkste historiese aanspraak het, wat dateer uit die tyd van die Groot Trek. Die aangeduide gebied is deel van die voormalige ZAR (Sandrivierkonvensie 1852) en OVS (Bloemfonteinkonvensie 1854) en gegrond op die sogenaamde Geruilde Gebied, Verwerde Gebied en Gekoopte Gebied.

**Getalbasis:** Binne die gebied woon meer as 1 500 000 Afrikaners, asook 400 000 "ander blankes" - altesame sowat 2 miljoen. In die gebied woon ook sowat 2,3 miljoen swartes - etnies baie verdeel. Dié getalverhouding van sowat 1:1,15 is die beste wat in enige plek verkry kan word. Sowat 54 persent van alle Afrikaners woon al in die gebied, hulle vorm meer as 33 persent van die totale bevolking en die blankes 42 persent. Deur finale grensaanpassings kan dié posisie dramaties verbeter word.

**Ekonomiese basis:** Die gebied lewer 29% van die RSA se Bruto Geografiese Produk (Landbou 31%, Mynwese 38%, Fabriekswese 29%, Konstruksie 22%, Handel 20%, Vervoer 21%, Finansiering 25%, Gemeenskapsdienste 21%, Toerekenings 34%, Owerheid 35%, Ander 26%). Die gebied het 'n voldoende infrastruktuur om as onafhanklike staat te kan bestaan.

**Politieke basis:** Die gebied is histories die swaartepunt van die Afrikanernasionaliste. 'n Bewys is dat die KP 'n setelmeerderheid binne die gebied het en meer as 80% van alle plaaslike owerhede beheer.

**Morele basis:** Duidelik word net aanspraak gemaak op grond wat histories aan die Afrikaner behoort. Dis 'n baie realistiese eis: slegs 13,5 persent van die RSA se oppervlakte - die Afrikaners maak omtrent 13 persent van die RSA se totale bevolking uit. Dit erken ander volke se belange deur groot vreemde besittings uit te sluit. Dit bied 'n realistiese antwoord op die twee ekonomiese punte van kritiek: (a) Julle wil alles vat. Dit laat meer as 70 persent van die ekonomie aan die RSA. (b) 'n Volkstaat is nie ekonomies haalbaar nie. Met 'n BGP van 29 persent van die RSA s'n, is daar geen twyfel oor die haalbaarheid nie. En omdat die gebied veral "regse" setels insluit, is dit demokraties regverdigbaar.

**DIEVOORSTEL** bepaal nie finale staatsgrense nie - dié moet beding word in 'n interne onderhandelingsproses tussen volkstaters en 'n eksterne proses met die owerhede. Die Eenheidskomitee het al 'n kaart aanvaar wat soortgelyk is, maar met die grense anders gesny. Dis duidelik moontlik om vir die Afrikanervolk 'n gebiedsbasis aan te dui - daar kan selfs meer as een gebied wees. Belangrik is dat die gesprek gevoer moet word en dat die Afrikaners deur regstellende aksies die kans moet kry om 'n eie volksbasis uit te bou en te bestendig, soos dié kans aan die swart volke gebied is. Dit beteken nie die herinstel van apartheid nie - apartheid het ons land vervreem. Dit beteken die prys vir vrede moet deur almal betaal word en nie deur net een seksie van die bevolking nie.

# 'N ONVERDEELDE LAND IS ONMOONTLIK

SEDERT KODESA I EN AL DIE INSETTE DAARNA, HET DIE AFRIKANERS WAT 'N VOLKSTAAT NASTREEF GEEN WERKLIKE SEINE GEKRY DAT DIE BEOORDELING OM NIE AAN KODESA DEEL TE NEEM NIE, 'N FOUT WAS NIE, SKRYF BLOKKIES DE BEER, SEKRETARIS VAN DIE ORANJEWERKERS

**SKYNBAAR** kan mense nie beseef word nie dat die poging om Suid-Afrika 'n onverdeelde land te maak nie net prakties onmoontlik is nie, maar ook nie op gesonde staatkundige beginsels berus nie.

Die herhaalde waarskuwings word blykbaar ook nie ernstig genoeg bejeën nie: dat 'n groot getal Afrikaners niks minder as 'n soewereine eie staat sal aanvaar as deel van 'n skikking nie. Moet die Afrikaner waarlik eers sy aanspraak "bewys" soos die ANC en Inkatha voordat hulle ernstig opgeneem sal word? Dit is laat in die dag!

Die volgende redelike uitgangspunte behoort 'n haalbare en duursame skikking moontlik te maak:

1. 'n Ooreenkoms wat verskillende keuses akkommodeer moet die vertrekpunt wees. Die versoening van keuses is die wese van onderhandelinge - al is hulle botsend.
2. Voortvloeiend hieruit sal dit duidelik blyk dat botsende keuses eerder in verskillende staatkundige gebiede naas mekaar erken moet word. Dan kan makliker oor gemeenskaplike sake tot 'n vergelyk gekom word.
3. In die Suider-Afrikaanse konteks beteken dit dat die stamgebied, die monargale stelsel, die republikeinse tradisie, die federale kompromie en die saambindende konfederale samewerking in praktiese demokratiese strukture en gebiede georden moet word. Die klem moet op kleiner staatkundige eenhede geplaas word wat op 'n losse basis saamgevoeg word binne 'n vrye interafhanklike groter ekonomiese samewerkingsverband soos 'n gemeenskapsmark (vergeelyk die EG).
4. In uitsonderlike gevalle - wanneer noodsaaklik - kan skeidingsmaatreëls (klein apartheid) ingestel word in die gebied. Dit moet egter binne die kortste moontlike tydperk afgeskaf word. Dit is 'n vorm van "affirmative action" wat net so lank duur as by die moontlike agterstande van sekere groepe wat spesiale maatreëls vereis. Gelyke kontak en gelyke kanse moet al meer die norm wees.
5. 'n Samewerkende streekontwikkelingsplan moet so gou moontlik opgestel en gesamentlik toegepas word en verantwoordelikheid moet daarvoor aanvaar word.
6. Die verskeidenheid van bestaande besetting, veral die huidige verstedeliking, moet as vertrekpunt dien. Net 'n relatief klein persentasie mense kan deur staatsingryping verskuif word. Die meeste mense moet deur die normale migrasiefaktore beweeg word of andersins kan aanvaarbare maatreëls deur onderhandeling daargestel word.
7. Genoemde billike uitgangspunte is die grondslag waarop die Boere-Afrikaner sy keuse van 'n eie vaderland eis - kleiner as die huidige sogenaamde "Blanke" land. Dié keuse van die meeste Afrikaners is ononderhandelbaar net soos wat andere ook sekere ononderhandelbares stel, bv: sg "Demokrasie".
8. Weer: die mees praktiese manier om voorsiening vir onderhandelbares te maak, is om dit in verskillende staatsruimtes te erken. Suid-Afrika is groot en ryk genoeg om vir almal se keuse voorsiening te maak - indien ongebreidelde bevolkingsgroei beheer word.
9. Die les wat die Afrikaner die laaste eeu geleer het, is:

- Geen enkele volk, party of groep het die reg op die hele Suid-Afrika nie.
- Geen algemeen aanvaarbare skikking is moontlik indien sulke volke, groepe en partye se belange, om watter rede ook, aan dié van ander ondergeskik gestel word nie. Dis 'n resep vir botsing, geweld en onderdrukking.

Ons moet nie probeer om weer die wiel uit te vind nie - daarvoor is die prys te hoog en is dit bte laat in die dag.

# DIE RAAISEL RONDOM DIE VLIEGENDE WOLKOMBERS

## LIBERTYN HET *DIE WOND EN ANDER VERHALE* (HAUM, 1992) ONDER OË GEHAD, EN 'N PAAR DINGE LAAT HOM WONDER

BY die eerste versigtige aanblik van *Die wond en ander verhaale*, HAUM-literêr se uitgawe van die weners in *De Kat* se kortverhaalwedstryd, het daar iets van 'n onrustigheid by my ontstaan. Die buiteblad-illustrasie van Marié Strauss op die voorblad onthou ek - maar is dit dieselfde skildery as dié wat saam met Koos Prinsloo se wenverhaal in *De Kat* gebruik is?


Op die oog af is daar iets mis met die illustrasie. Wat, byvoorbeeld, is daardie grys kol verf links bo in die hoek veronderstel om uit te beeld? Ek het in *De Kat* gaan rondblaa, en nadere inspeksie onthul dat dié smeersel die oorblyfsel van die engel op Strauss se skildery is nadat die bandontwerper daarmee klaargespeel het.

Nou lyk dit soos 'n stuk van 'n vliegende wolkomers. Raaiselagtig, om dit sag te stel. Wat sou William Steyn, die bandontwerper, besiel het om die interessantste gedeelte van 'n skildery af te sny, om ontslae te raak van 'n mollige engeltjie in al haar naaktheid? Gebrek aan ruimte kon dit nie gewees het nie, want rondom die illustrasie is daar breë sypaadjies van wit.

Toe val iets anders my skielik op. Is daar enige verklaring vir die feit dat die vrou voor op die skildery nou nie meer 'n wond op die onderbuik het nie? Ook hier het die bandontwerper - en was dit sy eie besluit? - 'n stuk afgesny, en nie 'n onbelangrike stuk nie: dit is die teken van weerloosheid wat in die slag gebly het.

**AL IS DIT DEESDAE** anachronisties om 'n verduideliking vir enigiets te vra, sou 'n mens graag wil weet waarom hierdie ingrype plaasgevind het. Of gerusgestel word dat ons nie hier te doen het met 'n opsetlike kuising van Strauss se skildery nie.

Dit sou miskien interessant wees as iemand eendag 'n klein studie onderneem na wat met kunswerke gebeur onder die glibberige hand van 'n bandontwerper, of onder die skroomvallige oog van 'n uitgewer wat oor sy skouer loer.



Hierdie skroomvalligheid is des te meer opmerklik omdat die uitgewer - as dit die uitgewer is, want ook vir die inhoudelike ingrype word geen verklaring gegee nie - op eie stoom verhaale in die bundel ingesluit het wat nie deur *De Kat* se keurders in hulle verslag vermeld is nie.

In *Die wond en ander verhaale* is daar die tien weners plus die vier eervol vermeldde tekste van Maretha Maartens, Pieter Pieterse, Alexander Strachan en Marlene van Niekerk. En dan, heel verrassend, ook vier verhaale van Jeannette Ferreira, JM Gilfillan, Charles Malan en Chris Pelsler.

Waarom? Ons het deesdae meer boekpryse as goeie boeke, ons het skryfkompetisies en boekbekendstellings en 'n hele bedryf rondom die letterkunde wat Peter Blum se stelling waardier maak as ooit: die vroedvroue trap die babas dood.

**MAAR AS DAARNOU** eenmaal 'n paneel was wat die korrels van die kaf moet skei, wie besluit agterna om uit die vyftig verhaale wat aan die keurders voorgelê is, nog vier in te sluit wat hulle nie genoeg beïndruk het nie?

Eers het ek gedink dat dié vier ekstra verhaale so flitsend en briljant is dat die uitgewer genoopt gevoel het om hulle in die bundel op te neem. Dat hulle die deurlugtige afgeskeptes van die keurproses was.

Ek is bevrees dat hierdie verklaring nie steek hou nie. Vermoedelik het die keurders Ferreira se "Die sensitiewe leser kan ontstel word" gelees en oorweeg; vermoedelik was hulle sensitiewe lesers en dus ontstel deur die feit dat Ferreira die verhaal nie klaar geskryf het voordat sy hom gepos het nie.

Gilfillan se "Ik heet Wouter" is 'n sentimentele teks wat nie opweeg teen die ander stories nie. En Chris Pelsler se "Ag ja, so sug die kondukteur, so lyk die nuwe Suid-Afrika" is min of meer onverstaanbaar buite die konteks van *Soveel nagte plotseling*, waarin die teks later verskyn het.

**DIT BRING MY BY** die grootste raaisel: Charles Malan se "Hiernamaals". Soms hoef 'n mens maar die eerste paragraaf van 'n verhaal aan te haal:

"Haar liefde het hom toe een dag sy lewe gekos, iets waarteen mense dikwels waarsku wanneer 'n ouer man met 'n warmbloedige jong vrou deurmekaar is. Aanvanklik het hulle mekaar vanweë die moontlike verraad van sy liggaam net enkele kere versigtig bemin, maar die dag toe hulle albei toegelaat het dat die springty van hāar liggaam wild oor hom spoel, was die uiteinde onvermydelik. Sy ekstase was 'n lewensklimaks en 'n omhelsing van die dood. Daar was vonke in die kragtige rekenaar in sy skedel, 'n harwar in sy hart en hy het stom omgerol."

Malan het die hulp van 'n skryfskool nodig - al hoef dit nie die een op Potch te wees nie - net om dié selfversekerde toon van 'n verteller wat met literêre welsprekenheid reg op die leser se lip kom sit, terstond af te leer. Dis 'n verteller wat adjektiewe soos rotsblokke in die weg van die leser kom lê. Die Engelse het hiervoor 'n goeie woord: *overwritten*. Wat iets anders is as: oorgeskryf met die oog op publikasie.

Die mense van HAUM het van die engeltjie en die buikwond korte mette gemaak, en hoe wens 'n mens jý kon sê dat die paar ekstra verhaale in die bundel daarvoor vergoed.

**GAY  
ASTRO  
MATCH**

**VIND JOU LIEFLING STER**

Maak seker van onseker afspraak! Met Gay-Astro-Match, is jou sielsgenoot dalk net 'n oproep ver. Ervaar die vertroue en veiligheid van volmaakte karakteraanpasbaarheid. Die tydgeborende kunde van die Astrologie (nie net jou sontekens nie) is die beste manier om aanpasbaarheid te verseker. Gay-Astro-Match bied jou 'n lys van gepaste nuwe maats asook 'n gratis 40-50 bladsy gedrukte studie van jou persoonlike geboortekaart wat al jou astrologiese data bevat.

**MANS Skakel 087-30-00-810**  
**DAMES Skakel 087-30-00-811**

**BEHOU DIE SPRANKEL IN JOU VERHOUDING**

Al is julle verhouding langdurig of pas aangeknoop, sal ons spesiale Astrologiese Aanpasbaarheidlyn julle 'n diepgaande 20-bladsy gedrukte analise van die verhouding gee, wat kosbare insig bied in die geheimenisse van liefde en vriendskap.

**MINNAARS Skakel 087-30-00-809**  
**VRIENDE EN KOLLEGA'S Skakel 087-30-00-815**

**ONTDEK JOU EIE MENSWEES**

Verseker dat jy altyd op die regte oomblik op die regte plek is. Met behulp van die omvattende 40-50 bladsy uitleg wat jy gaan kry, sal jy buitengewone insig kry in dit wat jy ervaar en wat die toekoms vir jou in jou in die maande wat voorlê. Skakel nou en kry beheer oor jou lewe!

**087-30-00-814**  
**PHONE MEDIA 402-1580**

Column G3 15 0010

# HOSTELLE: VESTINGS VAN VREES

**DIE MENSESLAGTING BY BOIPATONG HET DIE KOLLIG WEER EENS OP DIE HELE KWESSIE VAN HOSTELLE LAAT VAL. BEIDE DIE GOLDSTONE-KOMMISSIE EN DIE ANC HET REEDS HUL KOMMER UITGESPREEK OMDAT DAAR OËNSKYNLIK NIE VORDERING BY DIE REGERING IS IN HUL VOORNEME OM DIE HOSTELLE UIT TE FASEER NIE. DIT IS NOU DRINGEND TYD DAT IETS AAN DIE SAAK GEDOEN WORD, SKRYF INA VAN DER LINDE**



FOTO: ERIC MILLER

Die eerste salvo's in die hostel-oorlog kan terugherlei word na 'n reeks aanvalle op die Sebokeng-hostel op 22 Julie 1990. Sedertdien het die geweld vinnig na die Oos-Rand, Soweto, die Wes-Rand en Alexandra-township versprei.

Volgens 'n verslag van die Onafhanklike Raad van Ondersoek is hostelle sedertdien in gewapende vestings omgeskep vanwaar aanvalle op omringende gemeenskappe en veral op plakkerskampe gedoen is. In meeste gevalle is nie-Zoeloes uit die hostelle verdryf en waar Zoeloe-inwoners teen geweld gekant was, is hulle ook met geweld uit die hostelle verwyder.

Die groot, meestal bouvallige hostelle is omgeskep in vestings van vrees. Die geslote aard van die hostel-stelsel en die bestaan van groot konsentrasies van enkelopende mans, het 'n volmaakte omgewing geskep vir afdreiging, vinnige mobilisering, onmiddellike vergaderplekke en die voorbereiding van gewapende aanvalle.

Terselfdertyd was hostelle en hostelbewoners self nie immuun teen aanvalle nie. Die geweld aan die Rand het begin toe honderde hostelbewoners gedwing is om uit hul kamers te vlug toe Inkatha begin het met 'n brutale en aggressiewe werwingsveldtog' wat

saamgeval het met sy oorskakeling van 'n kulturele organisasie na 'n politieke party.

Beweringe van ontvoerings, verkragtings, aanvalle en moord is voortdurend teen hostel-bewoners gemaak. Hostelle is beskryf as opleidingskampe, wapenopslagplekke en -fabrieke. Inwoners is gekoppel aan aanvalle op treine en op nagwake, veral in Alexandra en Sebokeng.

**VOLGENS COSATU** is daar meer as 'n halfmiljoen hostelbewoners in die PWV-gebied. Daar is sewe hostelle in Johannesburg vier in die stad en drie in Alexandra, agt in Soweto, drie aan die Wes-Rand, en vier in die Vaal-gebied.

Die meeste hostelle kom voor aan die Oos-Rand waar die meeste geweld gepleeg is. Katlahong het byvoorbeeld sewe hostelle, Thokoza vier, Vosloorus agt en Tembisa vyf.

Die vakbond-bewegings het in die vroeë tagtigerjare hul organisatoriese basisse aan die Oos-Rand gevestig deur trekarbeiders in die hostelle te werf. Dit het gedien om die gevoel dat hostelbewoners uitgestoten is, af te breek.

Maar in die middel-tagties het die vakbonde opgehou om hostelle as hul organisatoriese basisse te gebruik en begin om vakbonde vanuit kantore en by hul

werkplekke te organiseer. Dié veranderinge het tot gevolg gehad dat tussenmense uit voeling geraak het met die vrese van hostelbewoners. Dit het gelei tot 'n toename in politieke en sosiale vervreemding en die neiging om hul belange as verskillend van dié van die civics (die inwoners-organisasies) te sien. Ooreenkomste tussen civics en stadsraadslede is as 'n bedreiging gesien. So het die geweld in Alexandra in Maart 1990 gevolg kort na die ondertekening van 'n ooreenkoms tussen die Alexandra Civic Organisation en die Transvaalse Provinsiale Administrasie.

**HOSTELLE WAS NOOIT** werklik gesien as deel van die gemeenskap nie. In die 1976-opstande in Soweto het inwoners van die Mzimhlope-hostel, byvoorbeeld, aanvalle opleerlinge geloods. Een van die kwessies wat vyandigheid veroorsaak het, was dat hostelbewoners aangedring het op hul reg om te weier om deel te neem aan wegbly-aksies. 'n Week voor die voorgestelde wegbly-aksie, het lede van die SAP hulle toegesprek en gevra waarom hulle al die pad van Zoeloland af kom om dan van die werk af weg te bly. Polisielbeskerming is belowe vir diegene wat wou gaan werk. Op pad werk-toe het jeugdige die

hostelbewoners uitgetart.

Daardie aand toe hostelbewoners by die Mzimhlope-stasie van die treine aklim, moes hulle die woede van die inwoners ontgeld. Teen die tyd dat die mans hul hostel bereik het, is drie seuns van een van die hostelbewoners reeds langs die pad doodgemaak. Hostelbewoners het begin organiseer en die volgende oggend is 'n mense, meestal township-inwoners, doodgemaak.

Hostelbewoners was nog altyd beskou as huitestanders. Die gevoel van vervreemding van die res van die gemeenskap het sedertdien toegeneem. Hostelle is óf Inkatha-, óf ANC-vestings. In die Vaal-gebied word die KwaMaziza-hostel as 'n ANC-vesting beskou en KwaMadala as 'n Inkatha-vesting.

Weens die sterk hiërargiese en dwingende aard van hostel-organisasies en die rol wat indoenas (raadgewers van mense met dieselfde van of stam, of wat uit dieselfde gebied afkomstig is) speel, is dit maklik om hostelbewoners te organiseer en te beïnvloed.

**VANUIT DIE BEWAPENDE** vestings word aanvalle op die gemeenskap gedoen. In Alexandra, byvoorbeeld, moes inwoners wat naby aan die hostel bly, uit hul huise vlug weens die voortdurende aanvalle wat op hulle gedoen is. In Meadowlands is straatblokke rondom die hostel verlate, en moes 'n skool daarnaas sluit. Daar is voorbeelde van aanvalle wat vanuit hostelle in die middestad - gebiede soos Denver, George Goch en Jeppe - op township-inwoners van Sebokeng beplan is. Daar is verskeie gevalle waar Inkatha met aggressiewe werwingsveldtogte begin het, en waarna geweld erg toegeneem het. So is nie-Inkatha-lede in Augustus 1990 gedwing om hostelle in Thokoza te verlaat. Hulle het na Phola Park gevlug en die herhaalde aanvalle tussen hostel-bewoners en Phola Park-inwoners is vandag geskiedenis.

Hostelle is omgeskep in opleidingsentra waar wapens vervaardig en geberg word. Tussen Julie 1990 en April 1992 het die Onafhanklike Raad van Ondersoek altesame 261 gevalle van aanvalle op township-inwoners aangeteken. Hiervan word 140 aanvalle toegeskryf aan hostelbewoners wat in Soweto bly. Die aanvalle is hoofsaaklik afkomstig uit die Mzimhlope-hostel in Meadowlands. Die hostel word verantwoordelik gehou vir 34 aanvalle, waarin 84 mense dood en 70 beseer is. ▶

Reg van die begin af is die SAP as bondgenote van Inkatha beskou. Dié "onheilige vennootskap" spruit uit die dae toe die Polisie hostelbewoners wat nie wou deelneem aan wegblyksies nie, beskerm het teen inwoners wat hulle wou intimideer. Beweringe dat die SAP voete sleep as dit kom by die konfiskering van wapens van Inkatha-lede is al tot vervelens toe gemaak.

Die Onafhanklike Raad van Onderzoek sê in sy verslag dat alle hostelbewoners nie by die geweld betrokke is nie. Daar is verslae dat sekere elemente in die hostelle inwoners dwing om geld by te dra tot die koop van wapens en kos vir werkloos in die hostelle en wat deel van die sogenaamde vigilante-mag uitmaak wat omringende gemeenskappe terroriseer.

Laasjaar was daar gerugte van onenighede in sekere hostelle na die ondertekening van die vredesverdrag. 'n Minderheid van die inwoners het hul ondersteuners versoek om die wapen neer te lê, hoewel dit beweer word dat die meerderheid nie die vredespogings steun nie en aktief probeer om die ooreenkoms te saboteer. Anti-vredesfaksies terroriseer glo hostelbewoners om belasting te betaal, vergaderings by te woon waar aanvalle beplan word en om daaraan deel te neem.

**BYDIEMZIMHLOPE-HOSTEL** het inwoners wat 'n byeenkoms op Ulundi bygewoon het, teruggekom met 'n versoek van hoofminister Mangosuthu Buthelezi dat die geveg gestaak word. Sogenaamde "warlords" sê glo aan ondersteuners om die oproep vir vrede te ignoreer.

Terselfdertyd, sê die verslag, is daar 'n gees van weerstand aan die ontwikkel onder baie Zoeloe-sprekende hostelbewoners teen die "warlords", maar dit is hoofsaaklik beperk tot gebiede in Natal en maak 'n klein minderheid uit.

Volgens die Raad het die SAP onlangs begin om die bedreiging van hostel-aanvalle ernstiger op te neem. Onlangs is daar 'n wapen-arsenaal in Alexandra se Madala-hostel opgespoor, maar in gevalle waar wapens wel opgespoor word, word beweer dat dit altyd weer hul weg na die hostelle terugvind.

Hardnekkige klagtes doen nog steeds die rondte dat die SAP nie genoeg moeite doen om hostelle binne te dring en wapens te konfiskeer nie.

In September 1990 het Staatspresident FW de Klerk die minister van Gesondheid, dr Rina Venter, opdrag gegee om die hosteltoestande te ondersoek. Ook Leon Wessels, minister van Nasionale Behuising en Plaaslike Regering, het onlangs die toestand van die hostelle as "onaanvaarbaar" bestempel. Intussen het die regering R296,6 miljoen beskikbaar gestel vir die "verandering en opgradering" van hostelle.

**DIT BLYK DAT DIE KWESSIE** van konsultasie aan die wortel van die dispuut tussen hostelbewoners en die TPA lê. Hostelbewoners aan die Oos-Rand het hulle "ernstige kommer" uitgespreek oor

die voorgestelde verbetering van R7,7 miljoen aan hostelle aan die Oos-Rand. Die voorsitter van die Thokozwa Hostelbewoners Vereniging, Zakhele Mlambo, het gesê: "Ons verwerp die planne deur die administrasie of enigeen om hostelle op te gradeer sonder om ons te raadpleeg." 'n Woordvoerder van die TPA sê verskillende opsies word op die oomblik ondersoek, maar hostelle kan nie gesloop word nie, omdat daar nog 'n behoefte bestaan aan akkommodasie van alleenlopers.

Hierenteen staan Cosatu die verandering van hostelle in gesinseenhede voor en glo, soos Pallo Jordan van die ANC, dat die meerderheid hostelbewoners ten gunste is dat hostelle opgegradeer word om gesinne te huisves. Hulle gee egter toe dat daar sommige hostelbewoners is wat enkelwoonkwartiere verkies, maar die vervalte toestand van die hostelle veroordeel.

Die Soweto Civic Association wil weer hê dat hostelle heeltemal afgebreek word omdat dit as die "oorsaak van geweld" in die townships beskou word.

Hierteenoor sê Inkatha-woordvoerder Bafana Mazibuko dat die hostelle opgegradeer moet word, maar dat dit steeds voorsiening moet maak vir enkellopers omdat meeste Inkatha-lede verkies dat hul gesinne in die plattelandse gebiede woon.

Mazibuko gee toe dat baie van die mense wat in die hostelle woon, werkloos is omdat die goedkoop verblyfartiewe toevlugsoorde vir werkloos geword het.

Inkatha-woordvoerders sê hostelbewoners kan nie duurder behuising bekostig nie, en dat gesinne wat na die stede toe gebring word, toereikende behuising, werk en onderwysgeleenthede moet hê. Hulle bestempel pogings om hostelle te sloop as "onverantwoordelik en onrealisties".

**DIE RAAD VAN ONDERSOEK** glo dat daar wel 'n goue middeweg te vinde is tussen die standpunte van Inkatha en die ANC.

"Deel van die probleem met vandag se hostelle is dat dit duisende en duisende inwoners huisves wat geïsoleer staan van die breër gemeenskap. Die oplossing is moontlik om baie kleiner eenhede te hou wat heeltemal met die gemeenskap geïntegreer is. Die eenhede moet nie op een plek gekonsentreer wees nie. In gebiede waar gesinseenhede gebou is, soos in Tembisa, het die geweld nie sulke afmetings aangeneem nie. Die aanwesigheid van gesinne dien as 'n remmende meganisme.

"Dié kleiner eenhede behoort 'n kombinasie van enkelkwartiere en gesinseenhede te wees. Om die groot veel-verdieping hostelle in gesinseenhede om te skep, mag omprakties wees en die oplossing lê moontlik in heeltemal nuwe benadering waar hostelbewoners genieflik gehuisves word en die keuse het of hulle hul gesinne by hulle wil hê of nie."

Hoofsaak is dat weggedoen word met die barakke-atmosfeer in die hostelle, en dat dit gou moet geskied.



PIC: SARAH PRALL

## KWAMADALA: 'N GESKIEDENIS VAN TERREUR

Die vervalte KwaMadala-hostel aan die rand van die Yskor-staaiwerke in Vanderbijlpark is nie van vandag af in die nuus nie. Volgens 'n omvattende Cosatu-verslag wat al 'n geruime tyd gelede opgestel is, was daar 'n aansienlike toename in die aantal voorvalle van geweld en intimidasie in die gebied sedert November 1990.

Inwoners van die gebied beweer die hostel word gebruik om mense te huisves wat nie werknemers van Yskor is nie. Yskor het die hostel heropen ná botsings tussen Inkatha-ondersteuners en ANC-ondersteuners by die ander Yskor-hostel, KwaMaziza. Ondanks die feit dat Yskor ontken dat daar mense in KwaMadala woon wat nie by Yskor werk nie, was agt van die beskuldigdes wat betrokke was by die moorde tydens die sogenaamde Nangalembe Nagwaak, inwoners van KwaMadala, hoewel hulle nie vir Yskor werk nie.

Hieroor is verskeie memorandumdestyds gestuur aan Yskor, wat eers nou, ná die massamoord op inwoners van die gebied, belofte het om iets aan die saak te doen.

Behalwe die herhaalde aanvalle wat na die hostel herlei kan word, word die inwoners ook verbind met 'n "sekslawe"-skandaal. Volgens verslae in die pers is meisies so jonk as 12 deur inwoners van die hostel ontvoer en in die hostel gevange gehou en gemolesteer. Een van die meisies is nou positief getoets vir Aids en 'n ander is verwagting.

In een beëdigde verklaring sê 'n jong meisie: "Die ervaring was verskriklik en ek het my bewussyn verloor na die 16de man".

Nog een beweer dat sy om genade gesmeek het, maar dat dit op dowe ore geval het.

**VAN DIE VOORVALLE** wat aan KwaMadala-inwoners verbind word, is volgens die verslag die volgende:

- **15 April 1991:** Skoolleerlinge wat aan 'n protes teen Bantoe-onderwys deelgeneem het, is deur inwoners van die KwaMadala-hostel met sambokke geslaan.
  - **11 Mei 1991:** Wellington Makhallime, 'n lid van die National Union of Metal Workers of South Africa (Numsa), 'n inwoner van die KwaMaziza-hostel, en eerw Jiholo Bhenene is geskaak terwyl hulle in laasgenoemde se motor gery het. Hulle is na die KwaMadala-hostel gebring en ondervra oor die aktiwiteite van drie senior Numsa-lede wat by Yskor werk. Hulle is nie aangerand nie en is later vrygelaat.
  - **25 Mei 1991:** Werkers van Natal wat in die Bophelong-plakkerskamp woon, is deur inwoners van KwaMadala besoek wat hulle gedwing het om deel te neem aan 'n IVP-byeenkoms die volgende dag.
  - **6 Junie 1991:** Mtwana Zulu, Khetisi Kheswa en ander het besoek afgelê by die huis van 'n ANC-leier, Ernest Sotsu. Hy was nie tuis nie en hulle het 'n boodskap gelaat dat hy hom by KwaMadala moet aanmeld, anders gaan hulle hom doodmaak.
  - **3 Julie 1991:** 'n Sterwende sesjarige het na bewering een van die mense uitgeken wat die Sotsu-huis aangeval het en sy vrou, dogter en kleinseun doodgemaak het. Die man is 'n inwoner van KwaMadala.
  - **7 Julie 1991:** Vyf mense is dood en tien is beweer by die Erika Tavern in Sone 7, Sebokeng. Een van die aanvallers is gearresteer en sy adres is aangegee as KwaMadala.
  - **15 Julie 1991:** Polisiemanne het na bewering gestaan en toekyk hoe meer as 300 mans van die KwaMadala-hostel inwoners in Boipatong aanval. Inwoners beweer dat een man in die aanval gedood is en dat die SAP na die tyd lede van die groep na die hostel teruggebring het.
  - **8 Augustus 1991:** Inwoners van Boipatong word deur inwoners van KwaMadala aangeval ná die begrafnis van 'n IVP-lid.
  - **10 Februarie 1992:** Verskeie mense is aangeval en party byna ontvoer toe inwoners van KwaMadala mense ná 'n hofsak in Vereeniging gejaag het. Die leier van die ANC se Vroueliga, Selloabe Phethane, sê terwyl sy in 'n winkel geskuil het, het sy 'n KwaMadala-inwoner hoor sê as hulle haar vang, sal sy in die hostel "uitgesorteer" word.
- Inwoners van Boipatong en ander woongebiede in die Vaal-gebied beweer inwoners van die hostel is verantwoordelik vir die dood van 50 mense. Dit was voor die Boipatong-slagting twee weke gelede...

# LIFE IN HELEN JOSEPH

IN ALEXANDRA, JOHANNESBURG, THOUSANDS OF WOMEN ARE LIVING IN A UNIQUE LEGACY OF APARTHEID  
- THE ONLY WOMEN'S HOSTEL THAT WAS ERECTED IN A TOWNSHIP. LUCKY KHUZWAYO PAYS A VISIT

WHEN I VISIT the women's hostel in late afternoon it's peak hour for the night-shift workers. Nurses and other night workers are standing with their hand-bags at the gates, waiting for taxis. Men are waiting for their sweethearts to pitch up - and some seem to be waiting in vain.

Next to the hostel there is a complex of shops including a beer hall which sells sorghum beer. The hostel's entrance is rather hectic - like the centre of Johannesburg on a Saturday. The inhabitants come in and out. Teenaged boys are playing on the premises.

Men are not allowed inside the hostel without a permit. They may enter up to the second gate, I am told, but if they pass the third gate, they are trespassing.

The hostel, named Helen Joseph, can accommodate about 4 000 women and is not far from the notorious M1 hostel (also known as Madala) in Fourth Avenue. Just two streets - Selborne Street and Roosevelt Street - separate them.

When Alexandra residents resisted the forced removals in the sixties, it was almost turned into a hostel township. Industrial areas were developed in the vicinity and more than ten hostels were built to accommodate workers. Since then, most of the hostels have been demolished and proper houses built. Today only three hostels remain in this comparatively small township.

I MEET Thembeke Mathabela, who serves on the hostel committee. She comments on the beer hall right next door: "That used to be our hall where we could meet. We were amazed when it was turned into a beer hall - nobody had consulted us. You know, about three hundred of the displaced families could be housed in that hall."

Mathabela suspects the beer hall's customers of pelting the hostel with stones at night. Several of the windows have been smashed.

The women's hostel was opened in 1972, says Mathabela - who complains about the conditions residents have to endure.

"It's awful and dehumanizing," she says. "The toilets are blocked and windows that were broken in the seventies have still not been repaired."

"Inside the dormitories we don't have ordinary plugs where we could at least iron our clothes. We have to go to the laundry - and even there is a shortage of plugs and sinks."

And this means queueing, she says. "Wherever we share facilities there are people waiting in line - because the facilities are far from adequate. In one block there are about 79 occupants who share five toilets and bathrooms. The occupants of two blocks - which means 158 people - have to share one kitchen with 30 plates."

Even though the hostel residents have complained to the councillors several times, nothing has been done to improve their living conditions, says Mathabela.

"Promises were made that repairs would be made - but these were not kept. That's why we decided to start boycotting the payment for services in 1990. Why should we pay for such poor services?"

OUTSIDE THE HOSTEL a police van is standing.

"During the day you can see them around," says Mathabela, "but when night falls, we are all by ourselves. The police are supposed to guard us, but our hostel residents have been assaulted and stabbed when they go

to the toilets or in passages. Some have been killed and we have buried them.

"The recent spate of violence has worsened the conditions," says Mathabela. "Some of the displaced women came in with older boys of 14 to 15 years who, according to the hostel's rules and regulations, are not allowed to share a dormitory with females."

It is difficult to take off your clothes in front of male children, says Mathabela, especially if you are not related to them.

"Besides the presence of older boys, the many small children add to the overcrowding. The lockers are so small that you can hardly squeeze your groceries inside.

"Even the mattresses we use today are still the same ones that were bought when the hostel was opened. We are seriously considering buying our own mattresses to sleep more comfortably."

UNLIKE SOME OF the men's hostels, which have gained a reputation for being strongholds of particular political movements, the women observe political tolerance in their hostel, says Mathabela.

"We don't hold political meetings on the premises," she says. "Supporters of a political organisation which has a rally or a general meeting are at liberty to attend. Though there are some of the supporters of a certain organisation who are provocative, we ignore them."

Also unlike the residents of the men's hostels in Alexandra, who have expressed suspicion at the civics' proposals to convert the hostels into family accommodation, the women are all for this, according to Mathabela.

"The conversion of the hostels would not eliminate the roots of violence, but it might minimise it," she says.

"It's a pity that you don't have a permit," says Mathabela. "I would like to take you inside so that you can see for yourself."


SO I PHONE the town clerk to obtain permission to enter the hostel. Permission is granted and the town clerk promises to confirm it to the superintendent by phone. But when I return to visit the hostel, no message has been left with the police. I decide to return the next morning when the superintendent will be in.

Next morning, even though I now have a permit to enter the huge building, a municipal policeman is ordered to accompany me inside.

The hostel is still. Most of the doors are locked. Here and there women are still in their morning-gowns. Others are doing their washing in the laundries. Nappies are hanging on the washing line. In one of the laundries we come across a man standing with his lover. Though he's not supposed to be there, the policeman ignores them. We see a few more men and I wonder how they managed to get into the restricted area.

The conditions inside the hostel are as Mathabela described them.

Some blocks have a few single dormitories which the occupant does not share with others - but these are scarce. In most cases there are four or six occupants to a room. The



PIC: PAUL GRENDON

beds are small, even for light-weight people.

Some women are drinking tea in one of the kitchens, while others seemed to be waiting for water to boil and one has finished her tea.

"Hi, morning," I greet the two women drinking tea and ask them briefly to comment on what life is like for a woman in a hostel.

"We are sorry," says one of the two women, "the employees of the City Council are not allowed to comment."

I approach another woman.

"It's veee...ry bad," she says. Then she stands up and vanishes into the nearby corridor.

"What can we do, we have to stomach it all," says a middle-aged woman from Transkei who has been living in the hostel since 1975.

"These dormitories are so small for four families," she says. "We are overcongested. Some came with a bad attitude and they will be as aggressive as possible."

"Sometimes people fight each other. Others could not take it any longer and have left the hostel. It depends on how one was raised and where you come from."

"In our dormitory we have developed a sense of trusting each other. I could go to Transkei and leave my locker open.

"So one thing is of utmost importance - perseverance."

# NOU JA, WAAR SAL ONS BEGIN?

## ECUADORSE NUWE PRESIDENT VAL NIE JUIS MET DIE NEUS IN DIE BOTTER NIE, SKRYF MARIA DA SILVA

**QUITO-** 'n Magdom probleme wag op Ecuador se nuwe president, Sixto Duran Ballen, wat Sondag gekies is. Terwyl die land in 'n ekonomiese krisis verkeer, moet hy die steun verkry van 'n parlement wat hy nie beheer nie om sy beloofde vryemark-hervorming op dreef te kry.

Die 70-jarige Duran, leier van die konserwatiewe Republikeinse Eenheid-party, neem op 10 Augustus die leisels oor by die huidige president, die Sosiaal-Demokraat Rodrigo Borja, wat volgens die grondwet nie herkiesbaar was nie.

Borja se linkse administrasie het die steun verloor van die Ecuadoriane namate die inflasiakoers gestyg het tot meer as 50 persent per jaar, werkloosheid toegeneem het tot 15 persent en die buitelandse skuld te staan gekom het op 12,2 duisend miljoen dollar.

Duran hoop om die situasie reg te ruk deur 'n program van ekonomiese hervorming. In sy verkiesingsveldtog het hy die privatisering van staatsbeheerde

nywerhede waar nodig voorgestaan, sonder om uit te spel watter maatreëls hy gaan toepas.

Die nuwe president moet ook 'n oplossing vind vir die verhoudingsprobleme met die Indiane, wat 40 persent van die bevolking uitmaak. Die Indiane het vroeër vanjaar besitreg verkry van 1,1 miljoen hektaar grond in die Amasonegebied, maar dreig steeds met 'n herhaling van die opstand van Junie 1990 wat tot ernstige botsings met die veiligheidsmagte gelei het.

Die Indiane dring aan op 'n nuwe grondwet wat Ecuador tot 'n "multinasionale" land sal verklaar - en sommige Indiane-leiers eis selfs 'n afsonderlike parlement vir Indiane.

**DURAN MOET BOONOP** 'n oplossing vind vir 'n grens-dispuut met Peru wat verhoudinge tussen die twee lande nou al 'n hele paar jaar vertroebel. 'n Dooiepunt heers in die onderhandelinge sedert pres Alberto

Fujimori van Peru die grondwetlike regering in dié land in April opgeskort het.

Nog 'n prioriteit vir die nuwe president, sê politieke waarnemers, sal wees om die integrasie van die Andes-lande voor te staan op die grondslag van die Andes-Verdrag, 'n soort gemeenskaplike mark tussen Ecuador, Colombië, Peru, Bolivië en Venezuela waarmee tot dusver nog weinig vordering gemaak is.

Duran het dié week erken die Andes-Verdrag is in 'n krisis. Hy sê hy gaan voorkeur gee aan betrekkinge tussen Ecuador en sy buurlande, en terselfdertyd bande verstewig met Mexiko, die VSA en die Europese Gemeenskap.

Dwelmsmokkelary gaan hom ook hoofbrekens besorg. In die laaste paar jaar het Ecuador 'n tussenstasie geword vir die smokkel van dwelms en die chemikalieë wat gebruik word vir die produksie van kokaïen.

Sowat 400 tot 700 miljoen dollar se dwelmwinste is in 1991 in Ecuador

"skoongemaak" en magtige dwelm-kartels is besig om na vore te tree. Een bende, die "Reyes Magos" of die Magi, is verlede maand deur die owerheid verbreek.

Duran het belowe hy sal "energië" optree teen die dwelmbendes, maar het geen besonderhede verstrek nie.

As hy al dié probleme wil oplos, besef Duran, sal hy 'n kompromis met sy politieke teenstanders moet aangaan. Hy sê hy wil 'n "regering van nasionale samewerking" lei.

Om dit te doen, moet hy egter vry na 'n parlement wat hy nie beheer nie. Sy Republikeinse Eenheidparty het net 12 van die 77 setels in die parlement, plus nog vyf van die Ecuadoriaanse Konservatiewe Party van onderpresident Alberto Dahik. Maar 21 setels is in die hande van die Sosiaal-Christelike Party van Duran se vernaamste teenstander, Jaime Nebot Saadi. Duran het Nebot in Sondag se presidensiële verkiesing verslaan met 52 persent van die stemme teenoor Nebot se 42 persent.

- AFP

# DWELMS

VROEËR OF LATER SAL JY MET IEMAND MOET PRAAT




Die Polisie



Die Gereg




Die Begrafnisondernemer



Jou Apteker

Orals waar u die DWELMKUNDIGE teken sien sal u 'n apteker vind wat opgelei is om die probleem van dwelmmisbruik te hanteer. Die hulp is gratis en vertroulik.




Geborg deur  as 'n diens aan die gemeenskap

# GEE

JY NOG NET OF KOOP JY AL?

Ons vervaardig 'n verskeidenheid van T-shirts, sweatshirts, gholphemde en sweetpakke.



**NEW WORLD CREATIONS**

Tel (021) 701-8830

# 'WERKERS VAN CHINA, KOMPETEER!'

'N KOERANTBERIG WAT DIÉ WEEK IN CHINA VERSKYN HET, GEE 'N BOEIENDE VOORSMAAK VAN WAT TE WAGTE KAN WEES OP DIE CHINESE KOMMUNISTEPARTY SE KONGRES LATER VANJAAR, SKRYF BRUCE SHU

**BEIJING** - Die koppe kan weer begin rol in China, want die Chinese leier Deng Xiaoping is volgens 'n berig dié week in die dagblad *Bevryding* vasbeslote om huis skoon te maak in die Kommunisteparty voor die belangrike partykongres later vanjaar.

Almal wat sy ekonomiese hervormingsveldtog teenstaan, moet waai, waarsku Deng.

As daar "'n bietjie chaos" in die oorskakeling na 'n mark-stelsel ontstaan, is dit "aanvaarbaar", sê die 87-jarige patriarg volgens die dagblad.

"Ons moet eensydige ideologie en vooroordele jeens markte laat vaar en die vestiging van die nuwe sosialistiese mark-ekonomie bespoedig," sê Deng.

Die nuwe markstelsel sal volgens Deng ontslae raak van "diegene wat as amptenare gedien het, maar geen rykdom vir die volk geskep het nie, diegene wat jare lank geregeer het met so min verandering soos die berge en die riviere, en diegene wat lui en konserwatief is, en geteer het op die winste van hul voorvaders.

"Die versuim om op te tree, om met iets nuuts te begin en te kompeteer is die grootste foute en die grootste mislukings," sê Deng.

Die voorblad-artikel Maandag onder die opskrif "Oor hoe om sienings te verander" is die eerste openbare verslag van 'n toespraak wat Deng op 22 Mei gemaak het tydens 'n besoek aan die yster-en staalwerke in Beijing.

Daarin word duidelike riglyne uitgespel vir die verkiesing van hervormingsgesinde leiers op die 14e Kommunisteparty-kongres later vanjaar. Die kongres sal 'n nuwe leierskap kies en die partybeleid vir die volgende vyf jaar bepaal.

**DENG LEWER** 'n pleidooi vir die volle aanvaarding van mark-magte selfs al lei dit tot wanorde - 'n pleidooi wat wegbeweeg van die repressiewe houding wat gevolg het op die militêre onderdrukking van die demokratiese opstand van 1989 op die Tiananmen-plein.

"Wanneer tien miljoen breins begin werk om die grootste moontlike winste na te streef, sal dit beslis moeiliker wees om

hulle te beheer as die versteende situasie waarin een brein gehoorsaam word," sê Deng. "In dié omstandighede is die verskyning van 'n bietjie chaos onvermydelik en normaal."

Volgens die koerant sê Deng die mark moet eers bevry word, dan kan riglyne later neergelê word. Hy meen die aanvanklike probleme wat ondervind sal word, behoort nie as struikelblokke te dien in die weg van ingrypende hervormings soos die stigting van 'n effektebeurs nie.

"Dié ingrypende hervormings sal onvermydelik groot veranderings teweegbring in die ekonomie, die politiek, die wetenskappe en tegnologie, die kultuur en ander gebiede," sê Deng. "Dit sal onvermydelik belangrike veranderings bring in mense se gedragsnorme, lewenstyl, bewussyn, waardes en siening van reg en verkeerd."

**DENG SPREEK SY** steun uit aan amptenare wat die inisiatief neem. "Ons moet ons kaders meet aan die mark-ekonomie. Ons kan mislukking in mededinging in die mark toelaat, maar ons kan nie toelaat dat mense versuim om mee te ding nie.

"Ons kan nie toelaat dat die mense wat staan en toekyk, aanvalle doen op die mense wat optree nie," sê Deng. "Die mark-ekonomie is 'n slagveld. Ons kan nie 'n generaal doodskiet vir onbelangrike gebreke nie." Politieke waarnemers sê dis insiggewend dat Deng se stellings eerste gerapporteer is in *Bevryding*, wat in Shanghai uitgegee word, en nie in die nasionale media nie. Dit kan daarop dui dat Deng nog nie volle beheer oor die sentrale regering se propaganda-masjinerie het nie.

*Bevryding* tree al as voorstander van Deng se beleid op sedert sy hervormingsveldtog begin het met 'n toer deur Suid-China in Januarie en Februarie.

Die artikel in *Bevryding* het saamgeval met 'n berig in die *Volksdagblad* wat beweer het daar is geen faksiegevegte onder die Chinese leiers nie. Vir Westerse waarnemers is dit 'n teken dat die magstryd tussen die konserwatiewe en die hervormers in werklikheid besig kan wees om te verskerp. - AFP



Polisiemanne vorm 'n kordon om Rusland se Grondwetlike Hof in Moskou waar 'n paar honderd Kommuniste dié week betoog het teen die begin van die verhoor waarin die historiese wettigheid van die nou verbode Kommunisteparty bepaal sal word. Kommuniste vrees 'n "Nuremberg-verhoor" en 'n heksejag teen hulle. Die verhoor gaan egter nie oor individue nie, maar net oor die party, wat daarvan beskuldig word dat dit 75 jaar lank as 'n soort "staat binne 'n staat" opgetree het. (Foto: AP)

## NUWE BROEIPLEK VIR BIJJOENÊRS

**NEW YORK** - Latyns-Amerika, wat 'n golf van private onderneming en buitelandse beleggings beleef, het die laaste jaar die wêreld se vrugbaarste teelaarde vir biljoenêrs geword. Meer as 21 mense uit dié streek - drie keer meer as verlede jaar - verskyn vandeemaand op die saketydskrif *Forbes* se jaarlikse lys van biljoenêrs (mense met bates van meer as 1 000 miljoen dollar).

Die VSA het steeds die meeste biljoenêrs - 101 - en Japan is steeds die tuiste van die rykste mense ter wêreld, sê *Forbes*.

Die wêreld se grootste kollektiewe fortuin - 23,8 biljoen dollar - behoort aan die weduwee en kinders van die Amerikaanse winkelbaas Sam Walton, stigter van die winkelketting Wal-Mart Discount.

In die verlede was dwelms Latyns-Amerika se enkele grootste uitvoerprodukt, maar die opkoms van vryemark-kapitalisme in dié streek het 'n nuwe welvaart gebring, ten minste vir die rykste mense. Die meeste van die vasteland se 450 miljoen mense bly egter arm volgens die VSA se standaarde.

Mexiko neem met 7 biljoenêrs die voortou in Latyns-Amerika se opkoms van superrykes, gevolg deur Brasilië met 5 biljoenêrs, Chili en Colombië met 3 biljoenêrs elk, Argentinië met 2 biljoenêrs, en Venezuela met 1 biljoenêr.

Die grootste fortuin in Latyns-Amerika - 3,8 biljoen dollar - behoort aan Mexiko se Garza Sada-familie, wie se sakebedrywighede strek van staal- en petrochemiese nywerhede tot die brouery wat die biere Dos Equis en Tecate maak.

Die rykste mens op *Forbes* se lys is steeds die Japanner Taikichiro Mori, 88, wat oor bates van sowat 13 biljoen dollar beskik - meestal eiendomme.

Die naasrykste mens ter wêreld is ook 'n Japanner - die nyweraar Yoshiaki Tsutsumi, 58, wie se bates 10 biljoen dollar werd is.

Die rykste mens in die VSA is William Gates, 34, stigter van die Microsoft-korporasie, die wêreld se voorste vervaardiger van rekenaar-sagteware. Gates se fortuin word op 6,4 biljoen dollar geskat. - AFP

## KOUE VULKAAN SE SKULD

**WASHINGTON** - Die uitbarsting verlede jaar van die vulkaan Pinatubo in die Filippyne het stof en chemikalieë in die atmosfeer laat beland wat die aarde se temperatuur met 'n gemiddeld van 0,56 grade C laat daal het.

Dit is die bevinding in 'n verslag wat pas deur die Nasionale Oseaniese en Atmosferiese Administrasie (NOAA) in die VSA uitgereik is. Dié temperatuurdaling is gemeet tussen 16 Junie 1991, toe die vulkaan tot uitbarsting gekom het, en Mei vanjaar.

"Dié verkoeling is ontsaglik. As dit net 'n bietjie vergroot, sal dit in wese gelyk

wees aan die omvang van die verwarming van die planeet oor die afgelope eeu of so," sê Ellsworth Dutton van NOAA se klimaatsmonitering en diagnostiese laboratorium in Boulder, Colorado.

Dutton sê die totale hoeveelheid son-energie wat die aarde se oppervlakte bereik, is verminder deur 'n lagie swaelsuurdruppels wat deur die vulkaan vrygestel is.

Hy sê die grootste deel van die planeet het afgekoel, hoewel sommige gebiede warmer as ander is. In die noordelike halfrond, waar die vulkaan geleë is, het die gemiddelde temperatuur met 0,83 grade C gedaal.

Swaeldioksied het 'n suurlagie tussen 19 en 22 kilometer bo die aardkors veroorsaak, sê Dutton.

Rekenaarmodelle voorspel 'n tydelike afname van 1,1 grad C in die gemiddelde temperatuur van die aarde as gevolg van Pinatubo se uitbarsting.

Die aarde se gemiddelde jaarlikse temperatuur is 15 grade Celsius. - AFP

# pearlie op die langpad

"Do I say man is not made for an active life? Far from it. But there is a great difference between other men's occupations and ours. A glance at theirs will make it clear to you. All day long they do nothing but calculate, contrive, consult how to wring profit out of tuffs, farms and the like. But I entreat you to understand what the administration and nature of the world is, and what place a being endowed with reason holds in it; to consider what you are as a person, and in what your good and evil consists." - Epictetus

## KERK EN VOORVADERGEESTE BY DIE PLEK VAN DIE TROMME

### IN HAAR OMSWERWINGE HET PEARLIE JOUBERT BY TOMBO IN TRANSKEI OPGELAND EN DIE MENSE DAAR SE BIER, SKAAPVLEIS EN RITUEEL MET HULLE GEDEEL

DIE eerste geleentheid is in 'n jeep saam drie vistermanne van Second Beach, Port St Johns. Agter in die voertuig is twee enorme honde en skou-galjoene in 'n plastiekkom. Die bestuurder draai om en sê: "Hulle sal nie byt nie." Dit is nie duidelik of hy van die vis of die honde praat nie.

Dit is vroeg Sondagoggend en almal deel 'n vinnige warm bier. 'n Paar kilometer verder laai hulle my langs die kerk in Port St Johns af. Binne in die kerk verbeel ek my, sing die mense Onward Christian Soldiers. Anderkant die enigste hotel en langs die taxi-staanplek, laai die Rooms-Katolieke priester my op. Agterin die bakkie sit 'n ou man - ook 'n duimgooier - ongeveer 'n dosyn houtbankies en 'n jong meisiekind wat saam met die priester oppad kerk toe is.

Die volgende lift - die keer op 'n grondpad - is saam met Wes-Pondolandse plaaslike hell-driver in 'n vierwiel-aangedrewe bakkie ('n jong man met wilde oë en 'n Lucky Dube T-hemp) wat ook oppad is na Tombo (Plek van die Tromme).

Jy gaan net Tombo toe as jy daar woon of daar verbyry op pad na Bulawu, tussen die Mtonga- en die Mnenu-riviere, waar die vis glo heeljaar dik loop. Tombo is ook nie 'n dorp nie. Dit is 'n heuwelagtige landskap met klossies hutte en bokke en maer honde langs die voetpaaie. En saans in die pikstikdonkerte stap seuns tussen die heuwels rond en sing, en ou mans en vroue sit voor hul vure en luister wat hul bure op die volgende heuwel om hul vure praat. Daar is nie elektrisiteit in Tombo nie, geen teerpad nie, geen winkels nie en agter elke hut groei 'n paar piesangbome.

**DIE HELL-DRIVER HOU** stil en ek klim af. "Go well honey," skree hy met 'n Amerikaanse aksent. Ek stap die laaste entjie. Met een van die voetpaadjies verby die skool, verby kleihutte, 'n heuwel op en af en weer op en af en êrens begin die tromme slaan en mense sing.

Daar word geglo dat mens in swaar en



Die danser van Tabankulu

moeilike tye - en wanneer dit goed gaan - een keer in 'n bloumaan iets vir jou voorouers moet doen. Dankie moet sê, hul raad moet vra en respek aan hulle moet betoon, veral in moeilik tye wanneer 'n

mens die behoefte het aan raad en bystand van die wyses en gryses, slimmes en dooies wat reeds deur die moeilike en swaar tye gelewe het. Dis by dié geleentheid dat die sangomas hul medisynes, muti's en

kruid gebruik om die ou Makhulu's en oupa's se rugpyne en skete te genees. Of sommer net te troos as jy 'n gebreekte hart het, of slegte geeste kan verdryf, sodat jy weer kan dans in die hardgetrapde stof-agterplaas.

Dié Sondag het inwoners van die distrikte Cacuba, Gweleni, Ebulawu, Mafini, Encobo en Thabankulu hul eer en respek aan hul voorouers betoon. En aan God, want van die mense is Zioniste.

Saterdag is die Cawe Yasamo i-kandlen (Die Kerk van die Kerse) gehou. By dié geleentheid word 'n wit doek teen die muur gehang en verskillende kleure kerse gebrand. Op die tafel word allerlei lekkers en vrugte neergesit en deur die geëet en gesingery deur hou eerv AM Xobo kerk.

**XOBO IS 'N MAN WAT IN GOD** glo, maar ook 'n sterk aanvoeling en band met sy voorouers het omdat meer lede van sy voorouers sangomas as God-mense was.

Die Cawe Yasamo i-kandlen-fee, ter ering van die voorouers, is gehou omdat John en Vuyiswa Charlie en hul huisgesin slegte tye beleef en hulle hul voorouers se bystand en raad benodig het.

Tydens die kerkdiens sit diegene wat die kerkdiens gereël het geld in 'n piering. Hulle moet dan vir die priester en ander mense sê wat hul probleme is en hul wense vir die toekoms uitspreek.

John en Vuyiswa het gevra vir vrede, voorspoed en 'n verstandhouding tussen alle mense.

Hulle word dan deur die eervaarde geseën en verlaat die kamer. Die ander (sowat 60 mense) in die vertrek gaan aan met hul kerkdiens - hulle sing en klap hande tot vroegoggend wanneer die son opkom. In dié tyd kan die mense ook vir Xobo van hul skete vertel, want dié man is ook medisyneman (maar nie sangoma nie). Hy kan wel van slegte invloede ontslae raak en die mense met goedheid vervul.

**AAN DIE EEN KANT VAN** die werf brand groot vure en staan ses groot, swart driepootpottē





AM Xobo (met die tiervel-mantel aan) en sy vrou tydens die danse ter ere van hul god

en kook. Agter die hoenderhokke en tussen die piesangbome lê 'n vasgebinde skaap wat later geslag gaan word.

Teen halfses die oggend kry almal wat nog wakker is, warm potbrood en ander soetgoed. Die ouer vroue en mans gaan dan slaap en die jongeres hou steeds aan. Intussen kook die vroue van die omgewing stampmielies, boontjies en vleis vir al die gaste.

Vuyiswa sê die meeste van die mense op die werf is Zioniste, en dat daar effense spanning is tussen die God-mense en dié wat 'n noue verbintenis met hul voorgeslagte het. Uit die Tabankulu-omgewing het Charlie en sy tromslaner ook die fees kom bywoon. Charlie se pa, Charlie senior, is 'n bekende en gerespekteerde sangoma in die hele Oos- en Wes-Pondoland. Hy is ook 'n medisyne-man wat weet wat om vir ou mans en vroue se seer mae, gebreke harte, onvervulde liefde, kopseer en kanker voor te skryf, vertel die mense.

**TEEN TWAALFUUR DIE MIDDAG** begin die "kompetisie". Eers is Xobo en die Zioniste aan die buurt. Die toeskouers staan in 'n kring om 'n groep van sowat ses dansers. 'n Jong meisie slaan 'n groot beesvel-trom, die dansers blaas fluitjies en almal sing en klap hande. En agter die sirkel sit die ou vroue en wieg die babas en waai met lui hande vlieë en honde en kinders weg.

Dan kry almal kos- opgestapelde hompe warm stampmielies en boontjies en sous. Eers kry die ouer mans en vroue (in dié volgorde) kos, dan die wit gas (dis nou ek) en dan die kinders en laastens die honde.

Na ete is dit Charlie se buurt. Charlie dra klokkies om sy enkels. Hy't lang oogwimpers, 'n haarstuk met lang vlegsels onder sy pet, waarop staan "Girl". Toe Charlie die sirkel binne dans, gaan 'n opgewonde rimpel deur die mense. 'n Jong meisiekind, deel van Xobo se groep Zioniste, begin heen en weer op haar voete wieg. Haar oë raak dof en sy sê sy voel "snaaks". Charlie dans volstruisvoet-

patrone in die stof en die mense begin al hoe harder sing en hande klap. Xobo se vrou, met 'n kopdoek en skouermantel waarop kruise geborduur is, begin al hoe wilder dans. Xobo vat die wiegende jong meisie eenkant toe en praat met haar. "Baie mans én vroue in haar familie was sangomas. Haar voorouers praat met haar vandat Charlie begin dans het. Dit is hoekom sy sleg voel," verduidelik Xobo. Ek kom agter dat die mense in die sirkel kort-kort na Xobo kyk.

Vuyiswa sê later dat die mense vir Xobo dophou om te sien of sy voorouers ook met hom gaan begin praat. Xobo is rusteloos en staan nooit te lank in die sirkel en sing nie.

Rondom die sirkel onder die bome begin die ouer mans, en van die oudste vroue, umgombothi drink - 'n tuisgebroude bier met 'n melkerige kleur wat skop soos 'n Vrystaatse wintermerrie.

Xobo vertel dat hy die spanning tussen sy goddiens en die stemme van sy voorvaders in sy lyf kon voel. Hy sê egter dat die Zioniste nie té veroordelend teenoor die magte van sangomas en voorvadergeeste is nie.

**LATER DIE MIDDAG**, toe almal behalwe die kinders stokflou gedans en ge-umgombothi is, roep Xobo my eenkant. 'n Tolk verduidelik dat Xobo en "die ander mense" besluit het om vir my muti te gee wat my gelukkig sal maak en goeie geluk sal bring. Met die wete dat ek een van die dae teruggaan Johannesburg toe, stem ek natuurlik in.

Xobo haal agt armbande met gekleurde krale aan die een kant uit sy sak. Ons gaan sit plat op die grond en hy hou my hande in syne. Hy sit drie armbande om my arm en rol dit om en om. Dan haal hy 'n blikkie en 'n kwassie, wat lyk of dit van perdehare gemaak is, uit 'n sakkie en smeer 'n swart salf met 'n baie skerp kamfer-reuk aan die drie armbande. Hy prewel die heelyd onverstaanbaar voort. Dan sit hy die vyf ander armbande bo-op die drie, herhaal die proses al prewelend en sit dit aan my arm. Die agt armbande word om en om gedraai. Buite, in 'n sirkel, sing die mense en klap hande.

Iemand lag en sê: "Ngoko uzakuba inkazana evuyile ye mpondo" (Jy is nou 'n gelukkige Pondo-meisie).

**LATER SAK DIE SON** in Bolandse herfskleure oor die heuwels. Die skaap is besig om te braai en die mense van ver is op pad huis toe. Die vroue bind die tromme om hul nekke vas en stap singend oor die werf uit na die pad sowat 700 meter verder. In 'n lang tou dans almal tot by die kruising tussen die pad en die voetpaadjie vanaf die huis. 'n Boere gesoen en gedrukkery volg en die gaste stap die skemerte in.

Terug by die huis drink almal weer umgombothi en wag vir die gaar skaap. Die lekkerste stukke vleis en lewer en niertjies gaan huis toe, die res word saam met nóg stampmielies en boontjies geëet.

Teen nege-uur die aand is die werf doodstil en Vuyiswa blaas die kerse dood. Die hut waarin ek slaap, langs die hoofhut, se deur staan wawyd oop en êrens oor Tombo se heuwels verskiet 'n ster.



Xobo se Zioniste-dansers na afloop van die Kerk van die Kerse

## WEN MET DIE ANC



Bel die "Wen met die ANC" kompetisie en jy kan 'n fantastiese prys wen. Boonop sal die opbrengs van jou oproep meehelp in die stryd om demokrasie.

Een gelukkige persoon wen

**R1 000 KONTANT,**

wat tydens 'n spesiale middagete deur STEVE TSHWETE oorhandig sal word.

Wen een van

**150 T-HEMDE,**

**PERSOONLIK GETEKEN DEUR DIE ANC LEIERSKAP.**

'n Verdere 850 ANC T-HEMDE moet ook gewen word! Om te kwalifiseer as 'n wenner, bel net die nommer hieronder, en los jou naam en adres en jou eie boodskap van solidariteit. Alle wenners se name sal in die ANC se maandelikse tydskrif, MAYIBUYE, gepubliseer word.

Bel

**087 30 00709**

Oproepe kos R5,97 per minuut. Gemiddelde duur van oproep is 2,5 minute.

PHONE MEDIA 402-1580

COLUMN AN150053

# MEETING MR EICHMAN

I am God's greatest servant. All of these vanishing years I have taken the discarded, the exhausted and the crippled to Knock and back. Knock, the gateway to Heaven and Ireland, Knock, where the virgin appeared all dressed up and on the side of a bloody mountain. Knock and ye shall be released.

I turned seventy last summer, I am in the prime of my life, I am stronger now. The summer began with a tour of all the important religious healing points in Ireland with a group of twelve women, mostly widows. The summer ended with me digging up the elephant that has been on my mind for forty years. I sliced through layers of bog to get at the carcass, careful not to disturb the delicate bog flowers. It was a dry morning and a clear light helped me to guide the spade. A fine soil spray settled on my teeth.

It is a recurring dream: I am Hitler's batman, and I spend my days moving in his shadow. In my dream we spend all our time in the bunker, never seeing the day. I move up and down in the corridors, always turning sideways to let someone pass. The walls are stone cold against my back. Eichman passes me by, he is a busy man, I draw my breath in to say something to him but it cannot come out.

**I AM DIGGING UP** the elephant to find the fatal bullet. The animal had escaped from Drummond's circus and came hurtling through our back garden. It came to a standstill in front of the outside toilet wherein my father was composing the new Irish national anthem. The elephant trumpeted, my father emerged with his braces dangling and his gun cocked, and blew the life out of the animal. The elephant's trainer, an American wearing only a tiger-skin loincloth, fell on top of the gray mass weeping and muttering something about pirouettes.



Pirouettes my arse.

I am digging up the elephant to find the fatal bullet, life's like that sometimes, you can just find yourself digging up a well-preserved circus elephant one day. I am digging, Christ I dug that day. I see that the skin is torn here at the front of the head. I've never been one for violence myself. Still, pull back the flap of skin and there there. Mammy I found it sing song, Mammy Mammy here it is. Here's the dead soldier, what did he do to deserve it. I understood it all that night many years ago, looking out of my bedroom window into the back garden, a soldier on his knees and my father whispering to him to say his prayers. Standing over him with a gun in his hand he was, whispering.

In my dream I cannot help but notice the veins in Eichman's hands. They stick up and curl into funny shapes. My soldier boy, my soldier blue, I am stuck down here

in the bunker with you. My mouth is full of words for you Mr Eichman and I must look like a silly fish opening and closing my gob with no words coming out. I learnt sentences here with you soldier.

I'm rolling the bullet round and round in the palm of my hand, wondering. I'll have a cup of tea and feed my chickens. That will help me wonder. The soil I've been digging has inched its way onto the roof of my mouth and into the deep gulleys on my face. Better clean myself up before I take the ladies to Knock. They mightn't like the look of me today and they'll go with that tinker in the next town. They have always been taken in by his cure for shingles and the square inch of Padre Pio's sleeve that he keeps in a box in his parlour. I've never laid a hand on one of my ladies, but if you've got the cure they will take their clothes off for you by the newtime.

Though I was tempted the last

time we were at Lough Derg, I was tempted by the way Mrs Murphy's skirt flew up around her waist and she labouring under one of the stations of the cross. Lord between us and all harm, I was tempted.

Give me the cue my soldier blue, And here's what I'll say to you: I've got the pox, and in the box Three spoons and a picture of you.

**WHO'S THAT** ringing the bell, Oh Mrs Murphy, I shout, give me a minute will you, I'm just changing my knickers. I mean, I'm arranging the flickers. Watch yourself now my boy, thinking you are a step ahead of everyone else. Three years in America and all the letters home, palm trees and good suits, all the time you were a doorman at a dingy hotel.

- Might I stay, sir

- I'll frighten you away, sir,

But just when you've got that look from them, suddenly, as if always,

- right this way, sir.

And you tell yourself that you left because of an ill-fitting suit. But you ran out of lines, you ran out of sentences never mind words, in a bad suit and a shiny fez. Give them a bit of the old Irish routine, half smile and a remark about the weather.

- Where did that weather come from d'you think?

**IN MY DREAM** I can feel the bombs exploding nearby and everyone is panicked except Eichman. He appears at the end of a long corridor and walks towards me. This time I'll not stand sideways I tell myself, and I stand my ground. My bulky frame prevents him from passing.

- Grand day for it Mr Eichman, I say.

- For what? says he irritably.

And with the perspiration trickling down my back I reply,

- For the human race Mr Eichman, for the human race.

I stand aside.

by Maggie Davey

# 'N RIVIER OP PAD NA die oseaan van vryheid

## DEMANDING THE IMPOSSIBLE

A History of Anarchism

By Peter Marshall

HarperCollins Publishers, 1992 (R130)

## RYK HATTINGH

**ANARGISTE**, meer as die meeste ander mense, is die slagoffers van die tirannie van betekenisgewing deur die heersers. Enigiets wat op wanorde, wetteloosheid en chaos dui, word gretig deur segspersone van regerings en ander agente van die Staat opgeraap en as "anargie" bestempel. "Wanorde", "chaos" en "anargie" het sinonieme geword; en 'n "anargis" 'n persoon wat chaos bo vrede verkies.

Maar dis nie moeilik om in te sien hoekom die heersers anargiste as destruktiewe fanatici brandmerk nie, want hulle bevraagteken die grondslag waarop die heersers se mag berus. En almal weet tog heersers hou nie daarvan om as oorbodig bestempel te word nie.

In wese sê die anargis: State en regerings, daardie instellings wat veronderstel is om ongeregtheid te voorkom en toe te sien dat almal gelyke regte geniet, het in der waarheid net verdrukking en ongelykheid bevorder. Die staat, met sy uitgebreide masjinerie om die wet af te dwing - howe, tronke, weermagte, polisiemagte - bied nie die oplossing tot sosiale wanorde nie, maar is die fundamentele oorsaak daarvan.

Die anargis gaan verder en sê 'n samelewing sonder leiers (Grieks: anargis = sonder leier) sal nie in 'n staat van onbeheersde chaos verval nie, dit sal eerder lei tot die wenslikste vorm van geordende menslike bestaan, Anargie.

Nêrens in dié lywige geskiedenis van die anargisme probeer Marshall om dié denkrigting in 'n netjiese definisie saam te vat nie, want Anargisme is wesenlik 'n anti-dogmatiese en verwikkelde filosofie wat, soos 'n rivier sê hy, vele strominge, draaikolke en versnellings het; 'n rivier wat ewigdurend verander en aangevul word op pad na die oseaan van vryheid. En hoewel daar talle strominge binne die anargisme is, deel almal dieselfde basiese uitgangspunte. Alle ware anargiste verwerp die bestaansreg van eksterne regerings en die Staat. Alle anargiste verwerp politieke gesag, hiërargie en oorheersing. Anargiste streef na 'n gedentraliseerde en selfregulerende samelewing wat uit 'n federasie van vrywillige assosiasies van vrye en gelyke individue bestaan. Die uiteindelijke doel van die anargisme is om 'n vrye samelewing van selfregerende gemeenskappe te ontwikkel waarbinne mense vry is om hul vryheid na te streef, hul menslike potensiaal ten volle uit te leef. Dieselfde oogmerke wat politici so

gretig van die podiums af verkondig.

**SOEK 'N MENS** na die oorsprong van die anargisme, die bron waar die water nog glashelder is, moet jy noodwendig by die Taoïste gaan draai. En dan is die kans goed dat jy in 'n lang tou sal moet staan, want die Tao (weg) na dié fontein is die laaste paar jaar deeglik uitgetrap. Nie net deur diegene wat die oorsprong van die anargisme wil naspeur nie, maar die kwantumfisici, sosiale ekoloë, organiese landboukundiges, Groenes van alle skakerings - al die agente van die sogenaamde nuwe paradigma - het in die onlangse geskiedenis die Tao besoek en onwetend daartoe bygedra dat die rivier 'n effense stroomversnelling ingegaan het en nie êrens deur die departement van waterwese (tydelik) in 'n staatsdam opgevang is nie.

Marshall beskou Lao Tse, gebore 604 vC, as die eerste anargis en sy *Tao Te Ching* as die eerste anargistiese manifes. Want in die *Tao Te Ching* is die grondbeginsels van die anargisme vervat: private eiendom is diefstal; ongelyke verdeling is die oorsaak van oorlog; 'n klaslose samelewing sonder patriargie, hiërargie en regering wat in ooreenstemming met die natuur leef, is die enigste weg na vryheid en harmonie. Lao Tse het ook gesê hoe groter die individualiteit en verskeidenheid, hoe groter die algehele harmonie. Iets wat deesdae toenemend deur die moderne ekoloë en ander besorgdes geopper word.

Die vrywillige armoede, deernisvolle weerloosheid, liefde en lewensvreugde van die Taoïste en Boeddhistes, veral die Zen-mense, bied volgens Marshall 'n grondige morele basis tot 'n vrye samelewing en is 'n belangrike bron van anargistiese denke. Dit is insiggewend dat Marshall die oorsprong van die Taoïstiese denke êrens in die matriargale verlede gaan soek - vandaar die klem op samewerking en behulpsaamheid, in teenstelling met die vaders se wanopvatting van wedywering, kompetisie en die oorlewing van die sterkste.


**WAT IN DIE OOSTE** begin het, het later na die Midde-Ooste en uiteindelik die Weste uitgebrei. Die vroeë Christene - dis nou voor die moderne kerk, in William Blake se woorde, "Crucified Christ with the Head Downwards" - het ook 'n hoeksteen of twee vir die anargisme gelê. Want sy aan sy met die libertynse neiging in die Christendom, was daar ook 'n kommunale een. Jesus se vrywillige armoede, sy aanval op rykdom en sy onbaatsugtige verdeling van die brood en visse het talle vroeë Christene aangespoor om 'n vorm van kommunisme na te streef (Hand. 2:44-5 & 4:32).

Marshall sê: "Since government is organized violence *par excellence*, a genuine reading of the Sermon on the Mount must logically lead to the rejection of all earthly government." Onward Christian soldiers?

Die vroeë kerkvaders, anders as vandag, kon nog aanspraak maak op helderheid. In die 4e eeu sê Ambrosius (Peter Kropotkin sou so vyftien eue later min of meer dieselfde sê): "Die natuur het 'n gemeenskaplike reg aan almal gegee, maar hebsug het dit die reg van 'n paar gemaak. In ooreenstemming met die wil van God en die eenheid van die natuur, is ons veronderstel om mekaar van hulp te wees."

William Godwin, vandag algemeen beskou as die vader van die anargisme, het sy idee van "toelaatbare diefstal" ook op 'n onwaarskynlike plek gaan haal, naamlik by die 13e eeuse kerkvader Thomas Aquinas. Aquinas het gesê individuele rykdom is nie 'n onvervreembare reg nie: as jy deur die dood in die gesig gestaar word of as daar geen ander uitweg is nie, is dit toelaatbaar om te vat wat ander nodig. Die Christendom, vandag so knus by die staat ingehak, se bydrae tot die anargisme moenie onderskat word nie.

**TEEN DIE 19E** eeu, met die opkoms van die moderne staat, begin die rivier sterker vloei en kan 'n mens van 'n anargistiese beweging begin praat. Dit was in dié tyd dat Pierre-Joseph Proudhon homself doelbewus 'n anargis genoem het. Die charismatiese Russiese revolusionêr, Michael Bakunin, het die begrip "anargie" deur middel van sy "kollektiwisme" begin populariseer en identiteit aan die beweging gegee. Sy landgenoot Peter Kropotkin, met sy grondige wetenskaplike kennis, het Bakunin se kollektiwisme verfyn en 'n kommunistiese geurtjie daaraan verleen. En daarna het talle bekendes óf in die rivier gesprong óf van die oewer af hulle straaltjies bygedra óf bloot hul bekertjies daar gaan vul. Tolstoy, Gandhi, Emma Goldman. Sedert die sestigerjare van dié eeu het die New Left, die kontra-kultuur, die vredes-, feministiese en Groenbewegings algar sentrale temas by die anargiste geleen, oorgeneem of sommer heeltemal geskaak.



*Demanding the Impossible* is 'n monumentale werk wat onmoontlik nie in dié ruimte bespreek kan word nie. Maar enigiemand wat in vryheid belangstel, wat glo dat die oorheersing van een groep deur 'n ander nie in ooreenstemming met die natuur is nie, móét die boek lees. (As jy dit nie kan bekostig nie, bied die kerkvader Aquinas dalk die uitweg.)


Marshall stel dit duidelik aan die einde: anargisme is nie 'n naïewe, utopiese fantasie van 'n paar onverantwoordelike mense nie. Dit is 'n diepsinnige, komplekse en subtiele denkrigting wat ouer as die Christendom is. Anargiste is positiewe mense want hulle glo aan die selfregulerende aard van die natuur, die inherente goedheid van die mens en die moontlikheid van spontane harmonie binne die gemeenskap. Dinge wat die moderne kapitalistiese staat nie kan verduur nie, want dié gedrog kan alleenlik voortstompel waar daar vervreemding is. En waar daar nie vervreemding is nie, sal die staat en sy donker gesante alles in sy vermoë doen om dit teweeg te bring. Al behels dit die gebruik van die woord "anargie" om die wanorde en bloedvergieting van die staat mee te beskryf.

'n Mens kan nie anders nie as om saam te stem met Blake wanneer hy sê: "When the Reverence of Government is lost, it is better than when it is found."

SHELDONS  
DIE B<sup>O</sup>EKWINKEL MET DIE  
K<sup>O</sup>FFIEWINKEL

Eastgate, Ingang 5

# jou laaste kans



VWB se verkoopprijs styg volgende week weens hoër druk-en verspreidingskoste na R3,00 (BTW ingesluit)

Maar toemaar, dit hoef nie te beteken dat jy R3,20 ekstra 'n maand hoef te bestee om werklik ingelig en geprikkel te word nie. Vir die volgende twee weke kan jy nog op VWB inteken teen die ou prys van R110 per jaar en R60 vir ses maande (BTW en aflewering ingesluit) en VWB op 'n Vrydagoggend by jou huis afgelewer kry. Dan hoef jy somer ook nie meer op 'n Vrydag na die ding te gaan soek nie.


En hier is nog 'n rede waarom jy nou dadelik 'n tjek of poswissel vir R110 moet aanstuur: As jy binne die volgende twee weke vir 'n jaar inteken, stuur ons vir jou 'n gratis **VWB-T-Hemp**, of jy kan kies om die toonaangewende publikasie, die **Vrye Weekblad/Sowetan Quarterly State of the Nation Report**, vir 'n jaar lank te ontvang. Dié blad is nie te koop nie en word net aan 'n uitgesoekte groep meningsvormers gestuur.

**Ons doen huisaflewering op die volgende plekke:** Die PWV-gebied, wat insluit Johannesburg, Pretoria, Verwoerdburg, Midrand, Sandton, Randburg, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Florida, Germiston, Alberton, Bedfordview, Kemptonpark, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan, Vereeniging en Vanderbijlpark. In Transvaal is ons ook beskikbaar in die sentrale dele van Witbank en Nelpruit, en in die Vrystaat ook in sekere dele van Bloemfontein. In die Kaapse Skiereiland lewer ons af in Woodstock, Rosebank, Observatory, Mowbray, Claremont, Newlands, Bishopscourt, Wynberg, Kenilworth, Constantia, Tuine, Oranjezicht, Vredehoek, Higgovale en Bellville (slegs sekere dele).

VWB word ook in Stellenbosch en Somersetwes afgelewer.

Indien jy twyfel of VWB in jou omgewing afgelewer word, moenie huiwer om vir Lille van der Walt by (011) 836-2151 te kontak nie.

En as jy buite een van dié streke val, stuur ons VWB teen dieselfde koste per pos aan. Vul dié vorm vandag nog in en stuur saam met jou tjek of poswissel aan: VWB Verspreiding (Laaste Kans), Posbus 177, Newtown, 2113.



Stuur VWB vir my per pos/tuisaflewering aan vir

- 1 jaar                       Ek wil 'n gratis T-hemp hê  
 6 maande                       Ek wil die State of the Nation Report ontvang

Naam.....

Adres (aflewering) .....

Adres (korrespondensie) .....

.....Poskode.....

Telefoonnommer .....

# LOU REED: PYN

GETEMPER DEUR

**OP 48 HET LOU REED PAS EEN VAN SY BESTE ALBUMS UITGEREIK: *MAGIC & LOSS*, EN SY BUNDEL VERSAMELDE LIRIEKE, *BETWEEN THOUGHT AND EXPRESSION*, IS VERLEDE MAAND GEPUBLISEER. VIR IEMAND MET 'N REPUTASIE VIR DEKADENSIE WAT TERUGSTREK TOT BY DIE SESTIGERJARE HET LOU REED TEEN ALLE VERWAGTING IN BRILJANT OORLEEF, SKRYF PIETER UYS**

**LOU REED** - voorste sanger van verval, lirieskrywer-digter en kitaarspeler - se reusebydrae tot populêre musiek strek nou al oor vier dekades.

Hy is op 2 Maart 1944 in Long Island, New York gebore en studeer aan die Syracuse Universiteit, waar hy 'n beskermling en bewonderaar word van die digter Delmore "In Dreams Begin Responsibilities" Schwartz.

Reed het vroeg al berug geword vir sy persoonlike dekadensie en sy obsessie met verval, sy kwasterige persoonlikheid en self-destruktiewe neigings. Deesdae egter, en toenemend sedert die laat tagtigerjare en die tydperk wat sy laaste drie albums omvat, het 'n nuwe kant van sy persoonlikheid na vore gekom. 'n Menslike Lou Reed, wat sake soos verlies en berou aanroer in sy lirieke, wat al hoe meer betrokke kommentaar lewer - anders as die koue afsydigheid wat sy vroeëre werk kenmerk.

Rock 'n roll het Reed as kind al begeester. Sy eerste plaat het hy op 14 jaar gekoop en hy sê: "Rock 'n roll changed my life. You know, I can listen to a favourite record of 20 years ago, and the music still has that effect on me."

In 1967 het Velvet Underground soos 'n komeet op die New Yorkse musiektooneel verskyn. Dié groep - deel van Andy Warhol se Exploding Plastic Inevitable Revue - het bestaan uit Reed (kitaar, "Ostrich"-kitaar en stem), John Cale (elektriese altviool, klavier, baskitaar), Maureen Tucker (tromme), Sterling Morrison (ritme-kitaar, baskitaar) en Nico (die blonde Berlyner van La Dolce Vita-faam) as "chanteuse".

**DIE LEGENDARIESE** Warhol het as katalisator opgetree deur aan hulle 'n regmatige status as ernstige rock-kunstenaars te gee in sy Pop Art milieu. Terwyl hulle tydgenote vasgevang was in die hippie-droom, het die Velvets die een vernuwende album ná die ander voortgebring met temas soos dwelmgebruik, waansin, selfmoord, transvestisme en sado-masochisme. 'n Miskien ietwat romantiese, maar altyd boeiende dokumentêr van die New Yorkse demi-monde.

Die klank was ook besonder - 12-snaar kitaar, feedback, melancholiese stemme, dissonansie - vreemd opwindend, soms vloeiend, soms chaoties. Geen wonder die radiostasies het dit vermy en die Velvets het tydens hul bestaan nooit meer as 'n New Yorkse kultusgroep gebly nie. Niemand sou toe kon sê dat hul oeuvre oor die volgende vier dekades so 'n belangrike invloed sou hê nie. Veral die debuutplaat, met Andy Warhol se kenmerkende piesang op die omslag, word beskou as 'n enorme invloed deur van die beste rock-kunstenaars van die laaste twee dekades.

David Antim van Art News het die Velvets se optrede destyds só beskryf: "Nico, astonishing - the macabre face - so beautiful - resembles a memento mori, the marvellous death-like voice coming from the lovely blonde head". Volgens die rock-kritikus Paul Nelson sou Lou Reed se werk met die Velvets hom 'n ereplek in die annale van popmusiek verseker het selfs al sou hy daarna nooit weer 'n plaat maak het nie. Velvet Underground het ná vier grootse albums in 1970 ontbind.

**DIE PERS HET** Reed al in die sestigerjare die "King Freak of New York" gedoop; 'n reputasie waaraan hy getrou gebly het in sy eerste solo-uitreikings. Hy is ook die "Groot Wit Hoop" genoem, maar gelukkig was die beskrywing nooit 'n meulsteen soos Springsteen se "Die Toekoms van Rock n roll" nie.

"Walk on the Wild Side", die treffersnit op *Transformer*, was weer eens vol verwysings na transvestiete en dwelmslawe en is gevolglik stief behandel in uitsaaiprogramme. Tog was dit 'n groot treffer wêreldwyd.

*Transformer* (deur David Bowie produce) is gevolg deur die ontstellende Berlin - 'n ondersoek na versteurde lewens in 'n disintegreerende verhouding teen die agtergrond van 'n verskeurde stad en 'n beklemmende tydsgees. Hoewel destyds deur die kritici afgeskiet, word dit vandag as een van sy beste werke beskou.

Reed was in die sewentigerjare baie bedrywig, hoewel die gehalte van dié albums kwaai wissel. Behalwe vir 'n verruklike omslag het die aaklige *Metal Machine Music* geen

musikale verdienste nie. Al Reed se ander plate in die tyd het minstens een snit bevat wat kop en skouers bo sy tydgenote se produkte uitgetroon het. Songs soos "Street Hassle", "Dirt", "Coney Island Baby" en "Billy" word gekenmerk deur intelligente lirieke wat getuig van voortgesette groei sonder verlies van die ou betowering.

Soos sy tydgenoot Marianne Faithfull het Reed uiteindelik sy heroïen-verslawing afgeskud en rustiger begin lewe. Volgens Peter Doggett se nuwe biografie, *Growing Up in Public*, het Reed opgehou om 'n openbare figuur te wees op 14 Februarie 1980, toe hy getrou het met Sylvia Morales. Dit was die begin van 'n tyd van bestendigheid - sonder drank- en dwelmmisbruik en self-destruksie - en van 'n nuwe kreatiewe fase.

Reed se 1982-album, *Blue Mask*, spreek van 'n dieper waarnemingsvermoë en "the joy that is in marriage". Daarna egter, met albums soos *Legendary Hearts* (1983), *New Sensations* (1984) en veral *Mistral* (1986), het die rooi ligte weer begin flikker. Sommige kritici het gemeen Reed se persoonlike geluk het sy kreatiewe vermoëns nadelig beïnvloed.

**EN NET TOE ALMAL** hom wou afskryf, keer hy in 1988 met mening terug. Die album *New York* is 'n meesterstuk van polsende, tierlantynlose rock. Die tema van dood en verlies, wat verder beslag sou kry in sy daaropvolgende albums, het hier begin - byvoorbeeld in die snit "Xmas in February", oor die VIGS-epidemie.

Andy Warhol se dood in 1986 het weer vir Reed en John Cale bymekaar gebring. Tydens die roudiens het hulle besluit op 'n gesamentlike projek oor Warhol se lewe. In 'n opwelling van kreatiwiteit is die *Songs for Drella*-projek voltooi - 'n album en video wat weer die groot hoogtes van die Velvets se bloeityd bereik het.

Oor die album het Reed onlangs vir Jim Macnie van Cream gesê: "There should be a whole section of CDs called Biorock, that introduces famous people to you through the medium of song." Die vyftien snitte omvat 'n wye reeks emosies in 'n baie persoonlike konteks waar Reed oor sy gevoelens vir Warhol sing. In die pragtige "Hello, It's Me" bely Reed: "I wish that I talked to you more when you were alive/ I really miss you, I really miss your mind".

Die liriek is een van 88 in *Between Thought and Expression: Selected Lyrics of Lou Reed*. Lirieke wat sonder inspanning in gedigte verander, in 'n vloeiende belydenis wat strek van die Velvet Underground-dae tot vandag. Soos Reed dit aan Q Magazine stel: "From day one, it was adult oriented material, avoiding slang that would date. In the '60s I didn't want to use slang terms like 'dig it' and then be faced with it 20 years later. The most you get is a couple of 'hey man's'. In *Heroin* I made up my own slang - so that the song wouldn't be tied to a particular time period".

*Between Thought and Expression* bevat ook onderhoude met Vaclav Havel en Hubert Selby, die skrywer van *Last Exit to Brooklyn*, sowel as 'n outobiografiese gedig "The Bells" en Reed se aantekeninge by sekere van sy songs.

Intussen is nog van sy vriende dood: die lirieskrywer Doc Pomus ("Save The Last Dance For Me", ens) en 'n vrou genaamd Rita. Reed sê in die aantekeninge op sy nuwe album *Magic & Loss*: "Between two Aprils I lost two friends/ Between two Aprils magic and loss". Die album loop persoonlike pyn en verlies trompop en verwerk dit uitstekend - dit bied nuwe perspektiewe en laat mens met 'n gevoel van berusting.

**DIS 'N TREURSANG** sonder selfbejammering, aangedryf deur 'n rou, gestroopte kitaarklank soos op *New York*, terwyl die lirieke sprankel met bitter humor en ongewone insigte wat die kwesbare sy van die voorheen arch-cool lirikus onthul. Reed se vermoë om humor in die ontstellendste situasie te sien, kom na vore in 'n liriek soos "Goodbye Mass": "Isn't this something, you'd say, 'tomorrow I'm smoke'". *Cremation (Ashes to Ashes)* weer, het die pragtigste melodie op die album; dis net Reed wat sulke kuns kan skep uit 'n onderwerp soos verassing!

Die siklus worstel deur skuld, magteloosheid, berou en aanvaarding, alles met 'n onderliggende eerlikheid soos in *No Chances (Regret)*: "I see you in the hospital, your humor is intact/ I'm embarrassed by the strenght I seem to lack". Daar is woede in *Warrior King (Revenge)*, terwyl die onwerklike, nagmerrie-agtige *Harry's Circumcision (Reverie Gone Astray)* herinner aan vroeë Velvets-snitte soos *Lady Godiva's Operation*. Anders as byvoorbeeld *Black Angel Death Song* (van die "banana"-album), het *Magic & Loss* 'n kalmerende effek, soos verwoord in die titelsnit: "You're stuck with yourself/ and a rage that can hurt you/ There's a bit of magic in everything/ And then some loss to even things out".

'n Toepaslike tema vir ons tyd en ons generasie wat al hoe meer blootgestel word aan verlies, aan jongmense wat sterf voor hul tyd. En dis verblydend dat dié woorde uit Lou Reed se mond moet kom - wie sou kon dink dat hy, die verslaggewer van verval en dekadensie, sou oorleef om boonop 'n noodsaaklike literêre en musikale bydrae te lewer hier naby die einde van die eeu.

# HET TRANSVAAL DIE GUTS OM TE VERLOOR?


Vra **TIM SANDHAM** in dié week se Sportrubriek



